

HOOFSTUK 3 – EKSEGESE

3.1 HOSEA 2 : 4-25 [2 : 1-22]

Samestelling en struktuur van die boek Hosea

Daar bestaan redelike eenstemmigheid oor die hoofverdeling van die boek as of 'n tweedeling (1-3 en 4-14)¹⁶², of 'n driedeling (1-3, 4-11, 12-14)¹⁶³. Wyrtzen¹⁶⁴ verdeel die eerste hoofdeel in drie dele, Stuart¹⁶⁵ werk net met perikope, en Beeby¹⁶⁶ verdeel die tweede hoofdeel in twee dele. Oor hoofstukke 1-3 is daar feitlik geen meningsverskil nie. Mays som die problematiek van 4-14 raak op as hy sê: "Here the collector is working simply to arrange the rest of the material available to him and he is using common themes and catchwords to organize it." (Mays 1969:15).

Pogings tot onderverdeling:

Wolff¹⁶⁷ verdeel 4-14 in die volgende versamelings:

| | |
|------------|---|
| 4:1-5:7 | die kultus uit die laaste jare van Jerobeam II |
| 5:8-9:10 | uit die tyd van die Siro-Efraimitiese Oorlog en kort daarna |
| 9:11-12:15 | uit die stil periode voor en na Salmaneser V se troonbestyging in 727vC |
| 13:1-14:1 | koning Hosea is reeds gevang |
| 14:2-9 | kort voor die val van Samaria |

Hubbard¹⁶⁸ onderskei op grond van onderwerpe die volgende

¹⁶² Vgl bv Laetsch 1956:XIII; Frey 1961:VI-XIII; Rudolph 1966:26; Mays 1969:15; Andersen en Freedman 1980:57.

¹⁶³ Vgl bv Wolff 1965:XXI; Van Leeuwen 1968:17-19; Deissler 1981:10; Jeremias 1983:18-20; Yee 1987:310; Hubbard 1989:33.

¹⁶⁴ Vgl Wyrtzen 1984:316.

¹⁶⁵ Vgl Stuart 1987:17-19.

¹⁶⁶ Vgl Beeby 1989:47.

¹⁶⁷ Vgl Wolff 1965:XI-XII.

¹⁶⁸ Vgl Hubbard 1989:33-34.

versamelings:

| | |
|---------------------------------------|---|
| 4:1-5:7 | klem op ontrouwheid en dateer uit die laaste jare van Jerobeam II |
| 5:8-7:17 [5:8-7:16] ¹⁶⁹ | politieke omwentelings tydens die Siro-Efraimitiese Oorlog |
| 8:1-9:6 [8:1-9:9] | kultus en koningskap tydens die Assiriese oorheersing |
| 9:10-11:9 [9:10-11:11] | oor historiese gebeurtenisse |

gevolg deur die derde hoofdeel:

| | |
|---------------------|--------------------|
| 11:12-12:1 [12:1-2] | Efraim en Juda nou |
| 12:2-14 [12:3-15] | Jakob toe en nou |
| 13:1-16 [13:1-14:1] | Efraim toe en nou |
| 14:1-8 [14:2-9] | berou en herstel |
| 14:9 [14:10] | slotvermaning |

Vosloo¹⁷⁰ sistematiseer die ooreenkomsste in bogenoemde onderskeie pogings tot 'n vyfdeeling:

| Die ontru van Israel (1:2-3:5) | |
|--------------------------------|--|
| 1:2-9 | die verbrokkeling van Hosea se huwelik |
| 2:1-3 | God se herstel begin by die aartsvadertyd |
| 2:4-17 | die terugwen van die vrou |
| 2:18-25 | die nuwe verhouding begin by die verlowing |

¹⁶⁹ Die Afrikaanse vertaling se numering word deurgaans in kwadraat [] hakies geplaas. Die BHS indeling verskyn sonder hakies.

¹⁷⁰ Vgl Vosloo 1992:246-251.

| | |
|---|--|
| 3:1-5 | die herstel van Hosea se huwelik |
| Die “kennis” van Jahwe ontbreek (4:1-9:9) | |
| 4:1-5:7 | drie regsgedinge |
| 5:8-7:16 | die Siro-Efraimitiese oorlog en daarna |
| 8:1-9:9 | kultus, feeste en ballingskap |
| Die verlore onskuld van Israel se jeug (9:10-11:11) | |
| 9:10-17 | druwe in die woestyn / jong palmboom |
| 10:1-8 | welige wingerdstok |
| 10:9-15 | mak vers |
| 11:1-11 | ’n kind uit slawerny verlos |
| Die hede in die lig van die verlede (12:1-14:1) | |
| 12:1-15 | bedrog teenoor opregtheid |
| 13:1-14:1 | die groot veranderings |
| Jahwe die getroue (14:2-9) | |
| 14:2-4 | skuldbelydenis deur ‘n boetelied |
| 14:5-9 | vergifnis deur ‘n liefdeslied |

Weens die eenstemmigheid oor die eenheid van 1-3 aan die een kant en omstredenheid rondom indelings van 4-14 (sien hierbo)¹⁷¹, volstaan hierdie studie met ’n tweedeling, naamlik 1-3 en 4-14.

3.1.1 Verkenning van die teks (Hosea 2 : 4-25 [2 : 1-22])

Binne die konteks van die eerste deel (hoofstukke 1-3) skets hierdie deel hoedat Jahwe in ‘n regsgeding met sy volk tree, soos blyk uit die **רִבּוֹ** uitspraak in vers 4 en die beoogde strafmaatreëls vanaf vers 5 (naak uittrek, weerhouding van lewensmiddelle en opskorting van die huweliksverhouding),

¹⁷¹ Indelings van 4-14 word hoofsaaklik op inhoudelike oorwegings gemaak.

indien daar nie afstand gedoen word van **גְּנֻונִיהָ** (haar promiskuïteit) nie. Die **הַבִּשָּׁה** (sy het skandalig opgetree) in vers 7 lui die klagstaat in waarin die agternaloop van die “lovers” (**מֵאֲהָבָה**) van Jahwe volgens vers 10, en die feit dat sy van Jahwe vergeet het (**לَا יִדְעָה**) volgens vers 15, as die hoofklagtes uitgesonder word. Die “huweliksbeeld”¹⁷² wat gebruik word in **אִשָּׁה אֲשֶׁתִּי** (vers 4), duい op die intieme verbintenis wat eens bestaan het. Die versorging deur middel van lewensmiddelle staan voorop. Dit is juis hierdie versorging wat verkeerdelik deur Israel aan die Baäls toegedig is. Vers 18 (**בַּיּוֹם הַהוּא**), 20 (**בַּיּוֹם הַהוּא**) en 23 (**בַּיּוֹם הַהוּא**) neem die **כִּיּוֹם** van vers 17 op sodat 18-25 in geheel ‘n naderverklaring van die “nuwe-Eksodus” bied.

3.1.2 Afbakening van die teks

Die perikoop 2:1-3 is ‘n heilsprofesie, ingelei deur die **וְהִיא** (nogtans sal dit wees) uitspraak en afgesluit met ‘n sinspeling op die kinders van Hosea se name. Die sinspeling sluit na vers 3 af.

Hosea 2:4-25 kan as ‘n tematiese eenheid gesien word en as Godspraak met as opskrif *Owerspel en nuwe Huwelik*, dog die eenheid kan vanweë die formele aanduiders , naamlik **רַיְבָּו** (twis) in vers 4, **לְכֹךְ הַנָּהָר** (daarom, kyk!) in vers 16, en

¹⁷² Vgl Ekskursus 1 hieronder.

וְהִיא בַיּוֹם הַהוּא (en op dié dag!) in vers 18, in drie sub-eenhede verdeel word, naamlik 2:4-15, 2:16-17 en 2:18-25 (vgl Brueggeman 1968: 110-118; Jeremias 1983:38,46-48; Van Leeuwen 1984: 52,65)¹⁷³. ‘n Volgende perikoop begin by 3:1 waar die inleidings-formule **וַיֹאמֶר יְהוָה** gebruik word.

Die eenheid 2: 4-25 toon ‘n pragtige poëties-gestruktureerde geheel.¹⁷⁴

Aangesien die ondersoek fokus op verhoudingsterme en die “contiguous” verwantskap tussen terme (vgl Louw 1982:64), moet 2:4-25 verder ondersoek word, aangesien die terme **זֶה** (vers 6), **יִדְעָ** (vers 10), **אֶחָב** (verse 12, 14, 15), **צְדָקָה**, **עוֹלָם**, **שְׁכָחָה**, **שׁוֹבֵב** (verse 9, 11), **מִשְׁפָט**, **חֲסִידָה** en **אֶמְוֹנָה** (vers 21) en **רָחוּם** (vers 22) in hoë frekwensie daarin voorkom en struktureel (sien hierbo) aan mekaar verwant is.

3.1.3 Vassetting van die teks

Vers 8-

אֶת-צְדָרֶךְ: Voetnota 8b (BHS) : Ek volg die LXX en Siriese vertalings by voetnota 8b (BHS) deur die suffiks as 3e persoon enkelvoud vroulik te neem (=haar pad).¹⁷⁵

¹⁷³ Ander verdelings wat steun geniet, is 2:4-15 en 2:16-25 (vgl Anderson & Freedman 1980:214-216; Breytenbach 1979:26; Deissler 1981:10); en 2:4-17 en 2:18-25 (vgl Mays 1969:36; Stuart 1987:56; Vosloo 1992:247; Wolff 1965:37).

¹⁷⁴ Vgl 3.1.4.2 hieronder.

Vers 9-

תמצא: Voetnota 9a (BHS) meld dat die LXX en die Siriese vertaling die toevoeging van 'n suffiks hier suggereer. Dit is nie korrek nie aangesien die eerste helfte van vers 9 gekenmerk word deur die stelselmatige verkorting van die objek, totdat die objek by **תמצא** heeltemal ontbreek.¹⁷⁶ Andersen & Freedman (1980:234) noem dit 'n "tendency for progressive shortening".

Vers 10-

וכספ הרבייתי לה זהב עשו לבעל: Voetnota 10a-a (BHS) meld sonder teksgetuienis dat hierdie frase in sy geheel toegevoeg is.

Jeremias (1984:44) en Yee (1987:315) beskou die frase as sekondêr. Daar bestaan egter redelike eenstemmigheid onder kommentatore dat die hele frase nie 'n glos is nie. Sellin (1929:33,36) en Breytenbach (1979:33) beskou die laaste drie woorde (**זהב עשו לבעל**) as 'n glos, terwyl die laaste twee woorde (**עשו לבעל**) deur Wolff (1965:37) en Buss (1969:9) as 'n glos beskou word. Mulder (1962:92), Robinson (1964:11) en Andersen & Freedman (1980:240) tel onder diogene wat die MT handhaaf.

¹⁷⁵ Rudolph (1966:63) verander die suffiks na die derde persoon enkelvoud (=haar pad) en beskou dit as hoorfout.

¹⁷⁶ Vgl Rudolph 1966:63.

Aangesien daar geen tekskritiese aanduidings is dat die teks sekondêr toegevoeg is nie, is die aangewese weg om die MT te handhaaf.

Vers 14-

אתנה: Voetnota 14a (BHS) stel voor dat **אתנה** ('n *hapax legomenon*) met **אתנן** (hoereloon) vervang kan word. Daar is egter geen tekskritiese gronde vir 'n verandering nie. Derhalwe oordeel ek dat die MT gehandhaaf word en met "vergoeding" (hoereloon) vertaal word.

Vers 15-

תקטיר: Voetnota 15a (BHS) stel voor dat die derde persoon enkelvoud vroulik hif'il (hi) van **קטר** (rook laat opgaan / wierookoffers gebring) met 'n pi'el (pi) (**תקטיר**) vervang kan word in aansluiting by die pi'el-vorme by 4:13 en 11:2. Daar word geargumenteer dat **קטר** (hi) gebruik word om die wettige kultus van Jahwe aan te dui, terwyl **קטר** (pi) gebruik word vir afgodsoffers (Van Leeuwen 1984:64-65).¹⁷⁷ Ek oordeel dat die teks nie verander moet word nie, aangesien daar geen tekskritiese redes bestaan nie; daar wel voorbeeld is waar die hif'il wel na afgodsoffers verwys (vgl 1 Kon 11:8 en Jer 48:35); en die oënskynlike dubbelsinnigheid oor die aard van die

¹⁷⁷ Vgl Wolff (1965:37) wat hierdie reël toepas en die werkwoordvorm na pi'el verander. Hiereenoor verwerp Rudolph (1966:64) enige verandering as onnodig.

brandoffers (is dit afgodsoffers of is die offers ter ere van Jahwe?) staan juis in diens van die polemiek (Boshoff 1994:52).

Vers 18-

תְּקַרְאֵי: Voetnotas 18a en b (BHS) volg die LXX, Siriese vertaling en Vulgata wat die tweede persoon enkelvoud vroulik Kal imperfektum van **קָרָא** vervang met die derde persoon. Nota 18a voeg ook ‘n **לִי** by om in lyn met die res van die sin te kom. Daar is ‘n tendens by die LXX om verbale vorms wat verskil te verander sodat hulle ooreenstem. Ek oordeel dat ‘n teksverandering nie hier plaasvind nie (vgl Wolff 1965:56; Rudolph 1966:74).

Vers 22-

אֲתִיחֹהוּת: Voetnota 22a (BHS) meld dat baie Vulgaat manuskripte **כִּי אַנִּי** (want dit is Ek) lees.¹⁷⁸ Ek oordeel dat geen verandering hier plaasvind nie, omdat dit die dubbelsinnigheid van **עַדְיִ**, in die konteks van die verlowings- en huweliksterminologie heeltemal kan verduister (Boshoff 1994:76).

¹⁷⁸ Wolff (1965:57) wys daarop dat dit ‘n interpretasie is vanuit Esegiël se gebruik van die formule.

Vers 23-

אענה: Voetnota 23a (BHS) meld dat die eerste **אענה** ontbreek in die LXX en Siriese vertaling. Ek oordeel egter ten gunste van die behoud daarvan in die MT aangesien dit Jahwe uitbeeld as die alleroorsaak van die kettingreaksie wat volg en as die gewer van die reën en vrugbaarheid (vgl Breytenbach 1979:47).

Vers 25-

וָזֶרֶתְנִיָּה: Voetnota 25a (BHS) stel voor dat die vroulike suffiks moontlik manlik kan wees. Geen teksverandering is egter hier nodig nie, aangesien daar geen tekstuele ondersteuning is nie en aangesien dit die seksuele verwysing verdoesel (vgl Andersen & Freedman 1980:288).

3.1.4 Teks ontleding

3.1.4.1 Woord ontleding

Daar word gekonsentreer op verhoudingswoorde wat geselekteer is vir die ondersoek.

Vers 4-

זָנָנִית : selfstandige naamwoord (voortaan snw) manlik (voortaan ml) meervoud (voortaan mv) met suffiks (voortaan suff) 3e persoon (voortaan pers) enkelvoud (voortaan ekv) vroulik (voortaan vl) van **זָנָנִים** (haar teken van promiskuïteit)¹⁷⁹.
נְאָפָפִים snw ml mv, suff 3e pers ekv vl van (haar teken van overspel)¹⁸⁰.

Vers 6-

לֹא אַרְחֶם : pi 'ēl (voortaan pi) imperfektum (voortaan impf) 1e pers ekv van **רָחֵם** saam met **לֹא** (nie omgee nie).
בְּנֵי זָנָנִים : kinders wat tekens is van promiskuïteit (kinders wat gebore word vanuit 'n sedelose verhouding en van wie die vaderskap moeilik bepaal kan word)¹⁸¹.

Vers 7-

זָנָתָה : kal perfektum (voortaan perf) 3e pers ekv vl van **זָנָה** (sy het promiskieus opgetree / as 'n ontrouwe vrou opgetree).
בָּוֶשׁ : hif 'îl (voortaan Hi) perf 3e pers ekv vl van **הַבִּישָׁה** (sy het skaamteloos opgetree).

¹⁷⁹ Die oormatige gebruik van grimering om die oë groter te laat lyk (vgl Jeremias 1983:41).

¹⁸⁰ Die gebruik om tydens die Baälkultus amulette aan die hals te hang om die bose af te weer (vgl Jeremias 1983: 41; Wolff 1965: 33-34)

¹⁸¹ Vgl Ekskursus 1 hieronder.

מֵאֶה בָּי pi partisipium (voortaan part) ml mv met suff 1e pers
ekv van אהב (my minnaars / my “lovers”).

Vers 9-

אֲשִׁיבָה : kal impf 1e pers ekv kohortatief van שׁוֹב (laat ek
terugkeer).

Vers 10-

לֹא יַדְעָה : kal perf 3e pers ekv vl van יִדְעַ (sy het nie erken /
erkennung gee aan wie dit toekom).

Vers 11-

אֲשִׁיב : kal impf 1e pers ekv van שׁוֹב (Ek sal terugkeer).

Vers 12-

לְעַינִי מֵאֶה בָּיה : (voor haar minnaars / voor die oë van die wat
haar liefhet / ten aanskoue van haar “lovers”).

Vers 21-

לעולם¹⁸² : וארשטייך לֵי : pi 1e pers ekv met suff 2e pers ekv vl van **ארש**¹⁸³ (en ek sal my aan jou verloof tot in ewigheid / [ek sal jou vader se laaste besware tov ons huwelik wegneem deur die bedrag te betaal wat hy vereis; ek sal alles doen om jou volkome en ewigdurende kameraadskap te wen]¹⁸⁴).
וארשטייך לֵי בצדק ובמשפט : idem (en ek sal my aan jou verloof in bedagsaamheid en in regverdigheid).
ובחסד וברחמים : en in genade en barmhartigheid / want *Ek sal* genadig teenoor jou wees en vir jou omgee.

Vers 22-

באמונה : וארשטייך לֵי : idem (en ek sal my met jou verloof in betroubaarheid).
VIDUA¹⁸⁵ : kal perf 2e pers ekv vl van ידע (en dan sal jy Jahwe ken / erkenning gee).

¹⁸² **עולם** kom nerens anders in Hosea voor nie.

¹⁸³ Die Pi dui op die einde van die voorhuwelikse status. Dit dui op die betaal van die brudsprys (**מלחר**). Dit neem dus die laaste moontlike beswaar weg wat die vader van die bruid moontlik kon uiter (Wolff 1978:52).

¹⁸⁴ Wolff (1978:52).

¹⁸⁵ Voetnota 22a (BHS) dui aan dat enkele Griekse manuskripte en die Vulgata (dat Ek Jahwe is) lees. Daar is egter geen verandering in die teks nodig nie aangesien die lesing in die teks dui op die wederkerigheid in die verlowing of huweliksterminologie.

Vers 25-

רְחִמָּה אֶת־לֹא רְחִמָּה : pi perf 1e pers ekv van **רְחִמָּה** (en Ek sal my ontferm / omgee vir Geen-Omgee).

Ekskursus 1: Die betekenis van die werkwoord **זָנָה** en die identiteit van Gomer as **אֲשֶׁת זָנוֹנִים** in die boek Hosea:

Die werkwoord **זָנָה** beteken “hoereer”, “hoerery bedryf”, “ontrou wees” (KBL:261) en “promiskieus optree”.¹⁸⁶ In die boek Hosea verwys die woord na Israel se **verbondsontru** aan Jahwe.¹⁸⁷ Die ontrou word metafories met die huweliksbeeld uitgebeeld waar die huwelik tussen die profeet Hosea en sy vrou Gomer (wat as **זָנוֹנִים** **אֲשֶׁת** beskryf word), dien as simboliek vir die ontbindende verhouding tussen Jahwe en Israel.¹⁸⁸

Die presiese betekenis van die begrip **אֲשֶׁת זָנוֹנִים** is omstrede.¹⁸⁹ Boshoff het in sy proefskerif (1994:42-44) uitvoerig aandag gegee aan twee interpretasies vanuit die moderne literatuur oor die betekenis van **אֲשֶׁת זָנוֹנִים**: Eerstens is daar die letterlike interpretasie, die 1933/1953-AV vertaal byvoorbeeld met “hoervrou” en die 1983-AV met “prostituut”. Tweedens is daar verskeie genuanseerde interpretasies wat dit as *metaphores of symbolies* beskou.

Ek is van oordeel dat die huwelik met ‘n *symboliese optrede* verstaan moet word. Die simboliek het saam met die profetiese boodskap gegroeи en sou nie by die huweliksluiting reeds só verstaanbaar gewees het nie. Die simboliek dui daarop dat Israel Jahwe nie eksklusief vereer het nie. Die ontrou verwys na die volk se godsdienslike ontrou jeens Jahwe. Hosea gebruik ’n retoriiese effektiewe metafoor om *sy polemic monolatry*¹⁹⁰ te artikuleer. Sy aanklagte is primêr gerig op ’n manlike gehoor, waaronder die koning en sy politieke en kultiese élite. Die huweliksmetafoor feminiseer die manlike regerende hierargie deur hulle kollektief uit te beeld in die grafiese beeld van

¹⁸⁶ Vgl Andersen & Freedman 1980:156-167.

¹⁸⁷ Vgl Stuart 1987:26-27.

¹⁸⁸ Vgl Boshoff 1994:42.

¹⁸⁹ Vgl Vosloo 1976:159-174; Breytenbach 1979:6-7; Andersen & Freedman 1980:156-167; Kruger 1983a:107-110; Mey 1987:64-66; Bucher 1988:121-154.

¹⁹⁰ Aanbidding van een God met erkenning dat daar ander gode is, dog krities en onverdraagsaam teenoor hulle (vgl Yee 2001:8; Dearman 1992:36; Smith 1990:42-45).

'n promiskieuse vrou.¹⁹¹ Yee (2001:30-32) dui effektief aan hoe Hosea verskeie retoriiese doelwitte deur hierdie feminisering bereik:

Eerstens bereik Hosea 'n radikale verlies aan status vir die élite. Hosea slaan 'n groot bres teen hulle verhewe manlike eer en prestige. Gesien in die lig dat "manlikheid" in die Israelse gemeenskap tipies gedefinieer en superieur geag is teenoor "vroulikheid", "kastreer" Hosea simbolies die élite deur hulle in die "vroulike" posisie te plaas met laere status en mag wat daarmee gepaard gaan (vgl Yee 2001:31).¹⁹² Hosea verskerp hierdie belediging verder deur hierdie "vrou" uit te beeld as 'n seksueel promiskieuse vrou – die mees skandalige individu van die Israelse samelewing wat die grootste skande bring in die wêreld van mans. Ten einde 'n élite groep voor te stel wie "gepenetreer" is deur vreemdelinge, beskryf Hosea 'n "libidinous" vrou wat haar liggaam toelaat om seksueel "gepenetreer" te word deur haar "lovers".¹⁹³

Tweedens gebruik Hosea die huweliksmetafoor theologies om sy *polemic monolatry* te verkondig. In 'n kultuur waar vrouens seksuele trou aan een eggenoot verskuldig is, vereis Hosea die eksklusiwiteit van Israel se verhouding met haar "eggenoot", die een God, Jahwe.¹⁹⁴ Soos vrouens ekonomies en sosiaal afhanklik is van hulle eggenote, so is daar ook magskodes ter sprake in Israel se verhouding met Jahwe. Hosea vereis van die regerende élite om op Jahwe alleen te vertrou, en nie op hulle landbou, buitelandse bondgenootskappe en militêre dapperheid nie.

Derdens roep Hosea se metafoor deur eksklusiwiteit en getrouwheid te beklemtoon, die persoonlike ervarings van die manlike élite op as eggenote en superieure vennote in die huweliksverhoudings, om hulle die diepte van Jahwe se verbondsliefde te leer.¹⁹⁵ 'n Owerspelige vrou en twyfelagtige vaderskap is erg bedreigend vir 'n gemeenskap waar manlike opvatting van nageslag, erflating en eer intiem gekoppel is aan die vaderskap van egte seuns. Hosea beklemtoon retories die geweldige poging wat die Israelse eggenoot moet maak om sy ontroue vrou te vergewe en dan nog haar kinders wat deur 'n vreemde verwek is as sy eie te aanvaar. Tog het Jahwe presies so 'n grootmoedige liefde vir Israel en sy korrupte leierskap.

Die opdrag in Hosea 1:2 dat die profeet met אֲשֶׁת צָוֹנִים 'n moet trou, is dus eers verstaanbaar teen die lig van die redegewende frase wat daarop volg:

¹⁹¹ Vgl Yee 2001:30.

¹⁹² Vgl ook Stone 1997:74-84.

¹⁹³ Vgl Yee 2001:31.

¹⁹⁴ Idem.

¹⁹⁵ Idem.

כִּיְצָה תַּזְנֵה הָאָרֶץ מִאֲחָרֵי יְהוָה (want die land hoereer inderdaad van Jahwe af weg). Ek volg Andersen & Freedman (1980:157-62); Bird (1989:80-89) en Yee (2001:33-34) deur om **אֲשֶׁת זָנוֹנִים** te vertaal met “promiskieuse vrou”. Vroeëre vertalings as “hoer” of “prostituut” het Gomer foutiewelik gesien as ’n gewone prostituut, of as ’n kultiese prostituut wat betrokke was in die Kanaänitiese vrugbaarheidskultus.¹⁹⁶ Alhoewel ’n prostituut gemarginaliseer is in die Israelse samelewing, is sy nog steeds verdra,¹⁹⁷ terwyl ’n ontroue, promiskieuse vrou nie verdra is nie.¹⁹⁸ As gevolg van die bedenklikheid van haar sonde en sosiale oneer, is ’n owerspelige vrou ’n meer effektiewe metafoor om die élite se verbondsontrou uit te beeld.¹⁹⁹

Ekskursus 2: Die betekenis van die bruidsgeskenke in Hosea 2:21-22:

Volgens Fahlgren (1932:78) en Koch (1955:2) beteken **צדק** *getroue uitvoering van pligte in die gemeenskap om diegene in nood te help* (vgl Hos 10:12; Amos 5:7,24; 6:12; Eseg 20:11). Die woord **משפט** dui op ‘n gepaardgaande lewenswyse wat die gemeenskapslewe beveilig deur regverdige regsbeslissings (5:11; 6:5; 10:4; Amos 5:7,24; 6:12; Eseg 20:11)²⁰⁰.

Na diewoordpaar **משפט / צדק** gebruik Hosea drie ander woorde:

חסד (*goedhartige dade wat deur spontane liefde en die getroue nakom van verantwoordelikhede ‘n sin vir gemeenskap stig*)²⁰¹. Dit dra in samehang met **אמונה** in Hosea 2:22 die nuanse van lojaliteit binne die kader van die verbondsrelasie tussen Jahwe en Israel (vgl Ekskursus by Hoofstuk 3.3 hieronder)

רחמים (*liefdevolle sensitiwiteit gegrond op ‘n onvernietigbare gemeenskap wat deur simpatie beweeg na omgee – veral vir diegene in nood*)²⁰².

אמונה (*die goddelike konstantheid en betroubaarheid van die intieme, lewende gemeenskap wat gevvestig is*)²⁰³. Hierdie woord kry besondere klem as die laaste woord van die reeks. Dit kry ook die betekenis van *verbondstrou*. (vgl Ekskursus by Hoofstuk 3.3 hieronder)

¹⁹⁶ Vgl Rowley 1963:79-92, vir meer uitgebreide besprekings.

¹⁹⁷ Vgl Bird 1989:121; Yee 1987:372.

¹⁹⁸ Vgl Yee 2001:34.

¹⁹⁹ Idem.

²⁰⁰ Vgl Koehler 1953:149vv.

²⁰¹ 4:1; 6:4,6; 10:12; 12:7; Gen 20:13; Jer 2:2; Jos 2:12; 1 Sam 15:6; vgl Stoebe (1952:244-54).

²⁰² Vgl Stoebe, ibid.

²⁰³ Quell (1952:233); Weiser (1949:185).

לעוֹלָם in v21a is 'n regsterm vir 'n lewenslange, onveranderlike verbintenis (*commitment*)²⁰⁴. Die woord kom nerens anders in Hosea voor nie en is afwesig in Amos. In Miga 2:9 word dit slegs twee keer in hierdie betekenis gebruik (vgl Wolff 1978:52). Dit kom drie keer by Jesaja voor, waarvan twee (30:8; 9:6 [vgl 32:14]) ook die woord se regsbetekenis herroep²⁰⁵.

Ekskursus 3: Die betekenis van die werkwoord *יעת* in die boek Hosea:

Die woord het talle betekenismoontlikhede binne die konteks van die boek Hosea.²⁰⁶

- Emotiewe betekenis: Dit het dan 'n seksuele konnotasie.²⁰⁷ Hierdie seksuele konnotasie kan in die konteks van huwelik, owerspel, skeiding en versoening nie ongemerk bly nie.²⁰⁸
- Noëtiese / saaklike betekenis: Volgens Botterweck (1980:499) beteken "om Jahwe te ken", "*ein praktisches religiös sittliches Verhältnis*" (vgl Hos 5:4, 6:3). Östborn (1956:105) voeg by dat "A true service of Yahweh requires the 'knowledge of God'. This consists of an inner consciousness of Yahweh's will and an appreciation of spiritual gifts as being of higher value than material ones... If knowledge of God is present, there exists a state of harmony, in history as well as nature, i.e. the Covenant is established".

Volgens die boek Hosea is hierdie intieme kennis van Jahwe, iets wat Jahwe van Israel kon verwag.²⁰⁹ Tog is die beskuldiging teen Israel dat hulle nie eers die basiese dinge oor Jahwe, soos dat Hy vir die lewensnoodsaaklike dinge sorg, geweet het nie.²¹⁰

Die oorsaak vir die onkunde is die priesters se versuim (Hos 4:4-19). Hulle versuim om die **דעת אלhim** (kennis van God) aan die volk oor te dra. Gevolglik sal God hulle vergeet (Hos 4:6). In Hos 4:1 word **דעת אלhim** saam met **אמות חסוד** (lojaliteit / toewyding / verbondenheid) geïdentifiseer as die elemente wat ontbreek by Israel se godsdiens.

²⁰⁴ Vgl Eks 21:6 en Jenni (1952:235-39).

²⁰⁵ Vgl Jenni (1953:13).

²⁰⁶ Wolff (1955:426) identifiseer die volgende betekenismoontlikhede: *wahrnehmende Erfahrung* (Gn 3:7, Nm 24:16, Est 2:11), *lernbares Wissen* (Dt 13:31, Jes 40:14, Spr 30:3), *gehorsame Anerkennung* (1 Sm 2:12, Jes 11:2, Spr 2:5), *technisches Können* (Eks 31:3, 1Kn 7:14, Spr 24:4), *kundige Fürsorge* (Gn 39:6, Ps 31:8, Job 9:21), *geschlechtlichen Verkehr* (Gn 4:1, 5:8, 1Kn 1:4), *göttliche Erwählung* (Gn 18:19, Jr 1:5, Am 3:2).

²⁰⁷ Vgl Botterweck 1980:494.

²⁰⁸ Vgl Boshoff 1994:61.

²⁰⁹ Idem.

²¹⁰ Vgl Kruger 1985:369.

Wolff (1952/53:533-554, 1955:426-431, 1965:84) en Holt (1987:87-103) sien **דעת אלhim** as 'n kognitiewe grootheid wat intellektueel geken moet word om in die regte verhouding met Jahwe te kan staan (vgl Hos 6:6)²¹¹. Baumann (1955:416-425) beskou darenteen die element van 'n verhouding (*Verkehr mit Gott*), as die sentrale element van **דעת אלhim**. McKenzie (1955:22-27) skenk aandag aan die term as tegniese term vir etiese of morele kennis en vertaal dit met “*traditional Hebrew morality, moral integrity*”. Hy vertaal die reeks *covenant virtues* van 4:1 met *fidelity, covenant-love, and moral integrity*. Crotty (1971:1-16) benader die frase **דעת אלhim** vanuit Hosea se gebruik van die Uittog- en Sinaitradisies. Hy assosieer tereg die afwesigheid van Jahwe met die afwesigheid van kennis van God. Uit die tradisies is Israel Jahwe se volk wat Hyself gekies het. Die verbintenis is egter verbreek. Jahwe is **לא איה** (nie meer *Ek is*) vir Israel nie. Die wederkerigheid in die verhouding bestaan nie meer nie.

Samevatting:

Die woord **ידע** en sy verbuigings word met meervoudige betekenis gebruik in die boek Hosea. Die werkwoordstam word soms aan huweliks- en seksuele beeldspraak verbind. Soms het dit bloot die betekenis “om te weet”. Soms sou die beste vertaling moontlik “toewyding” wees.²¹² Soms is 'n goeie vertaling “erkenning van Jahwe se liefde”.

Die frase **דעת אלhim** behels 'n omvattende begrip van *formele kennis* van Jahwe (Wolff, Holt, Daniels, Boshoff), maar tegelyk moet die *dynamiese element* van die verhouding tussen Jahwe en Israel bygereken word. Baumann beskryf dit as “omgang met Jahwe” en McKenzie beskryf dit as 'n byna abstrakte kennis van die goddelike dinge, naamlik “morele integriteit”. Boshoff sien tereg die noodsaaklike teenkant van die *formele kennis van God*, as die bewustelike inagneming van die *teenwoordigheid van Jahwe* (Crotty). Myns insiens is hierdie noodsaaklike teenkant die toegewyde erkenning van Jahwe se *verbonds*liefde.

²¹¹ Vgl ook Daniels 1990:114 wat grootliks by Wolff aansluit.

²¹² Vgl Boshoff 1994:63.

3.1.4.2 Analise van poëtiese struktuur²¹³

| Stanza | Strofe | Stiges | | Vertaling | Parallelismes |
|------------------|--------|--|---------------------------------|---|---|
| I ²¹⁴ | A | ⁴ רַבּוּ בְּאָמֹכֶם רִבּוּ כִּי־הִיא לֹא אֲשֶׁר וְאַנְכִּי לֹא אִישָׁה וְחַסְרֵן נָנוֹנִיחַ מִפְנִיה | 4aA 4aB 4bA | Twis met julle moeder, ja twis, want sy is nie my vrou nie en Ek is nie haar man nie en laat sy haar teken van promiskuit van haar gesig verwyder | Inleidings-reël Volledige sinonieme parallelisme Volledige sinonieme parallelisme |
| | | וְנַאֲפִיפִיחַ מִבֵּין שְׁדִיחָה: | 4bB | en haar teken van overspel van tussen haar borste. | |
| | B | ⁵ פָּוֹרְאָפְשִׁיטָנָה עַרְפָּה וְהַצְנִיתָה כִּיּוֹם חַולְדָה וְשִׁמְתִּיחַ כְּמַדְבֵּר וְשִׁתְחַחַ כָּאָרֶץ צִיָּה וְהַמְתִּיחַ בְּצָבָא: | 5aA 5aB 5bA 5bB 5bC | Anders sal Ek haar naak uit trek en haar neersit soos op die dag van haar geboorte en haar maak soos 'n woestyn ja haar stel soos 'n dor land en haar van dors laat sterf | |
| | | וְאַתְּבִנִיתָה לֹא אַרְחֵם כִּירְבִּנִי נָנוֹנִים הַמְתָה: | 6a 6b | En Ek sal My nie onferm oor haar kinders nie, want hulle is kinders wat gebore is uit promiskuit. | Klimaktiese kolon ²¹⁵ |

²¹³ Die onderstaande diagram is 'n aanduiding van die poëtiese teks in poëtiese stiges, strofes en stanzas. Die funksionaliteit van parallelismes word ook aangedui. 'n Vertaling word as deel van die diagram aangebied. Die bespreking van die diagram volg in 3.1.4.3 hieronder.

²¹⁴ Elke nuwe stanza word volgens Romeinse numerering genommer en elke strofe deur 'n letter van die alfabet.

²¹⁵ Moontlik parallel aan 5aA (Andersen&Freedman 1980:217).



| | | | | | |
|--|---|--|------|---|----------------------------------|
| | C | ⁷ כִּי זָנָה אַפְתָּמָה | 7aA | Ja hulle moeder was ontrou/promisku | Volledige sinonieme parallelisme |
| | | הַבִּשָּׁה הַוְרָתָם | 7aB | - sy wat met hulle swanger was, het skaamteloos opgetree, | |
| | | כִּי אַמְرָה | 7bA | want sy het gesê: | |
| | | אֵלֶּכָה אַחֲרֵי מַאֲחָבֵי | 7bB | ek sal agter my "lovers" aanloop - | |
| | | נָחַנִי לְחַמִּי וּמִימִי | | hulle wat my voorsien van my brood en my water | |
| | | צָמָרִי וּפְשָׁתִי | | my wol en my vlas | |
| | | שְׂמָנִי וּשְׁקֹנִי: | | my olie en my drank. | |
| | D | ⁸ לְכָן הַגְּנִי-שָׁךְ אֶת-דְּרָכֵךְ בְּסִירִים | 8a | Daarom, kyk, Ek sal haar pad met dorings toemaak | |
| | | וְגַדְרָתִי אֶת-גְּנֶרֶתָה | 8bA | en Ek sal om haar 'n muur bou, | |
| | | וְנַחֲבוֹתִיתִי לֹא תִמְצָא: | 8bB | sodat sy haar paaie nie sal vind nie. | |
| | E | ⁹ וְרַדְפָה אֶת-מַאֲחָבֵיךְ | 9aA | Dan sal sy haar "lovers" najaag, | Sinonieme parallelisme |
| | | וְלֹא-תִשְׁגַג אַתָּם | | maar hulle nie inhaal nie | |
| | | וּבְקַשְׁתָם | 9aB | sy sal hulle soek, | |
| | | וְלֹא תִמְצָא | | maar nie vind nie | |
| | | וְאִשְׁוֹבָה אֶל-אִישִׁי חֶרְאָשָׁוִן | 9bA | dan sal sy sê: laat ek terugaan na my vorige man, | |
| | | כִּי טֹב לִי אֹזֶן מִעֵדָה | 9bB | want toe was dit beter as nou. | |
| | | וְהִיא לֹא יִדְעָה ¹⁰ | 10aA | Ja, sy het nie erken | |

| | | | | | |
|---|--|---|------|---|------------------------|
| | | כִּי אָנֹכִי נְתַת לֶךְ | 10aB | dat dit Ek was wat haar voorsien het | |
| | | הַקְּנוּ וְהַפִּיהֵץ | | met koring en mos en olie | |
| | | וְכַסְף הַרְבִּיתִי לֶךְ | 10bA | en ook die silwer vir haar vermenigvuldig het | |
| | | וְזָהָב עֲשָׂו לְבָעֵל: | | en goud wat hulle vir die Baäl gebruik het. | |
| F | | לְכָן אָשָׁוב וְלִקְחָתִי ¹¹ | 11aA | Daarom sal ek terugkeer en wegvat | |
| | | דְּגַנִּי בְּעַתּוֹ | 11aB | my koring in die oestyd | Sinonieme parallelisme |
| | | וְתִירְוֹשִׁי בְּמוּעָדָו | | en my mos op die bestemde tyd | |
| | | וְחַצְלָתִי צָמְרִי וְפִשְׁתִּי | 11bA | en sal my wol en my vlas terugvat | |
| | | לִכְתּוֹת אֶת־עַרְוֹתָה: | | wat gegee is om haar naaktheid te bedek. | |
| | | וְעַתָּה אָגָלָה אֶת־נְבָלָתָה ¹² | 12aA | Ek sal nou haar skaamte onthloot | |
| | | לְעֵינִי מְאֹהֶבֶתִךְ | | voor die oë van haar “lovers” | |
| | | וְאִישׁ לֹא־יִצְלַחַנָּה מִדִּיָּה: | 12aB | en niemand sal haar uit my hand red nie. | |
| | | וְהַשְׁבָּתִי כָּל־מִשּׁוּשָׁה ¹³ | 13 | Ek maak dan 'n einde aan al haar vreugde - | |
| | | חַגָּה חִדְשָׁה וְשִׁבְתָּה | | haar jaarlikse, maandelikse en weeklikse vieringe - | |
| | | וְכָל מְעוֹדָה | | ja al haar feestye. | |
| | | וְהַשְׁמֹתִי גְּפַנָּה וְתִאְנָתָה ¹⁴ | 14aA | Ek sal haar wingerdstok en vyeboom verwoes | |
| | | אֲשֶׁר אָמַרְתָּ | 14aB | waarvan sy gesê het: | |
| | | נְגֻדְלִי מְאֹהֶבֶתִךְ | 14aC | 'hierdie is my beloning wat my “lovers” my betaal het', | |



| | | | | | |
|-----|---|---|------|--|-----------------------------|
| | | וְשָׁמְתִים לִישֶׁר | 14bA | en ek sal hulle tot 'n bos maak | |
| | | וְאַכְלָתֶם חֵית הַשְׁנָה: | 14bB | en die wilde diere van die veld sal hulle opvreet. | |
| | | ¹⁵ וְפָקַדְתִּי עֲלֵיכֶם אֶת־יְמֵי הַבָּעָלִים | 15aA | So roep Ek haar tot verantwoording oor die dae van die Baäls | |
| | | אֲשֶׁר פָּקַטְרִים לָהֶם | 15ab | vir wie sy wierook geoffer het | |
| | | וְעָד נֹמָה וְחַלִּיתָה | 15bA | en haar met neusring en halsketting versier het | |
| | | וְתָלַךְ אַחֲרֵי מַאֲהָבָה | 15bB | en agter haar "lovers" aangeloop het, | |
| | | וְאַתִּי שְׁכַחַת | 15c | maar My het sy vergeet, | |
| | | נָאָמַר יְהוָה: פָּ | | so spreek Jahwe. | |
| II | G | ¹⁶ לְכָן הַנֶּה אָנֹכִי מִפְתִּיחַ | 16aA | Daarom, kyk, Ek gaan haar die hof maak | Sinonieme parallelle frases |
| | | וְהַלְכַּתִּיחַ הַמִּדְבָּר | 16aB | en haar deur die woestyn (in veroortmoediging) lei | |
| | | וְדִבְרָתִי עַל־לְבָבֶךָ: | 16b | en teer (intiem) met haar praat. | |
| | | ¹⁷ וְנוֹתַתִּי לְהָ אֶת־כְּרָמִיחַ מִשְׁמָךְ | 17aA | Dan sal Ek haar vandaar haar wingerde gee | |
| | | וְאַתְּעַמֵּק עַלְוָר לְפַתַּח תְּקוּהָ | 17ab | en die dal Agor tot 'n poort van hoop | Sinonieme parallelisme |
| | | וְעַנְתָּה שְׁפָה כִּימִי נֻוּרִיךְ | 17bA | en dan sal sy antwoord soos in haar jeug, | |
| | | וְכַיּוּם עַלְתָּה מִאָרְצֵי מִצְרָיִם | 17bB | ja soos die tyd toe sy opgetrek het uit Egipte | |
| III | H | ¹⁸ וְהִיא בַּיּוֹם הַהוּא | 18aA | Op dié dag, | |
| | | נָאָמַר יְהוָה | | so spreek Jahwe, | |

| | | | | | |
|---|--|---|------|---|-------------------------------------|
| | | תְּקָרְאִי אֵישׁ | 18aB | sal jy My noem 'my man' | Antitetiese parallelle frases |
| | | לִי עוֹד בָּעַלִי: | 18b | en jy sal My nie meer noem 'my Baäl' nie. | |
| I | | ¹⁹ וְהַסְרָתִי אֶת־שְׁמוֹת הַבָּעֲלִים מִפִּיךְ | 19a | Ek sal die name van die Baäls uit haar mond verwyder | |
| | | וְלֹא־יִזְכְּרוּ עוֹד בָּשָׁמָם: | 19b | sodat hulle name nie meer aangeroep sal word nie. | |
| | | ²⁰ וְכִרְתִּי לִפְנֵם בְּרִית בַּיּוֹם הַהוּא | 20aA | Ek sal op dié dag vir hulle 'n verbond sluit | |
| | | עַמְדָּחִית הַשְׁרָה | 20aB | met die wilde diere van die veld | |
| | | וְעַמְ-עוֹף הַשְׁמִים | | en met die voëls van die hemel | |
| | | וְרַקְמָשׁ הָאָדָמָה | | en die kruipende diere van die aarde, | |
| | | וְקַשְׁת | 20bA | ja boog | |
| | | וְחֶרֶב | | en swaard | |
| | | וְמִלחָמָה אֲשָׁבוֹר מִן־הָאָרֶץ | | en oorlog sal Ek vernietig uit die land | |
| | | וְהַשְׁכְּבָתִים לְבָטָח: | 20bB | en Ek sal hulle in veiligheid laat rus. | |
| | | ²¹ וְאַרְשָׁתִיךְ לִי לְעוּלָם | 21a | Ek sal jou aan My verloof vir ewig | |
| | | וְאַרְשָׁתִיךְ לִי בָּאָדָק וּבָמְשָׁפֶט | 21b | en Ek sal jou aan My verloof in bedagsaamheid en regverdigheid | Sinonieme parallelismes |
| | | וּבְחֶסֶד וּבְרַחְמִים: | | en in genade en barmhartigheid | |
| | | ²² וְאַרְשָׁתִיךְ לִי בָּאָמֹנוֹה | 22a | en Ek sal jou aan My verloof in verbondstrou | |
| | | וַיַּדְעֵת אֶת־יְהוָה: ס | 22b | en dan sal jy aan Jahwe erkenning gee! | |



| | | | | | |
|--|---|--|------|---|---------------------------|
| | J | וְהִיא בַּיּוֹם הַהִיא ²³ | 23aA | Dit sal op dié dag gebeur: | |
| | | אָעֵנָה נָאָמֵנִיתָה | | Ek sal antwoord, so spreek Jahwe: | |
| | | אָעֵנָה אֶת־הַשְׁמִים | 23aB | Ek sal die hemel antwoord | Voortkrynde parallelismes |
| | | וְהַם יֹעֲנוּ אֶת־הָאָרֶץ: | 23b | en die hemel sal die aarde antwoord | |
| | | וְהָאָרֶץ פָּעַנָּה אֶת־הַדָּקָן ²⁴ | 24a | en die aarde sal antwoord met koring | |
| | | וְאֶת־הַפִּירּוֹשׁ וְאֶת־הַיְצָהָר | | en met mos en met olie | |
| | | וְהַם יֹעֲנוּ אֶת־יִזְרְעָאֵל: | 24b | en hulle self sal Jisreël antwoord. | |
| | K | וְרֹעֵתָה לִי בָּאָרֶץ ²⁵ | 25aA | Dan sal Ek haar vir My saai in die land | |
| | | וְרֹחֶםְתִּי אֶת־לְאָלָהָ רְחַמָּה | 25aB | en Ek sal barmhartig wees teenoor “Geen-Barmhartiend” | |
| | | וְאֶמְרַתִּי לֹא־עָמֵד | 25aC | en Ek sal vir “Nie-My-volk-nie” sê: | Sinonieme parallelisme |
| | | עַמְּיָה | | Jy is my volk, | |
| | | וְהַוָּא יָאמֵר | 25b | en hy sal sê: | |
| | | אֱלֹהִים פ | | My God! | |

Strukturele ontleding lei tot die bevinding dat dit volmaak soos 'n skarnier toeklap met as wentelpunt vers 15 (Lys 1976:66):²¹⁶

- | | | |
|--------------|-----------------------------------|--|
| 4 | Verbeekte verhouding | |
| 5 | Woestyntoestand (negatief) | |
| 6-7 | Prostitusie | |
| 8 | Teen-natuur-toestand | |
| 9-10 | Minnaars-man | |
| 11 | Opeis van natuurgawes | |
| 12 | Naaktheid | |
| 13 | Einde van die religie | |
| 14 | Terugneem van natuurgawes | |
| 15 | Oordeel en hoofaanklag | |
| 16(a) | Woestyntyd (positief) | |
| (b) | Hofmaak (liefde) | |
| 17(a) | Teruggee van natuurgawes | |
| (b) | Nuwe Eksodus | |
| 18-19 | Baal-man | |
| 20 | Herstelde natuurband | |
| 21-22 | Getrouheid | |
| 23-24 | Volmaakte natuur-harmonie | |
| 25 | Herstelde verhouding | |

²¹⁶ Die skarnier is v 15 (oordeel en hoofaanklag : אָזִי שְׁכֹדֶן)

3.1.4.3 Bespreking van struktuur²¹⁷

Die blokdiagram (menora-struktuur) hierbo dui aan dat die groot klag teen die volk is dat hulle Jahwe nie erkenning gegee het nie (hulle het Hom vergeet [vers 15]) terwyl hulle die Baäls verkieë en vereer het.

Vers 12 en 13 koppel sodat naaktheid die einde van religie beteken.

Vers 16(b) en 17(a) koppel sodat hofmaak (liefde) lei tot teruggee van natuurgawes. Die op-eis van natuurgawes (v 11) koppel met die terugneem daarvan (v14), en die woestyntyd (v16(a)) koppel met die nuwe Eksodus (v17(b)). Die strofe v 11-14 koppel dan met die strofe v 16-17, sodat ‘n antitese geskep word : Opeis en terugneem van natuurgawes (wat dui op die einde van religie / naaktheid) versus woestyntyd as nuwe eksodus (tyd van hofmaak-liefde / teruggee van natuurgawes). V 9-10 (minnaars-man) koppel dan aan v 18-19 (Baäl-man). V 8 (teen-natuur-toestand) vorm ‘n antitese met v 20 (herstelde natuurband). Prostitusie (v 6-7) staan dan teenoor getrouheid (v 21-22). Soortgelyk staan die woestyntoestand (negatief) in v 5 teenoor die volmaakte natuur-harmonie in v 23-24. Die verbreekte verhouding (v 4) staan dan teenoor die herstelde verhouding (v 25).

Die perikoop 2:4-25 begin as ‘n regsgeding, ingelei deur die **רַיְבּוֹ** uitspraak.

²¹⁷ Vgl ook die bespreking van *Inwendige tekstualiteit* by 3.1.4.4 hieronder.

Die klag is זנה (promiskuïteit). Die regsgeding is opgebou uit klag en dreigemente (2:4-7) en drie לֹכֶד - uitsprake in 2:8-10 (oordeel); 2:11- 15 (oordeel); 2:16-17 (belofte van herstel); 2:18-25 (herstel).

Die perikoop 2:1-3 is 'n sinspeling op die kinders van Hosea se name. Die sinspeling sluit na vers 3 af. Daar is eenstemmigheid in die literatuur dat die perikoop by vers 4 begin vanweë die regsgeding.

Hosea 2:4-25 kan as 'n tematiese eenheid gesien word met as opskrif *Owerspel en nuwe Huwelik*, dog die eenheid kan ook in drie sub - perikope verdeel word, naamlik 2:4-15, 2:16-17 en 2:18-25 (vgl Brueggeman 1968: 110-118; Jeremias 1983: 38,46-48; Van Leeuwen 1984 : 52,65).

3.1.4.4 Inwendige tekstualiteit (inner texture)²¹⁸

(i) Herhalende tekstualiteit en patroon²¹⁹

'n Opvallende herhaling kom voor by die gebruik van die uitroep ר'בָי in vers 4. Dit beklemtoon die uitdaging tot 'n twigesprek / regsgeding.

Die herhaling van die dubbele ontkenning in vers 4 לֹא אִשְׁתָּחַי (nie haar man nie) en לֹא אִשְׁתָּחַי (nie my vrou nie), dui op 'n wedersydse onttrekking aan die huweliksverhouding. Dit is ook 'n sinonieme parallelisme. Dit word opgevolg deur nog 'n sinonieme parallelisme waar

²¹⁸ Vgl 2.2.5 (a) hierbo.

²¹⁹ Vgl 2.2.5 (a)(i) hierbo.

(haar promiskuïteit) en **זָנוֹנִיהָ** (haar owerspel) sinoniem gebruik word. Dit dui daarop dat hoerery / promiskuïteit gelyk staan aan owerspel in die konteks van 'n huweliksverhouding; so ook **מִפְנִיחָ** (van haar aangesig) en **מִבֵּין שְׁדִיחָה** (van tussen haar borste) wat sinoniem gebruik word. Dit is 'n duidelike sinspeling op die moeder van vers 4a.

In vers 5 word **כַּיּוֹם הַוֹּלְדָה** (naak) en **עֲרָמָה** (soos die dag van haar geboorte)²²⁰ sinoniem gebruik in 'n parallelisme. Vervolgens word **כְּמַדְבֵּר** (soos 'n woestyn) en **כָּאָרֶץ צִיָּה** (soos 'n dor land) sinoniem gebruik, as sinonieme parallelisme op **כַּיּוֹם הַוֹּלְדָה** en **עֲרָמָה**, gevolg deur 'n klimaktiese kolon **הַמְתִּיה בְּצָמָא** (haar van dors laat sterwe). Naaktheid soos by geboorte, word verder omskryf deur die woestynbeeld. Dit is 'n verwysing na die woestyntradisie wat die smeltkroes van Israel se verhouding met Jahwe simboliseer (vgl Andersen & Freedman 1980:225-226). Die klimaktiese kolon **הַמְתִּיה בְּצָמָא** (haar van dors laat sterwe) dien hier as 'n dreigement dat die woestyn (dor land) hierdie keer die einde van die pad kan wees.

'n Chiasme volg in vers 7 waar **זָנָתָה** (sy het gehoereer / promiskieus gelewe), naderbepaal word deur **הַבִּשָּׁה** (sy het

²²⁰ Dit dien as verwysing na Israel se roeping uit Egipte (vgl Andersen&Freedman 1980:225).

skandelike dinge gedoen). ‘n Sinonieme parallelisme volg in vers 8 **אֶת־דְּרָכֶךָ בְּסִירִים** haar pad met dorings toemaak / **גַּדְרָתִי אֶת־גְּדָרָה** / om haar ‘n muur bou).²²¹ Die funksie daarvan is om die afsnyding van die moeder van haar minnaars te benadruk.

Die sinonieme parallelisme in vers 9

וּבְקַשְׁתֶּם וְלֹא תִמְצָא

וְרֹدֵפָה אֶת־מְאֹהָבָה וְלֹא־תִשְׁגַּג אַתֶּם

benadruk dat geen poging om die minnaars te vind suksesvol sal wees nie. Dit lei tot die keerpunt vir die vrou om terug te keer na haar man.

Die sinonieme parallelismses in vers 11a :

דְּגַנִּי בְּעֵתֶךָ

תִּרְוֹשֵׁי בְּמוּעָדוֹ

לְכֹסֹת אֶת־עֲרוֹתָה. Die naaktheid loop uit op die infinitief het dus betrekking op die parallelismses.

Die drie sinonieme parallelle frase in vers 16 dui die woestyntyd aan as verootmoedigingstyd waar Jahwe die geleentheid gebruik om die hart van die volk aan te spreek :

אָנֹכִי מִפְתַּחְתָּה

וְהַלְכָתִיהָ הַמְּדֻבָּר

וְדִבְרָתִי עַל־לְבָבְךָ

²²¹ Ek neem saam met LXX en die Siriese vertaling in die tekskritiese voetnota 8b van die BHS die suffiks as 3e persoon enkelvoud vroulik by **אֶת־דְּרָךְ** (haar pad).

In vers 17 word **כִּימִי נְעֹרִיה** (dae van haar jeug), sinoniem gebruik met **כֵּיָם עַלְתָּה מִאֲרִץ־מִצְרִים** (soos die dag toe sy uit die land Egipte opgetrek het)²²². Die Egipte-tradisie as Jeugtyd van Israel word hierdeur geïdealiseer as 'n tyd van gehoorsaamheid. Die woestyntyd kan gesien word as oorgangsperiode waar Israel moes leer om hulle seënninge aan Jahwe toe te skryf (vgl van Leeuwen 1978:67).

Die herhaalde gebruik van die eerste en derde persoon (ek en haar) is doelbewus so gekies met die oog op die teenstelling in die gesindhede van die twee partye.

Die frase **בָּוֶהָה בַּיּוֹם־הַהוּא נָאָמֵן־יְהוָה** in vers 18 kan dui op 'n vaste formule "dag van Jahwe" wat in Israel verwag is soos in Amos 5:18-20 (Mays 1969:47). Dit is aanduiding van ingrype van Jahwe.

Twee antitetiese parallelle frases volg in vers 18 waar **לִי עוֹד בַּעַלִי תְּקַרְאֵי אִישׁ** teenoor **אִישׁ** staan. Die gebruik van **אִישׁ** is binne die semantiese veld van die huwelik en staan in kontras met die fout om Jahwe as vrugbaarheidsgod te vereer (vgl Wolff 1978:49 wat Israel se godsdiens aandui as sinkretisme waar Jahwe aanbid word as Baäl). 'n Nuwe "huweliksverbintenis" tussen Jahwe en Israel word in die vooruitsig gestel.

²²² Vgl vers 5 hierbo. Vgl ook Van Leeuwen 1978:67.

In vers 21 en 22 volg drie sinonieme parallelismes om die aard van die "huweliksverbintenis"²²³ tussen Jahwe en Israel te kwalifiseer. Die verbintenis sal **לעולם צדק** (vir altyd wees). Jahwe sal Hom verloof in **צדקה** (bedagsaamheid), **רחמים חסד** (regverdigheid), **משפטם** (genade), **אמונה** (barmhartigheid) en **אמתיהו** (betroubaarheid). Die resultaat van die nuwe verbintenis (huwelik), is dat Israel Jahwe sal erken **(ויזע אתיהו)**. In terme van die huweliksteminologie is "erkennung" die hoogtepunt van die huweliksluiting. Dit het dan ook 'n seksuele konnotasie.²²⁴ In vers 23 en 24 volg vyf voortskrydende parallelismes om die opeenvolging van Jahwe se verhoring (**اعנה**) te beskryf. Die frase Jahwe "sal die land vir Homself saai" (**לי בארץ**) (**וזרעתה**) is gelaai met seksuele ondertone en pas by die huweliksbeeld. Wolff (1978:54) dui tereg aan dat dit 'n herinterpretasie van Jisreël²²⁵ is met 'n belofte van 'n groot bevolkingstoename.

²²³ **ארש Pi** beteken "om jou te verloof", "om iemand tot vrou te neem" (Koehler, Ludwig; Baumgartner, Walter; Richardson, M.E.J. (tr.), *The Hebrew & Aramaic Lexicon of the Old Testament, CD-ROM Edition*, (Leiden, The Netherlands: Koninklijke Brill, NV) 1994-2000). Vgl ook Kühlewein 1971a:240-242.

²²⁴ Koehler, Ludwig; Baumgartner, Walter; Richardson, M.E.J. (tr.), *The Hebrew & Aramaic Lexicon of the Old Testament, CD-ROM Edition*, (Leiden, The Netherlands: Koninklijke Brill, NV) 1994-2000

²²⁵ Vgl 5.4 hieronder.

(ii) Progressiewe tekstuur en patroon²²⁶

Die herhaling van **רִיבּוֹ** (twis) in vers 4 dui op die intensifikasie van die twisgesprek. Die **לְכָן הַנְּגִינְשָׁךְ** (daarom, kyk!) – formule in vers 8 dui 'n wending in die gesprek aan. Die gevolge van die ontrouheid word nou behandel.

In vers 9 dui **וְאָמַרְתָּ** (dan sal sy sê) 'n progressiewe wending aan waarop die voorneme om terug te keer (**וְאִשְׁׁזֶבֶת**) volg.

'n Wending in die juridiese regsgeding volg in vers 12, waar **וְעַתָּה**

'n strafformule inlei.

Nog 'n wending volg in vers 16 waar **לְכָן הַנְּגָה** (daarom, kyk!) 'n heilsorakel inlei.

'n Godspraak in vers 18 **נִאמֵּן יְהוָה** (spreek Jahwe) dui die begin van 'n nuwe "huweliksverbintenis" aan. Dit word voorafgegaan deur **וְהִיא בַּיּוֹם־דָּחִיָּה** wat aanduiding is van die ingrype van Jahwe. Dieselfde formule volg in vers 23 en dui nogeens op Jahwe se ingrype.

²²⁶ Vgl 2.2.5 (a)(ii) hierbo.

(iii) Narratiewe tekstualiteit en patroon²²⁷

Die patroon in die narratiewe tekstuur is dat die regter in die regsgeding, naamlik Jahwe self aan die woord is. Dit word bevestig deur die formule נָאֹמֵן יְהוָה in vers 15. Dit word later in vers 18 en vers 23 herhaal. Daar is ook progressie in die verloop van die verhoor en sy gevolge, wat ook dui op narratiwiteit.

(iv) Opening-middel-afsluiting tekstualiteit en patroon²²⁸

Die perikoop 2:4-17 begin as 'n regsgeding as gevolg van owerspel en is opgebou uit klag en dreigemente in vers 4-7 en drie לְכֹז - uitsprake in vers 8-10 (oordeel); vers 11-15 (oordeel); en vers 16-17 (belofte van herstel). Vers 18-25 dui op die herstel van die huweliksverhouding tussen Jahwe en Israel. Die hoofaanklag (v15) is dat Jahwe misken (vergeet) is (vgl Lys 1976:66).²²⁹

²²⁷ Vgl 2.2.5 (a)(iii) hierbo.

²²⁸ Vgl 2.2.5 (a)(iv) hierbo.

²²⁹ Vgl die Afbakening van die teks by 3 hierbo.

(v) **Argumentatiewe tekstuur en patroon**²³⁰

Die juridiese regsgeding word ingelei deur רִיבּוֹ in vers 4. Dit word gevolg deur die getuenis wat gelewer word in vers 7,10 en 15.

Dit word onderbreek deur strafmaatreëls in vers 8-9,11 en 14.

Vers 16 en 17 dui op belofte van herstel en vers 18-25 op die herstel.

(vi) **Sensories-estetiese tekstuur en patroon**²³¹

Daar kan drie “body zones” (Malina 1993 : 73-77) geïdentifiseer word :

a. **Sone van “emotion-fused” denke**

Volgens vers 6 sal Jahweh לֹא אֶרְחַם (nie omgee nie).

Dit dui op 'n deurdagte besluit wat sal uitloop op 'n handeling. In vers 25 is die omgekeerde וְרַחֲמָתִי (en Ek sal barmhartig wees).

In vers 10 het לֹא יִדְעַה (nie erken) met die denke te doen waarin sien, weet, verstaan, dink, onthou, kies, voel en oorweeg 'n definitiewe rol speel. Die positiewe

²³⁰ Vgl 2.2.5 (a)(v) hierbo.

²³¹ Vgl 2.2.5 (a)(vi) hierbo.

וַיַּדְעָת אֶחָדִיהוָה (en dan sal jy aan Jahwe erkenning gee)

in vers 22 is in reaksie op Jahwe se "purposeful action".

Die **לְעֵינִי מֵאֲהַבָּתְךָ** (voor die oë van die wat sy liefhet) in vers 12, roep die minnaars op om te "sien" (getuies te wees).

Die **פְּקָדָתִי** (besoek) van Jahweh in vers 15 het die konnotasie van praat/konfronteer.

Vers 15 dui ook aan dat Israel Jahwe **שְׁכַחַת** (vergeet het).

Derhalwe speel sien, weet, verstaan, dink, onthou, kies, voel en oorweeg hierin weer 'n rol.

Die volk se *ontrou* aan Jahwe kan dus gesien word as doelbewus en deurdag.

b. Sone van “self-expressive speech”

Die verbale aktiwiteit deur middel van **רִיבֹּ** (twis) in vers 4; **אָמַרְתִּי** (sy het gesê) in vers 7,9 en 14; **דָּבָרְתִּי** (ek sal spreek) in vers 16 en **עָנַתָּה** (sy sal antwoord) in vers 17, dui op die belang van spraak in die regsgeding.

Die **תִּקְרָאֵי** (noem) in vers 18 dui op praat. Dit hoort tot die sone van "self-expressive speech" (mond, ore, tong, lippe, keel, tandé, kake, asook die aktiwiteite van hierdie organe). Dit is dus 'n pertinente spraak-aktiwiteit waar Jahwe as "man" erken word.

Dieselfde verwysing volg in vers 19 waar die Baäls se name uit Israel se mond (**מִפְיָח**) verwyder word. Die aktiwiteit daarvan word dan ook aan bande gelê (**ולא-זיכרו עוד בשמות** (sodat hulle by hul naam nie meer genoem sal word nie)).

Die **וְאָמַרְתִּי לֹא-עַפֵּי** (en vir Lo-Ammi sê) en die gevolglike **וְדֹהֲאָ יֹאמֶר** (en dan sal sy sê) in vers 25 is 'n pertinente spraak-aktiwiteit. Ontrouheid is dus uitgesproke.

c. Sone van “purposeful action”

Daar was doelgerigte optrede by Israel in hulle pad weg van Jahwe af. Dit word aangedui deur (haar promiskuïteit van haar aangesig) **מִבֵּין שְׁדִיחָה** en (haar owerspel van haar borste af weg) **נַאֲפִיפִיה** in vers 4; (**הַבִּישָׁה** (sy het promiskieus opgetree) en (**זָנָתָה** (sy het skandelike dinge gedoen) [vers 7]; (**רַدְפָּה** (sy sal agternaaloop) en **בְּקַשְׁתָּם** (sy sal hulle soek) [vers 9].

Daar was ook doelgerigte aksie deur Jahwe. Dit word weerspieel deur sy volgende optredes : **אָפְשִׁיטָנָה** : (Ek sal haar uittrek) in vers 5; **הַנְּנִי-שְׁךָ** (Ek sal toemaak) en **אָשָׁב וְלַקְחָתִי** (Ek sal bou) in vers 8; **גַּדְרָתִי** (Ek sal terugneem) in vers 11; **אָגָלָה אַתְּ-זְבַּלְתָּה** (Ek sal haar

skaamte ontbloot) in vers 12; (Ek sal verwoes) in vers 14; מִפְתַּחַת וְהַלְכַּתָּה (Ek sal haar lok en haar lei) in vers 16; נִתְחַזֵּי (Ek sal gee) in vers 17; וְהִסְרַתִּי אֶת־שְׁמוֹת הַבָּעֵלים מִפִּיה (Dan verwyder Ek die name van die Baäls uit haar mond) in vers 19; וְכָרַתִּי לְהַם בְּרִית (en Ek sluit vir hulle 'n verbond) in vers 20; וְקָשַׁת וְחַרְבָּה וּמְלֻחָּמָה אֲשָׁבוּר מִן־הָאָרֶץ (ja, boog en swaard en oorlog sal Ek verbreek uit die land) in vers 20; וְהַשְׁפְּבָתִים לְבַטָּח (en Ek sal hulle in veiligheid laat rus) in vers 20; die אַרְשָׁתִיךְ (Ek sal My met jou verloof) uitsprake in vers 21 en 22; die אֲעֵנָה (verhoor) handelinge in vers 23 en 24; en die זְרֻעָתִיךְ (Ek sal haar saai) handeling in vers 25.

Derhalwe is die volk se ontrou sowel as Jahwe se “terugbring-handelinge” doelgerig.

3.1.5 Intertekstualiteit²³²

3.1.5.1 Mondeling-Skriftelike intertekstuur

²³² Vgl 2.2.5 (b) hierbo.

Die tegniek van rekonfigurasie²³³ plaas die woestyntyd (vers 16) en Egiptetyd (vers 17) op die voorgrond. Die nuwe woestyntyd word voorgehou as die ideale verootmoedigingstyd waarin daar 'n gewilligheid is om na Jahwe te luister. Die trek uit Egipte word ook die ideaalbeeld van gehoorsaamheid. Die verbondsluiting (vers 20) lei 'n nuwe verhouding tussen Jahwe en sy volk binne.

3.1.5.2 Sosiale intertekstuur

Die promiskuïteit waarna verwys word in verse 4,6,7,10,13,14 en 15 dui waarskynlik op die vrugbaarheidsrites in die kultus en die vreemde bondgenootskappe tydens die regering van die Noordryk konings Jerobeam, Omri, Jehu, Peka, Agas, Hosea en die Suidryk koning Agas.²³⁴

3.1.5.3 Kulturele intertekstuur

Die boek Hosea val die vervlewing tussen die Baäl- en Jahwekultus aan. Hy voer sy stryd teen die opvattingen en praktyke in die kontemporêre Jahlwistiese godsdiensbeoefening van Israel en nie soseer teen vreemde gode of godsdiens nie (vgl Boshoff 1994: 239). Hosea benut die terminologie van die natuurgodsdiens om sy opvatting oor Jahwe te verwoord. So

²³³ Die vertel van 'n situasie op 'n wyse wat die latere gebeure "nuut" maak in verhouding met die vorige gebeure. Aangesien die nuwe gebeure soortgelyk is aan die vorige, "outshines" dit die vorige gebeure. Die vorige word dan 'n "foreshadowing" van die meer resente (vgl Ekskursus 1 by Hoofstuk 2 hierbo).

²³⁴ Vgl Ekskursus 2 by Hoofstuk 2 hierbo.

word die woord wat ontrou / promiskuïteit beskryf, naamlik זנה in die perikoop gekorrigeer deur יְדֻעַ שׁוֹב אֶחָב. Die “huweliksgeskenke” לְעוֹלָם (vir altyd), צִדְקָה (genade), משפט (regverdigheid), חִסְדָּה (genade), רָחֲמִים (barmhartigheid / omgee) en אַמְנוֹנָה (betroubaarheid) dien as noodsaaklike korreksie op Israel se vroëre ontrouheid in die godsdiensbeoefening.

3.1.5.4 Historiese Intertekstuur

Daar is 'n verwysing in vers 25 na Jisreël as die hoofsentrum van die vrugbare Jisreëlvallei. Dit staan in skrille kontras met Jisreël as die plek van die bloedige staatsgreep van Jehu (1:4).

Die Jisreëlvallei was een van die vrugbaarste landbou streke van die staat en 'n belangrike bron van die koninklike kontantgewasse: graan, wyn en olie (vgl 2:24[22]). Dit was ook 'n belangrike streek in Salomo se herverdeling van die koninkryk in twaalf distrikte wat enorme bronne voorsien het aan die koninklike hof (1 Konings 4:12, 22-28).²³⁵ Dit het 'n belangrike handelsroete en 'n strategiese militêre hoofweg bevat wat Israel met sy buitelandse handelsvennote verbind het. Jisreël het derhalwe 'n kritiese ekonomiese, politiese en militêre rol gespeel in Israel se *skatpligtige produksie-modus* (Yee 2001:36). Dit sou die plek word waar Jahwe die boog van Israel sou verbreek (Hos 1:5), met ander woorde, waar die élite se militêre mag vernietig is (vgl Yee 2001:37).

²³⁵ Vgl Williamson 1991, 72-92; Yee 2001, 35-36.

3.1.6 Sosiale en Kulturele tekstuur²³⁶

3.1.6.1 Bepaalde sosiale onderwerpe

Die teks kan as “conversionist” en selfs “reformist” beskryf word, aangesien dit die bekering en reformasie van Israel beoog.²³⁷

Die teks bepleit naamlik ‘n terugkeer na die Egipte- en woestyntyd toe Israel Jahwe vereer het vir sy seëninge.

3.1.6.2 Algemene sosiale en kulturele onderwerpe

Volgens die status- / skandekultuur het Israel nie net **הַבִּישָׁה** (skandelik opgetree) nie (vers 7), maar sy word ook in die openbaar tot skande gemaak (vers 12) **אֵגֶלֶת אֲתֹנְבָּלָתָה לְעַזִּי מַאֲהִיה** (Ek sal haar skaamte ontbloot voor die oë van haar minnaars). Israel word derhalwe daarmee uitgedaag om iets te doen om hulle eer te herstel ("challenge-response").

Daar is ook sterk sinspeling op diadiese kontrakte/ooreenkomste. Die beginsel van wederkerigheid in die "patron-client" verhouding tussen Jahwe en Israel kom duidelik na vore in die

²³⁶ Vgl 2.2.5 (c) hierbo.

²³⁷ Robbins 1996, 71-94.

huweliksverhouding wat opgeskort word (vers 4) en weer herstel word (vers 18)²³⁸.

Daar is sterk aanduiding van 'n Landbou-bestaansekonomie, asook 'n industrieel-tegnologies gebaseerde ekonomie soos vermeld in verse 10 en 24 naamlik

הַצָּהָר הַדְּגָן וְהַקִּי וְכֹסֶף וְזָהָב (koring en mos en olie en silwer en goud)²³⁹.

Daar is ook sprake van beperkte onvoldoende lewensmiddele (vers 7).

Volgens die reinheidskodes (rein-onrein) word die kinders (vers 6) uitgewys as onrein, **כִּי־בְּנֵי זָנוֹנִים הַמְּהֻבָּשִׁים** (want hulle is kinders uit promiskuïteit).

3.1.6.3 Kulturele kategorië

In terme van kulturele kategorieë, is die perikoop deel van 'n regsgeding waarin opposisie-kulturele retoriek gebruik word.

Daar word sterk standpunt ingeneem teen die ontaarde kultus.

Die godsdiensbeoefening wat gekritiseer word (deur gebruik te maak van kras woorde en begrippe soos **אֲפֻרְגָּה** [owerspel], en **זָנוֹה**

[promiskuïteit]), word gekorrigeer deur in verse 4 en 18 gebruik te maak van terme soos **שָׁנָה** (man) en **אֲשֶׁר** (vrouw) uit die

²³⁸ Alhoewel die OuTestament skynbaar egskeiding vir 'n aantal algemene redes toelaat (Deut 24:1), was dit oor die algemeen net vir overspel en kinderloosheid. Die egskeidingsbevel kon net 'n eenvoudige terugtrekking wees, soos: "Sy is nie my vrou nie, en ek is nie haar man nie" (sien NIV Archeological Study Bible 2005, 1548).

²³⁹ Vgl Ekskursus 2 by Hoofstuk 2 hierbo.

betekenisveld van die huwelik en "voorsiening van lewensmiddele" (vers 10), asook "huweliksgeskenke" (verse 21-22).

3.1.7 Ideologiese tekstuur²⁴⁰

Die perikoop bepleit 'n lewe van volkome afhanklikheid en lojaliteit aan Jahwe. Al die gedagtes wat uitgespeek word pas binne die raamwerk van 'n huweliksrelasie met verwysings na die natuurgodsdiens uit die Kanaänitiese leefwêreld van die Noordryk. Natuur- en vrugbaarheidselemente vorm deel van die argumentasie.

3.1.8 Sakrale tekstuur²⁴¹

Die perikoop beklemtoon 'n *polemic monolatry*²⁴² waarbinne Jahwe die ware God tussen al die "lovers" (Baäls) is. Nie die Baäl(s)²⁴³ nie, maar Hy alleen verskaf al die lewensmiddele vir ons elke dag se bestaan. Hy is instaat om te klee of om naak uit te trek. Hy is ook dié Een wat terugroep en na die hart praat – waarlik die God wat omgee en wat lojaal bly wanneer ons Hom erken as die Een wat sorg.

²⁴⁰ Vgl 2.3.2.5 (d) hierbo.

²⁴¹ Vgl 2.3.2.5 (e) hierbo.

²⁴² Vgl Ekskursus 2 by Hoofstuk 2 hierbo.

²⁴³ Vgl Ekskursus by 3.5.6.3 in Hoofstuk 3.5 hieronder.

3.1.9 Opsomming

Die volgende verhoudingsterme is ondersoek: **رحم** (vers 6), **ידע** (vers 10), **אהוב** (verse 12, 14, 15), **זנה** (verse 4, 6 ,7), **שוב** (verse 9, 11), **צדק, עולם** (vers 21) en **אמונה** **ידע** (vers 22)²⁴⁴.

Die volgende resultate is bereik:

- a. Die tematiese eenheid 2:4-25 is aangedui as ‘n pragtige poëties-gestruktureerde²⁴⁵ geheel waarin ‘n hele aantal parallelismes (vgl Analise van Poëtiese struktuur en Bespreking van die struktuur by 4.2 en 4.3 hierbo) tot betekenisverryking lei. Strukturele ontleding het geleid tot die bevinding dat dit volmaak soos ‘n skarnier toeklap met as wentelpunt vers 15.²⁴⁶ (vgl *Afbakening van die teks* by 3 hierbo). Die hoogtepunt van die klag teen Israel is dus dat sy die Baäls vereer het as haar “lovers” / die wat sy liefhet, en dat sy Jahwe misken het.
- b. Die struktuur lê ook die volgende bloot (vgl die bespreking by *Inwendige tekstualiteit* by 3.1.4.4 hierbo):

Naaktheid beteken die einde van religie (v12-13); hofmaak (liefde) lei tot teruggee van natuurgawes (v16(b) en 17(a); die woestyntyd word as ‘n Nuwe Eksodus voorgehou [v16(a) en 17(b)]; die nuwe Eksodus word gekwalifiseer as ‘n tyd van hofmaking en liefde en

²⁴⁴ Vgl Afbakening van die teks by 3 hierbo.

²⁴⁵ Vgl Analise van Poëtiese struktuur asook Bespreking van struktuur by 3.1.4.2 en 3.1.4.3 hierbo.

²⁴⁶ Idem.


teruggee van natuurgawes (strofes 11-14 en 16-17), maar ook 'n tyd van erkenning van Jahwe as die God wat seën; **זֶה** (promiskuïteit)²⁴⁷ [v6-7] staan dan teenoor **אמונה** (verbondslojaliteit) [v21-22]²⁴⁸; die verbreekte verhouding (v4) staan teenoor die herstelde verhouding (v25); hoerery / promiskuïteit staan gelyk aan overspel in die konteks van 'n huweliksverhouding; **שָׁכַח** (vergeet) staan teenoor **ידְעַתִּירָה**.

In vers 21 en 22 volg drie sinonieme parallelismes om die aard van die "huweliksverbintenis" tussen Jahwe en Israel te kwalificeer. Die verbintenis sal Hom verloof in **לְעוֹלָם** (vir altyd) wees. Jahwe sal Hom verloof in **צדָקָה** (bedagsaamheid), **רָחֲמִים**, **חסָדָה** (regverdigheid), **מִשְׁפָט** (verbondsliefde), **רָחֲמִים** (barmhartigheid) en **אמּוֹנָה** (verbondstrou). Dit staan teenoor die ontrouheid van Israel (v6-7).

Dit kan grafies as volg voorgestel word:

²⁴⁷ Vgl die motivering vir die term by Ekskursus 1 hierbo.

²⁴⁸ Vgl Figuur 1 hieronder.



- c. Die resultaat van die nuwe verbintenis (huwelik), is dat Israel Jahwe sal erken (**וַיַּדַּע אֶת־יְהוָה**) as die Een wat werklik sorg (vgl Figuur 1 hierbo). In terme van die huweliksteminologie is **יִדּע** (erkenning van Jahwe) die hoogtepunt van die huweliksluiting (vgl Ekskursus 3 hierbo).
- d. Volgens die status- / skandekultuur het Israel nie net **הַבִּישָׁה** (skandelik opgetree) nie (vers 7), maar sy word ook in die openbaar tot skande gemaak (vers 12) **אֲגַלָּה אֲתַנְבֵּלָתָה לְעַנִּי מֵאַהֲבָיה** (Ek sal haar skaamte ontbloot voor die oë van haar minnaars). Israel word derhalwe daarmee uitgedaag om iets te doen om hulle eer te herstel ("challenge-response"). Dit geskied binne die raamwerk van die verlies van status van die manlike eer (vgl Ekskursus 1 hierbo) en is die geskenke (v21-22) ook die verlangde korreksie op hulle ontrouheid.

- e. In terme van kulturele kategorieë, is die perikoop deel van 'n regsgeding waarin *opposisie-kulturele retoriek* gebruik word. Daar word sterk standpunt ingeneem teen die ontaarde kultus. Die godsdiensbeoefening wat gekritiseer word (deur gebruik te maak van kras woorde en begrippe soos **אָפֹר** [owerspel], en **זְנוּה** [promiskuïteit])²⁴⁹, word gekorrigieer deur in verse 4 en 18 gebruik te maak van terme soos **אָשׁ** (man) en **אִשָּׂה** (vrou) uit die betekenisveld van die huwelik en "voorsiening van lewensmiddele" (vers 10), asook "huweliksgeskenke" , naamlik **צְדָקָה** (bedagsaamheid), **מִשְׁפַּט** (regverdigheid), **אֶמְוֹנָה** (genade), **רְחִמִּים** (barmhartigheid) en **חִסְדָּה** (verbondslojaliteit). Die verlangde respons **אֲתִיְהוָה וַיַּדֵּעַ** (dat Israel Jahwe erkenning gee) maak die huweliksrelasie volkome (herstel).
- f. In hulle verwantskap kry die verhoudingsterme dus die volgende nuanses:
 - רְחִמָּה**: ontferm; barmhartig wees (v6, 21).
 - זְנוּה**: promiskieus (v 4, 6, 7)
 - צְדָקָה**: bedagsaamheid (v21)
 - מִשְׁפַּט**: regverdigheid (v21)
 - חִסְדָּה**: genade (v21)
 - אֶמְוֹנָה**: verbondslojaliteit (v21)
 - שׁוֹבֵב**: terugkeer (v9, 11)

²⁴⁹ Vgl Figuur 1 hierbo.

שכח: misken (vergeet) [v15]

ידע: erkenning (v10, 22)

3.2 HOSEA 3:1- 5

3.2.1 Verkenning van die teks

Hosea 3 : 1–5 is 'n roepingsverhaal binne eenheid 1:2-3:5²⁵⁰, waarin verse 1-3 'n outobiografie van die profeet verteenwoordig oor sy simboliese optrede en verse 4-5 'n profetiese uitspraak oor Israel. (vgl Wolff 1978:57; Mays 1969:54-55)²⁵¹. Verse 4-5 koppel direk aan verse 1-3 deur die geaksentueerde woorde in **כי ים רבם ישבו** in vers 4, wat terugkoppel aan **ים רבם תשבי** in vers 3. Die negatiewe **לאין** in vers 4 neem die negatiewe **לא** uitsprake van vers 3 op.

Hierdie kombinasie van 'n gebeurtenis met die interpretasie van

²⁵⁰ Vgl *Samestelling en struktuur van die boek Hosea* by die begin van Hoofstuk 3.1 hierbo.

²⁵¹ Vgl Andersen & Freedman 1980:291-294 wat dit as allegorie neem en tereg opmerk: "This chapter is one of the most vital in the prophecy; it is also one of the most problematical: the text presents some insoluble problems and some phrases have dubious authenticity. A basic question is the realism with which it describes events in Hosea's life..." (Andersen & Freedman 1980:291).

die gebeure hoort tot die besondere genre van die *memorabile*.²⁵² Die subjek van die *memorabile* is die profeet se simboliese handeling.²⁵³ Die drie hoofelemente van die simboliese daad is : Jahwe se opdrag (v1); die verslag van die uitvoering daarvan (vv2f); en die interpretasie (vv4f).

Die sleutelwoorde in die perikoop is **אהב** wat vier keer in vers 1 herhaal word en waarvan die tekens van Jahwe se uitgewerk word in verse 2 en 5; **גנה** (v3) en **שוב** (v5). Die perikoop is in prosa geskryf.²⁵⁴

3.2.2 Afbakening van die Eenheid

Daar is 'n komplekse verhouding tussen Hosea 3 en Hosea 1-2. Hoofstuk 3 staan volkome op sy eie. Daar begin 'n nuwe narratief by vers 1, ingelei deur **ויאמר יהוה**, 'n teken van finaliteit by vers 5, en geen kontinuïteit by hoofstuk 4 nie.²⁵⁵ Hoofstuk 3 is 'n beskrywing in die eerste persoon teenoor die derde persoon beskrywing en eerste persoon voorspelling in die vorige hoofstukke. Dit word afgegrens van hoofstuk 4 deur die profetiese formule **שמעו דבר יהוה** (4:1). Die spasiëring by vers 2 en vers 3 (**ואמר**) is as gevolg van die eerste

²⁵² Onafhanklike feite word 'n "connected reality". Dit word geloofwaardig met sy konkrete aannames. Anders as by 'n verhaal, gelykenis of allegorie word 'n historiese gebeurtenis hier gekondenseer tot een sentrale punt – in hierdie geval die profeet se simboliese handeling (vgl Wolff 1978:57-58).

²⁵³ Vgl Ekskursus 1 By hfst 3.1 hierbo.

²⁵⁴ Vgl Wolff 1978:58.

²⁵⁵ Vgl Andersen & Freedman 1980:291.

persoon wisseling teenoor die derde persoon by verse 1, 4 en 5.

Die term **אהוב** is een van die verhoudingsterme wat vir die doel van hierdie studie verder ondersoek moet word. Aangesien dit vier keer in vers 1 voorkom en verder in verse 2 en 5 uitgewerk word, dui dit ook daarop dat 3:1-5 'n eenheid is. Die ander terme is **שׁב בקשׁ**; en **פְּחַד** (v5). Die perikoop 3:1-5 word nou as eenheid verder ondersoek.

3.2.3 Vasstelling van die teks

vers 1-

אהבתה: Voetnota 1a (BHS) : Die alternatiewe lesing by voetnota 1a (BHS) wat ondersteun word deur die LXX, Siriese vertaling en Vulgaat neem die deelwoord as aktief en die daaropvolgende selfstandige naamwoord (snw) **רֹעֵה** (bose) as 'n homograaf (sy wat goddeloosheid liefhet). Dit staan ook parallel met die aktiewe deelwoord **מִנְאָפָת** (een wat overspel bedryf). Die lesing met die snw kan egter nie korrek wees nie. Wanneer 'n passiewe deelwoord in 'n konstruktus-verhouding met 'n snw staan, verwys die snw na die handelende van die aksie.²⁵⁶ Derhalwe ondersteun ek die lesing van die MT.

²⁵⁶ Vgl Andersen & Freedman 1980:296.

כאהבת יהוה: Voetnota 1b (BHS) stel voor dat die lesing in eerste persoon enkelvoud (1e pers ekv) moet wees in ooreenstemming met hoofstuk 1:2. Daar is egter geen eksterne getuienis vir hierdie lesing nie en daar word volstaan met die lesing van die MT.

Vers 2-

ולתך שעריהם: Voetnota 2a-a (BHS) dui die LXX lesing aan as **kai nebel oinou** (en 'n vat wyn). Daar is egter geen eksterne getuienis daarvoor nie en daar word volstaan met die lesing van die MT.

Vers 3-

ווגם אני לא אהוא: Voetnota 3a (BHS) dui 'n moontlike invoeging van **לא אהוא** aan. Daar is geen eksterne ondersteuning vir die invoeging nie. Derhalwe word daar volstaan met die lesing van die MT.

Vers 5-

באחרית הימים en **את זוד מלכם** Voetnota 5a (BHS) dui aan dat **באחרית הימים** en **את זוד מלכם** (behorende tot die Joodse eskatalogie) waarskynlik latere toevoegings is.²⁵⁷ Sommige manuskripte het die invoeging soos die MT. Ek neem die invoeging soos in die teks aangesien daar nie eksterne ondersteuning is om dit uit te laat nie.

3.2.4 Teks ontleding

3.2.4.1 Woord ontleding

Vers 1-

אהב אשה : kal imp ml ekv van **אהב** (bemin 'n vrou)

אהבת רע : kal passief part vl ekv van **אהב** (wat bemin word deur 'n ander persoon)²⁵⁸

ומנאפה : pi part vl ekv van **נאפ** (maar wat overspel bedryf)

כאהבה : vergelykende kof + kal infinitief constr (soos Hy liefhet)

ואהבי : kal part ml mv van **אהב** (en wat versot is)

Vers 3-

²⁵⁷ Vgl Wolff 1978:63.

²⁵⁸ Vgl Anderson & Freedman 1980:296-297.

וְשָׁבָי : kal impf 2e pers vl ekv van יִשְׁבַ (jy sal stilsit)

וְנִזְתֵ אֶל : kal impf 2e pers vl ekv van זָנָה (jy sal nie promiskieus optree nie)

וְיָאֶל תְהִי : kal impf 2e pers vl ekv van הִיה (jy sal met geen man wees nie)

Vers 4-

וּבָיוּ : kal impf 3e pers ml mv van יִשְׁבַ (hulle sal moet stitsit)

Vers 5-

וּבָיוּ : kal impf 3e pers ml mv van שׁוֹב (hulle sal hulle bekeer)

וְעַזְבָו : pi perf 3e pers mv van בְקֻשָ (en hulle sal soek)

וְדַיְמָו : kal perf 3e pers mv van פָחָד (en hulle sal met siddering benader)

Ekskursus: Die betekenis van die woord אהָב in die boek Hosea:

Die woord אהָב het nie die konnotasie “to fall in love”, en dit is ook nie ’n eufemisme vir “seksuele omgang” nie, nog is dit die wettige huweliksluiting (vgl Wolff 1979:60; Quell 1952:23). Die woord אהָב beteken “spontane hulp” (11:1) en “genesing” (14:5) wat die teenoorgestelde is van woede en haat (9:15). Waar אהָב die vaderlike opvoeding van ’n kind beskryf in 11:1 en die geneesheer se genesing van siekte in 14:5, het dit in 3:1

die nuanse om die eggenoot se handeling om sy vrou terug te wen, te beskryf (vgl Wolff 1978:60; Van Leeuwen 1978:84-85; Andersen & Freedman 1980:295-296)²⁵⁹.

“n Volgende betekenis van die woord **אֶחָד** beteken liefde as “lustful desire”, aangesien dit voorkom in hoerery (vgl Wolff 1978:60). Hosea se daad van liefde teenoor sy ontroue vrou is ’n spieelbeeld van Jahwe se liefde (vgl Wolff 1978:60). **אֶחָד** het voorts ook die nuanse van “lewensoriëntasie” (vgl 3.2.4.4 (vi)a hieronder).

3.2.4.2 Analise van poëtiese struktuur²⁶⁰

| Stanza | Strofe | Stiges | | Vertaling | Parallelismes |
|--------|--------|----------------------------------|-----|---|------------------------|
| I | A | d/[yl'aehw̥y] rmaY ¹ | 1aA | Toe het Jahwe nogeens vir my gesê: | Godspraak |
| | | [h̥tbh̥a] hVaAbh̥aUJ e | 1bA | Gaan bemin 'n vrou wat bemin word deur 'n ander | sinonieme parallelisme |
| | | tparm | | en wat owerspel bedryf | sinonieme parallelisme |
| | | larchyynBata, h̥h̥yltbh̥ak | 1bB | net soos Jahwe die kinders van Israel liefhet | sinonieme parallelisme |
| | | μyrj̥ a) μyhil pAl a, μyP̥o μh̥ | 1cA | terwyl hulle na ander gode draai | |
| | | .μyb̥i:[] yv̥via | | en versot is op rosynekoekoek. | |

²⁵⁹ Ginsberg 1971:1012 verswak die krag van die woord deur aan te dui dat dit by 3:1 slegs die betekenis het om te “befriend”.

²⁶⁰ Die poëtiese binne die prosa word geanalyseer.



| | | | | | |
|--|----------|--|-----|---|-----------------------------|
| | | ybhaw | | | |
| | B | ¹ SK' rcL; hVmjj B' yLi hrKaw. ² | 2aA | So het ek haar vir my gekoop vir vyftien sikkels silwer | |
| | | pyri[ɔ] Jt, m pyri[ɔ] rmj m | | en anderhalf gomer gars | |
| | C | hyl aermau. ³ | | Toe het ek vir haar gesê: | |
| | | yl i ybivTe pyBir' yymly | 3aA | jy sal baie dae vir my wag, | chiastiese struktuur |
| | | yn̩ti al | 3aB | jy sal nie promiskieus wees nie, | |
| | | vyall תְּהִי ia | 3bA | jy sal met geen man wees nie, | |
| | | Jyll ae ynaAugm | 3bB | en dan sal ek joune wees. | |
| | D | larclynB] b̩vjt pyBir' yymly: yKi ⁴ | 4aA | Ja die kinders van Israel sal baie dae moet wag, | |
| | | rc, -yan JT m, -yat | | sonder koning en sonder prins; | sinonieme parallelle frases |
| | | hbXen' -yan j bz -yan | | sonder offers en sonder klippilare | |
| | | .pypir; d/pa ⁵ -yan | | sonder efod en terafim. | |
| | E | larclynB] b̩vjt rj'a' | 5aA | Daarna sal die kinders van Israel hulle oriëntasie verander | voortskrydende parallelisme |
| | | phyhā p̩thw̩yta, Wqbll | 5aB | en hulle sal Jahwe hulle God soek | |

| | | | | | |
|--|--|-----------------------------|-----|--|--|
| | | μΚΙ יְמִינֵדָתָו | | en Dawid hulle koning, | |
| | | /bWfAl am hwyl a, Wdj ph | 5aC | en dan sal hulle Jahwe en sy goedheid (seën) met eerbied benader | |
| | | .pymh' tyrij jaB | 5bA | in die laaste dae. | |

3.2.4.3 Bespreking van struktuur

Die sleutelwoord in die perikoop is **אהב** wat vier keer in vers 1 herhaal word. Die tekens van Jahwe se word uitgewerk in verse 2 en 5. Die perikoop is in prosa geskryf, maar bevat wel digterlike sinsnedes.²⁶¹ Die parallelismes wat daar wel is, dien tot betekenisverryking en kontiguïteit.

Daar is sinonieme parallelismes in vers 1b en 1c waar **רֹעֶה** (**אהב־אֲשֶׁה אֶחֱבָת**) gaan bemin 'n vrou wat bemin word deur 'n ander) parallel tot **כָּאֶחֱבָת יְהוָה אֶת־בְּנֵי יִשְׂרָאֵל** (net soos Jahwe die kinders van Israel liefhet) gebruik word en **וּמְנַאֲפַת** (**אהב־תְּהִלָּה**) gebruik word en **אֶחָרִים** (en wat owerspel bedryf) in 1bA parallel tot **וְהַם פְּנֵים אֶל־אֱלֹהִים** (terwyl hulle na ander gode draai) in 1cA.

²⁶¹ Vgl Wolff 1978:58.

Jahwe se liefde word dus vergelyk met die liefde van die vrou se beminde en die owerspel wat sy bedryf, word vergelyk met die draai na ander gode. Sinoniem aan die draai na ander gode is die **אהבי אשיש ענבים** (versot wees op rosynekoek) in 1cA.

(j) **ימים רבים תשבי לי** sal baie dae vir my wag) parallel gebruik word tot **אליך לא תזני וגדי אני** (en dan sal ek joune wees) en **לא תה הי לא איש** (jy sal nie promiskieus wees nie) parallel tot **לא תה הי לא איש** (jy sal met geen man wees nie).

Die stilsit vir 'n lang tyd sal dus wedersyds gebeur (Jahwe en Israel). Om nie promiskieus te wees nie beteken vanuit die chiasme om aan geen man te behoort nie.

וain שר : 'n Reeks sinonieme parallelle frase volg in vers 4a : **וain מצבה וain מלך ותרפים וain זבח וain אפוד תשבי**. Dit kwalificeer **תשבי**.

ישבו בני ישראל : Vers 5 bevat voortskrydende parallelismes : **אחר את זיהוה אלהיהם ואת דוד מלכם ובקשו** (daarna sal die kinders van Israel hulle oriëntasie verander) parallel tot **ויבקשו את זיהוה ואל-טובו מלך** (en hulle sal Jahwe hulle God soek en Dawid hulle koning) parallel tot **ויבקשו את זיהוה ואל-טובו מלך** (en dan sal hulle Jahwe en sy goedheid (seën) met eerbied benader).²⁶²

²⁶² **באחרית הימים ואת זוד מלכם** (behorende tot die Joodse eskatalogie is volgens Wolff (1978:63) waarskynlik latere toevoegings. Daar bestaan egter geen genoegsame teksgetuienis daarvoor nie.

Die voortskryding bou dus op van bekeer (oriëntasie verander), na Jahwe soek, na Jahwe met eerbied benader. Bekering het dus die implikasie van soek en vind dus sy hoogtepunt waar Jahwe met eerbied benader word. Bekering is volgens hierdie parallelisme die beginpunt van die terugkeer na Jahwe.

3.2.4.4 Inwendige tekstualiteit

(i) Herhalende tekstualiteit en patroon

Die herhaalde gebruik van **אהב** in vers 1 beklemtoon die belang van die liefde in die “huweliksrelasie”²⁶³ tussen Jahwe en Israel. Dit dien ook as motivering vir Jahwe se bemoeienis met Israel. Waar **אהב** verkeerd gerig is, ontstaan ‘n breuk in die verhouding tussen Jahwe en sy volk.²⁶⁴

Die gebruik van die chiastiese struktuur in vers 3

ימים רבים תשבי לי

ונגד אני אליך

לא תזני

²⁶³ Vgl Ekskursus 1 by Hoofstuk 3.1 hierbo.

²⁶⁴ Vgl die bespreking by 3.2.4.3 hierbo.

לא תהִי לְאִישׁ

dui op wederkerigheid in die relasie tussen Jahwe en Israel. Die dubbele gebruik van **לא** beklemtoon die afkeur van Jahwe ten opsigte van **זָנוֹת** (promiskuïteit). Die parallelisme versterk ook die opdrag tot geen hoerery en die *nie behoort aan geen man nie*.

Die herhaalde gebruik van **וְאַيִן** in vers 4 beklemtoon die wegneem van Israel se sekuriteite. Die gebruik van die sinonieme frase

וְאַיִן שֶׁר

וְאַיִן מֶלֶךְ

וְאַיִן מִצְבָּה

וְאַיִן זְבָח en

וְתַרְפִּים

וְאַיִן אֲפֹד

plaas die fokus op Israel se valse sekuriteite.

Die voortskrydende parallelismes in vers 5 :

אַחֲרֵי יִשְׁבּוּ בְנֵי יִשְׂרָאֵל

וּבְקַשׁוּ אֶת־יְהוָה אֱלֹהֵיכֶם

וְאַתֶּן דָּוד מִלְכָם

וְפָרֹדוּ אֶל־יְהוָה וְאֶל־טוֹבוֹ

beklemtoon die *Steigerung* in die bedoeling van **שׁוּב**, sodat die *met eerbied benadering tot Jahwe* die hoogtepunt van bekering is.

(ii) Progressiewe tekstualiteit en patroon

Die gebruik van **וְיֹדָךְ** (nogens)²⁶⁵ in vers 1 dui op ‘n voortgaande handeling.

In vers 2 dui die gebruik van **וְאֶכְרַתְּ** saam met **אֶכְרַתְּ** (toe het ek gekoop) op voortgang. Dit dui die reaksie op Jahwe se opdrag in vers 1 aan.

Die gebruik van **וְאָמַרְתִּי** dui ‘n verdere handeling aan wat verdere progressie veronderstel.

תַּשְׁבֵּי in vers 4 is die funksie van **כִּי** die naderbepaling van die naderbepaling van **אֶחָתְּ** in vers 3.

Die funksie van die gebruik van **אֶחָתְּ** in vers 5 is om die verlangde gevolg van Jahwe se handelinge met Israel te stipuleer.

(iii) Narratiewe tekstualiteit en patroon

Die eerste persoon weergawe deur die profeet met sy konkrete uitsprake is bedoel om gelees te word as ‘n verwysing na ‘n ware gebeurtenis.²⁶⁶

(iv) Opening-middel-afsluiting tekstualiteit en patroon

²⁶⁵ Die Masorete punktuasie plaas dit by die voorafgaande werkwoord (vgl Andersen & Freedman 1980:294)

²⁶⁶ Vgl die bespreking by 1 hierbo oor die betekenis van *memorabile*.

Die perikoop 3:1-5 begin met die verwysing na die opdrag van Jahwe aan die profeet **וַיֹּאמֶר יְהוָה אֲלֵי**, die uitvoering in vers 2-4 en die verlangde uitkoms **אַחֲרָךְ** in vers 5.

(v) Argumentatiewe tekstuur en patroon

Die oorsaak-gevolg simboliese handeling (*memorable*) van Jahwe deur sy profeet lei tot die **וְאַכְרָה** (ek sal haar koop) handeling, die opdrag tot **תָשִׁבֵּי** (stilsit) en die verwagte en verlangde resultaat **שׁוֹבֵן** in vers 5.

(vi) Sensorsies-estetiese tekstuur en patroon

Daar kan drie “body-zones”²⁶⁷ geïdentifiseer word :

a. Sone van “emotion-fused” denke

Die opdrag van Jahwe in vers 1 **לְךָ** (gaan!) met die doel om **אֶחֱבָּה-**אֲשֶׁה (‘n vrou te kies/ bemin), vereis ‘n deurdagte besluit wat uitloop op ‘n handeling. Die **אֶחֱבָּה** (liefde) is ‘n uitstaande voorbeeld van “emotion-fused” denke. Om lief te hê is ook ‘n deurdagte besluit. Dit het die element van keuse. Jy kies waarop jy jou lewe rig. **וּבְקָשָׂו**, Die verlangde handelinge **יִשְׁבוּ** (hulle sal bekeer), (en hulle sal soek) en **וּפְחַדְוּ** (en met siddering nader) het

²⁶⁷ Vgl Malina 1993:73-77.

met intensie te doen waarin denke ‘n bepalende funksie vervul.

b. Sone van “self-expressive speech”

Die spraak aktiwiteite **וַיֹּאמֶר יְהוָה** (en Jahwe het gesê) in vers 1 en **וַיֹּאמֶר אֲלֵהֶה** (en ek het aan haar gesê) in vers 3, beeld die belang van spraak in die simboliese handeling uit.

c. Sone van “purposeful action”

Daar is doelgerigte optrede by Jahwe wanneer Hy die opdrag in vers 1 aan sy profeet gee **לְךָ אַהֲבָתִשָּׁה** (gaan kies / bemin ‘n vrou). Die profeet se optrede in vers 2 **וְאַכְרָה** (en ek sal haar koop) is ‘n doelgerigte reaksie om aan Jahwe se opdrag te voldoen.²⁶⁸ Die daaruit voortvloeiende handelinge, naamlik die opdrag *om stil te sit* (**תַּשְׁבִּי**); *nie te hoereer nie* (**לَا תָּזַנֵּי**) en *aan geen man te behoort nie* (**וְלَا תָּהַיִ לְאִישׁ**), is ook doelgerigte handelinge in opdrag van die profeet om aan Jahwe se opdrag te voldoen.

Die verwagte en verlangde uitkoms in vers 5, naamlik **יִשְׁבּוּ** (hulle sal bekeer / omdraai / terugdraai), (**וּבְקֹשׁוּ**) (en

²⁶⁸ Vgl Andersen & Freedman 1980:295.

hulle sal soek) en וְפָחֹז (en met eerbied nader) impliseer definitiewe doelgerigte optrede deur Israel.

3.2.5 Intertekstualiteit

3.2.5.1 Mondeling-Skriftelike intertekstuur

Die tegniek van rekonfigurasie word weer hier gebruik in vers 3-4 (vgl Hos 2:16-17). Die sinspeling op die woestyntyd word voorgehou as verootmoedigingstyd wat uitloop op שׁוֹב tot Jahwe.

3.2.5.2 Sosiale intertekstuur

Die **אהבי אשישי ענבים** (en versot is op rosynekoekoek) in vers 1 dui waarskynlik op 'n offerhande in die Baälkultus.²⁶⁹ Daarby is die **אין** uitsprake in vers 4 'n aanduiding van die moratorium wat geplaas is op die verering van Jahwe binne die Jahwe-kultus waar Jahwe as afgod vereer is.²⁷⁰

3.2.5.3 Kulturele intertekstuur

Die perikoop 3:1-5 is ook tekenend van die boek Hosea se stryd teen die opvattings en praktyke in die kontemporêre

²⁶⁹ Daar was egter ook 'n legitieme gebruik binne die Jahwekultus (vgl Anderson & Freedman 1980:298; Jeremias 1983:54).

²⁷⁰ Vgl Wolff 1978:62-63.

Jahwistiese godsdiensbeoefening van Israel en nie soseer teen vreemde gode of godsdiens nie. Die boek benut ook hier die terminologie van die natuurgodsdiens om sy opvatting oor Jahwe te verwoord. In die perikoop word **גָּנָה** gekorrigeer deur **אֶחָב** en **שׁוֹב**.

3.2.5.4 Historiese Intertekstuur

Die verwysing na ‘n historiese gebeurtenis is afwesig in hierdie perikoop.

3.2.6 Sosiale en Kulturele tekstuur

3.2.6.1 Bepaalde sosiale onderwerpe

Die perikoop kan as *conversionist*²⁷¹ en ook *reformist* beskryf word, aangesien dit die bekering en reformasie (**שׁוֹב**) van Israel beoog.²⁷²

3.2.6.2 Algemene sosiale en kulturele onderwerpe

Volgens die status-/skandekultuur het Israel skandalig opgetree (vers 1) deur **וְמַנְאָפָת** (sy het gehoereer). Derhalwe word sy gestroop van haar godsdienstige sekuriteite (verse 3 en 4) en daarmee uitgedaag om iets te

²⁷¹ Vgl Robbins 1996:71-94.

²⁷² Vgl Van Leeuwen 1978:84.

doen om haar eer te herstel (*challenge-response*). Die verlangde “response” word uitgespel in vers 5 as **שוב** (bekering).

Daar is ook aanduiding van diadiese kontrakte/ooreenkomste. Die beginsel van wederkerigheid in die *patron-client* verhouding tussen Jahwe en Israel kom weer duidelik na vore in die gebroke “huweliksrelasie” (vers 1), asook in die moratorium op die verhouding (vers 3).

Die verwysings na ‘n Landbou-bestaansekonomie, asook ‘n industrieel-tegnologies gebaseerde ekonomie is duidelik in vers 2: **בחמשה עשר כספ וחמר שערים ולתך שערים** (vyftien sikkels silwer en anderhalf gomer gars)²⁷³.

Die frase **ימם רבים תשבי לי** (jy moet ‘n lang tyd stilsit vir my) in vers 3 kan aanduiding wees van ‘n reinheidsgebruik in terme van die reinheidskodes (rein-onrein), waarin Israel as gevolg van hulle owerspel onrein geword het en dus weer ‘n woestyntyd (reinigingstyd) moes beleef²⁷⁴.

3.2.6.3 Kulturele kategorieë

Daar is heenwysing in die perikoop na die ontaarde kultus, byvoorbeeld die frase **ואהבי אשיש ענבים** (en versot is op rosynekoekoek) in vers 1²⁷⁵. Die godsdiensbeoefening word gekritiseer in vers 1 deur die gebruik van die kras woord

²⁷³ Vgl Ekskursus 2 by Hoofstuk 2 hierbo.

²⁷⁴ Vgl Van Leeuwen 1978:85-86; Mays 1969:58.

²⁷⁵ Rosyne koeke is geëet deur deelnemers aan die kultus (2 Sam 6:19; 1 Kron 16:3; vgl Jes 16:7) en waarskynlik ook deur Hosea se tydgenote gesien as gekenke van Baäl (Wolff 1978:61).

וּמְנַאֲפָת (maar sy het overspel bedrywe), deur die plaas van 'n moratorium op kultusvoorwerpe as verering van Jahwe (vers 4)²⁷⁶. Die uiteindelike verlangde korreksie word in vers 5 voorgehou as **שׁוֹב בְּקֶשׁ**; en **פָּחָד**.

3.2.7 Ideologiese tekstuur

Die perikoop bepleit 'n terugkeer na Jahwe (vers 5), asook wederliefde (vers 1). Dit pas binne die raamwerk van 'n huweliksrelasie (vers 1) met verwysing na die natuurgodsdiens uit die Kanaänitiese leefwêreld van die Noordryk. Natuur- en vrugbaarheidselemente vorm deel van die redevoering.

3.2.8 Sakrale tekstuur

Die perikoop is deel van Hosea se *polemic monolatry* waarbinne Jahwe as die enigste God tussen al die gode (Baäls) vereer moet word (vers 1). Hy is die Een wat waarlik bemin (vers 1) en wat waarlik goed is (vers 5). Dit impliseer dat 'n monogame huwelik die tenor is om as *vehicle* te dien na 'n monoteïstiese godsdiens.

3.2.9 Opsomming

²⁷⁶ Die **אֱפֹוד וִתְרָפִים** (efod en terafim) is gebruik om na die wil van Jahwe te vra (vgl Wolff 1978:62).


Die volgende verhoudingsterme is ondersoek: Die sleutelwoord in die perikoop is **אהב** (lewensoriëntasie)²⁷⁷ wat vier keer in vers 1 herhaal word. Die tekens van Jahwe se **אהב** word uitgewerk in verse 2 en 5. Verder is **שוב** (bekeer) ondersoek soos wat die woordbetekenis ontplooï in vers 5 saam met **בקש פחד** (soek) en **פחד** (met eerbied benader).

Die volgende resultate is bereik:

- a. Jahwe se liefde is struktureel in vers 1 vergelyk met die liefde van die vrou se beminde. Die owerspel wat sy bedryf word vergelyk met die draai na ander gode. Sinoniem aan die draai na ander gode is die **אהבי אשיעי ענבים** (versot wees op rosynekoekoek). Dit dui op die aard van die volk se owerspel, naamlik dat hulle die vrugbaarheid van die land gevier het deur rosynekoekoek aan die Baäls te offer. **אהב** dui dus op *lewensoriëntasie*.
- b. Die chiasme in vers 3 impliseer dat die stilsit vir 'n lang tyd wedersyds sal gebeur (Jahwe en Israel). Om nie te hoereer nie beteken vanuit die chiasme om aan geen man te behoort nie. As Jahwe se stilsit deur sy **אהב** aangevuur is, behoort die stilsit deur Israel se uitkoms ook **אהב** (lewensoriëntasie) tot Jahwe te wees (vgl a hierbo).
- c. Deur voortskrydende parallelismes in vers 5 is aangedui dat daar 'n *Steigerung* is van *bekeer*, na *Jahwe soek*, na *Jahwe*

²⁷⁷ Vgl 3.2.4.4 (vi)a hierbo.

met siddering benader. Bekering vind dus sy hoogtepunt waar Jahwe met eerbied benader word (vgl Figuur 2 hieronder):



Bekering is volgens hierdie parallelisme die beginpunt van die terugkeer na Jahwe. Dit is in wese dan niks anders nie as **אהוב** wat dui op *lewensoriëntasie*.²⁷⁸

- d. Daar is aangedui dat die **אהוב** (wederliefde / wedersydse oriëntasie) binne die konteks van die verhouding tussen Jahwe en sy volk nie net raakvlakke het met die tipe

²⁷⁸ Vgl a en Figuur 2 hierbo.

verhouding tussen 'n man en 'n vrou nie, maar dat dit ook na sy inhoud daardeur bepaal word.²⁷⁹

- e. Sosiologies het Israel skandalig opgetree (vers 1) deur **וּמְנַאֲפָת** (sy het gehoereer). Derhalwe word sy gestroop van haar godsdienstige sekuriteite (verse 3 en 4) en daarmee uitgedaag om iets te doen om hulle eer te herstel (*challenge-response*). Die verlangde respons is aangedui in vers 5 as **שׁוֹב** (bekering / terugkeer / om jou oriëntasie te verander). Daar is ook gewys op die beginsel van wederkerigheid in die "patron-client" verhouding tussen Jahwe en Israel dmv die gebroke "huweliksrelasie" (vers 1), asook deur verwysing na die moratorium op die verhouding (vers 3).
- f. Volgens die reinigingskodes moes Israel weer 'n woestyntyd (reinigingstyd) beleef. Dit is hier aangedui as 'n verootmoedigingstyd waarbinne afsondering en toewyding 'n belangrike rol speel.
- Die volk se verval is in Hosea 3 aangedui deur die kras woord **וּמְנַאֲפָת** (maar sy het gehoereer / overspel bedrywe).
- g. Die uiteindelike verlangde korreksie word in vers 5 voorgehou as **שׁוֹב** (bekeer); **בְּקֻשׁ** (soek) en **פָחָד** (met eerbied benader). Dit is die kinders van Israel se verlangde sosiale respons op die profeet se simboliese handeling met Gomer.
- h. Uiteindelik het die ondersoekte terme **אֶחָב** (wederliefde /

²⁷⁹ Vgl Ekskursus 1 by Hoofstuk 3.1 hierbo vir 'n bespreking van die huweliksmetafoor by Hosea.

wedersydse oriëntasie; en שׁוֹב (bekering / terugkeer / om jou oriëntasie te verander), beide die nuanse vanuit hulle verwante gebruiksmodus by 3:1-5 dat dit 'n verlangde oriëntasie tov Jahwe inhoud. Ander verwante terme wat die woorde se betekenis beïnvloed, soos); פְּחֻד בְּקָשׁ (soek) en (met eerbied benader), is ook ondersoek. Die verwantskap tussen hierdie verhoudingsterme beïnvloed dus hulle betekenisnuanse soos wat hierdie studie wil aandui.²⁸⁰

3.3 HOSEA 4:1 - 5:7

3.3.1 Verkenning van die teks

Soos in 2:4-25 tree Jahwe hier in 'n regsgeding met sy volk, soos ingelei deur die profetiese uitspraak שְׁמַעוּ דִּבְרֵי־יְהוָה en die רִיב uitspraak in vers 1, gevolg deur die klagstaat in 1b en 2, ingelei deur כִּי. Die regsgeding word gerig teen die priesters (4:4-19) en leiers en priesters (5:1-7).

Hosea 4:1-3 vervul as opskrif 'n dubbele rol:

- Dit is binne 4:1-5:7 die eerste van drie regsgedinge wat 'n parallelle opbou vertoon.²⁸¹

²⁸⁰ Vgl Figuur 2 hierbo.

²⁸¹ Vgl Vosloo 1992:248.

- Dit dien ook as inleiding tot die tweede deel van die boek Hosea (hoofstukke 4-14).²⁸² Dit kom baie ooreen met die patroon waarvolgens 1:2 ‘n inleiding is tot die huweliksgeskiedenis van die profeet én tot die hele Hoseabook.²⁸³

3.3.2 Afbakening van die eenheid

Hosea 4 is die begin van die tweede hoofdeel van die boek Hosea. Hosea 1-3 handel oor biografiese gegewens aangaande die profeet . Die huweliksmetafoor word gebruik om die verhouding tussen Jahwe en Israel uit te beeld. Vanaf 4:1 bestaan die boek uit losser profetiese uitsprake.²⁸⁴ Die profetiese uitsprake word deur sommige kommentatore as losstaande uitsprake behandel.²⁸⁵

Die feit dat ‘n nuwe perikoop in 4:1 begin, word deur niemand bevraagteken nie. Die formele en inhoudelike breuk tussen 3:5 en 4:1 is voor die hand liggend.²⁸⁶ Hosea 4:1 en 5:1 begin met die imperatief שמע (hoor / luister na). Dit vervolg in die styl van ‘n regsgeding wat deur Jahwe aanhangig gemaak word. Hosea 5:8 begin ook met ‘n imperatief תקע (blaas), maar daardie perikoop staan in verband met die Siro-Efraimitiese

²⁸² Vgl *Samestelling en struktuur van die boek Hosea aan die begin van Hoofstuk 3.1 hierbo.*

²⁸³ Vgl Boshoff 1994, 89.

²⁸⁴ Vgl Anderson & Freedman [1980] wat hoofstukke 1-3 behandel onder die opschrift *Hosea’s marriage* en 4-14 onder die opschrift *Hosea’s prophecies*.

²⁸⁵ Vgl Mays 1969:61.

²⁸⁶ Vgl Boshoff 1994:87.

oorlog.²⁸⁷ Daar word 'n groot verskeidenheid indelings van Hosea 4:1-5:7 in die literatuur aangebied. Sommige geleerdees hanteer Hosea 4:1-5:7 as 'n *samehangende perikoop* maar die fyner indelings verskil heelwat.²⁸⁸ Ander werk met *losser perikope* wat breedweg in Hosea 4:1-5:7 inpas.²⁸⁹ Nog ander verkies om met *kleiner en onafhanklike eenhede* te werk.²⁹⁰ In hierdie studie word Hosea 4:1-5:7 op inhoudelike gronde as 'n eenheid hanteer. Boshoff (1994:88) dui tereg die oorsaak van die konflik waарoor hierdie eenheid handel aan as godsdiens-histories van aard, in teenstelling met die konflik oor politieke misstande in die volgende perikoop wat by 5:8 begin.

Die eenheid 4:1-5:7 is opgebou uit die volgende perikope:²⁹¹

4:1-3 'Opskrif': Jahwe versus Israel

4:4-5:7 Regsgedinge teen die leiers van Israel:

4:4-19 Jahwe versus die priesters: Godsdiens sonder God

5:1-7 Jahwe versus die priesters en die leiers:
Voorgangers van die onbekeerbare

3.3.3 Vasstelling van die teks

²⁸⁷ Vgl Alt [1919] 1953.

²⁸⁸ Vgl Frey 1961:79-81; Buss 1969:10-13; Van Leeuwen 1978:95; Anderson & Freedman 1980:317-326; Balz-Cochois 1982a:22; Vosloo 1992:248).

²⁸⁹ Vgl Sellin 1929:51-65; Wolff 1965:81-130; Rudolph 1966:93-122; Breytenbach 1979:66-115; Deissler 1981:23-29; Jeremias 1983:59-77; Hubbard 1989:96).

²⁹⁰ Vgl Robinson 1964:17-23; Ward 1966:75-101; Mays 1969:60-85; Willi-Plein 1971:129-143).

²⁹¹ Ek baseer die indeling op die indelings van Wolff (1965:81,87,119); Anderson & Freedman (1980:317,331,342-344,380); Jeremias (1983:59,63,73); Vosloo (1992:248); Boshoff (1994:88).

Hoofstuk 4

vers 2-

פרצוי : Voetnota 2a (BHS) dui aan dat LXX **kecutai epi th~gh~** (deurvloeい die aarde) vertaal. Daar is sterk aanduiding dat **בארץ** deur haplografie weens homoioteleuton uit die MT weggelaat kon wees.²⁹² Die toevoeging van **בארץ** is egter nie noodsaaklik nie. Daar word dus volstaan met die lesing van die MT.

ונגוע בדיםם (= bloedvergieting word aan bloedvergieting geryg). Kuhnigk (1974:26-28) maak 'n alternatiewe voorstel weens die ongewone verbinding van **דם** (= bloed) en **נגע** (= ryg). Hy sien **דיםם** tereg nie as die meervoud van **דם** nie, maar as afgelei van **דמה** (Pi = vergelyk, gelykenis maak) wat hier "afgodsbeeld" beteken.²⁹³

Vers 4-

ועמק כמורייבי כהן : Voetnota 4a-a (BHS) beskou hierdie frase as bedorwe en stel twee moontlike alternatiewe lesings voor. Beide alternatiewe impliseer egter wysigings aan die konsonantteks en word dus nie aanbeveel nie. Die voorstel

²⁹² Vgl Wolff 1065:81; Rudolph 1996:96.

²⁹³ Vgl die beoordeling van Andersen & Freedman (1980:339) van Kuhnigk se voorstel : "... the arguments which support the proposal are nonetheless worthy of careful attention."

van Kuhnigk (1974:31), soos uitgebrei en toegelig deur Andersen & Freedman (1980:346-350) word hier gevolg: Die **עם** (= volk / mense) van die MT word gelees as die voorsetsel **עַמָּךְ** (2e pers ekv = teen jou). Geen dittografie word vermoed wat sou kon lei tot die eliminasie van die *kaf* of die *mem* in **כְּמַרְיִבְיָה** nie, maar dit word beskou as 'n asseveratiewe (beswerende of bevestigende) partikel.²⁹⁴

Vers 5-

היום : Voetnota 5a (BHS) stel met verwysing na die LXX (**hmera~**) of **יֹמָם בַּיּוֹם** (= bedags, helder oordag) voor. Daar is egter geen ander tekstuele ondersteuning hiervoor nie. Ek handhaaf dus die lesing van BHS.

וזמיהתי : Voetnota 5d (BHS) stel 'n Pi vokalisasie voor soos onderseun deur die Vulgaat. Ek kies vir die vertaling "ten gronde bring".

Vers 6-

ואמאסאך : Voetnota 6b (BHS) dui aan dat baie manuskripte **אני** **ואמאסאך** as lesing het en dat 'n korrupte weglatting van met **ואמאסאך** miskien plaasgevind het (LXX lees **kagw apwsomai se**). Ek volstaan egter met die lesing van die MT.

²⁹⁴ Vgl Boshoff 1994:98.

Vers 7-

כבודם בקהלון : Raurell (1990:177-190) het navorsing gedoen na die LXX en ander antieke tekste se weergawes van hierdie vers. In sy navorsing na die antieke lesings vind hy bevestiging vir die opvatting dat **doxa** en **atimia** op Jahwe en Baäl dui.²⁹⁵ Kuhnigk (1974:40-42) beskou **כבוד** en **קהלון** (= “heerlikheid” en “skande”) ook as verwysings na Jahwe en Baäl. Ek aanvaar ook dat die twee woorde na Jahwe en Baäl onderskeidelik verwys.

אמיר : Voetnota 7b (BHS) meld dat die Targum en die Siriese vertaling ‘n derde persoon meervoudsvorm vertoon (teenoor die 1 mv Hi imperf van **מִוָּר** = omruil / verander). BHS stel ‘n moontlike verandering na **המִירוֹ** (= hulle het verander), voor. Die MT se vokalisering kan behou word. Jahwe kan self die agent wees van die vervulling van die priesters (as verteenwoordigers van Israel) se “Heerlikheid” vir “Skande”. Dit is ‘n ander manier om te sê dat Jahwe hom van die priesters, die kultus en dus ook van die volk onttrek.²⁹⁶

Vers 8-

²⁹⁵ Raurell (1990:186) kom tot die volgende gevolgtrekking : The modifications introduced by the Targum and the Peshitta, and the corrections made by the Sopherim appear to be aimed at stressing the antithetic “Glory-Shame” parallelism in order to give it a directly theological sense: *Glory* is the Lord of Israel, *Shame* is Baal, the Anti-Lord, the Anti-Yahweh. More than just giving a new meaning to the Hebrew or Greek text, it clarifies the meaning (beklemtoning deur Raurell).

²⁹⁶ Vgl Boshoff 1994:101.

נפשו : Voetnota 8a (BHS) meld dat sekere Hebreeuse manuskripte 'n 3e pers mv suffiks aan **נפש** voeg. Die enkelvoudige suffiks is egter die *lectio difficilior* en behoort distributief verstaan en so behou te word.²⁹⁷

Vers 10-

הצנו : Voetnota 10a (BHS) dui aan dat 2 manuskripte 'n 1 vooraan **הצנו** het. Dit kan moontlik as dittografie van die voorafgaande 1 beskou word, of die verandering kon doelbewus aangebring wees om 'n konsekutiewe vorm van die werkwoord daar te stel. 'n Verandering is onnodig. Die 1 aan die begin van vers 10 is kopulatief en nie konsekutief nie en dit kan eintlik as 'n dubbelpunt beskou word.²⁹⁸

Vers 10/11-

לשמר זנות ויין : Voetnota 11a (BHS) stel voor, met verwysing na die LXX en Siriese vertaling dat **זנות ויין** (= hoerery en wyn) as **זוננים** (= hoerery / ontug) gelees kan word en aan vers 10 gevoeg behoort te word. Ter motivering vir 'n verandering aan die konsonanteteks kan aangevoer word dat **זנות** slegs nog een keer by Hosea voorkom (6:10) en dit is daar waarskynlik

²⁹⁷ Vgl Rudolph 1966:98; Breytenbach 1979:77-78.

²⁹⁸ Vgl Breytenbach 1979:79.

sekondêr, terwyl **זָנוּנִים** die tipiese term by Hosea is wat vir die betrokke kultiese aktiwiteit gebruik word.²⁹⁹ Ek oordeel egter dat daar nie genoegsame rede is om die konsonantteks te wysig nie en handhaaf die MT.

זָנוֹת hoort wel by vers 10.³⁰⁰

Voetnota 10b-b (BHS) se suggestie dat die hele vers 10b moontlik toegevoeg is, is sonder enige tekstuele ondersteuning. Vers 10b sluit wel nie gemaklik aan by 10a (wat opsigself ‘n afgeronde geheel vorm) nie en dus volg ek Wolff (1965:87), Breytenbach (1979:80) en Boshoff (1994:102) wat vers 10b losmaak van vers 10a.

Vers 11-

תִּירֹשׁ en **וַיִּזְנֹת** word hanteer as sinonieme wat kollektief, of as ‘n hendiadis, vir beklemtoning, gebruik word.³⁰¹

Vers 11/12-

עֲמֵד : Voetnota 12a (BHS) volg die LXX en voeg **עֲמֵד** aan die voorafgaande vers 11. Dit word aanvaar, met inagneming van

²⁹⁹ Vgl Wolff 1965:89.

³⁰⁰ Vgl Jeremias 1983:63 en Kuknigk 1974:47. Kuknigk vertaal ongewoon. Hy is van oordeel dat die abstrakte woord **זָנוֹת** hier konkreet na Baäl kan verwys. Hy neem dit op as ‘n skeldnaam teen Baäl, vergelykbaar met Skande in 4:7. Hy vertaal **לְשִׁמְרַ זָנוֹת** met *um die Unzucht (Baäl) zu verehren* (= om Ontug te vereer).

³⁰¹ Vgl Breytenbach 1979:81; Stuart 1987:72, nota 11a.

die feit dat עמי die objek van die daaropvolgende ml ekv pronominale suffiks en werkwoorde is.³⁰²

Vers 13-

יבם כלותיכם : Voetnota 13a (BHS) stel as uitgang by beide werkwoorde voor. Daar is egter geen tekstuele ondersteuning hiervoor nie. Ek volstaan dus met die lesing van die MT.

Vers 15-

Voetnota 15a (BHS) suggereer met verwysing na Amos 5:5 en 8:14 dat die hele vers 15 toegevoeg is. Dit is waarskynlik toegevoeg deur 'n latere Judee trident.³⁰³ Byna al die kommentatore meld dat verstaansprobleme met hierdie vers ondervind word.³⁰⁴

אמזנה : Die LXX lui **meta pornh~** (= met 'n hoer) en lees dit as deel van vers 14. Breytenbach (1979:67,68) volg die LXX hierin. Ek oordeel egter dat die MT as *lectio difficilior* gehandhaaf moet word en dat dit wel goeie sin kan maak.³⁰⁵

³⁰² Vgl Boshoff 1994:102-103.

³⁰³ Vgl Jeremias 1983:71.

³⁰⁴ Vgl Wellhausen (1963:112), Willi-Plein (1971:136), Anderson & Freedman (1980:371), Jeremias (1983:71) en Stuart (1987:72).

³⁰⁵ Vgl Rudolph (1966:107), Van Leeuwen (1984:113-114) en Boshoff (1994:103).

Vers 17-

Die laaste drie verse van Hosea 4 lewer baie groot verstaansprobleme op. Andersen & Freedman (1980:378) maak tereg die opmerking: *All translations betray guesswork.*

וַיְנַח בָּלָו : Voetnota 17a-a (BHS) maak die voorstel dat (3 ml ekv imperfect **Hi נָחַ + בָּ** plaas / neerlê) gelees en aan vers 18 verbind moet word. Daar is egter geen teksgeswittigheid daarvoor nie. Ek handhaaf dus die lesing van die MT.

Vers 18-

Ek volg die weergawe van die MT-teks in soverre as wat dit verstaanbaar is en sluit dus aan by die benadering van Glück (1964-65:56) en Van Leeuwen (1978:116-118).³⁰⁶ Boshoff (1994:105) het tereg uitgewys dat hierdie vers van die hoogs problematiese tekste is.³⁰⁷

Boshoff (1994:105-106) se oortuiging dat 18d en 19a 'n tussenwérpsel is wat die derde co-ordinate clause ("hulle is versot op hartstog") toelig, verdien ernstige oorweging. Vers 19b voltooi dan die reeks van vier uitsprake teen die kultus en sodoende word nie slechts *moral degradation* en *wanton lust*

³⁰⁶ Vg ook Wolff (1965:89-90).

³⁰⁷ Vir meer gedetailleerde ondersoek, sien Wellhausen (1963:112); Glück (1964-65:55-57); Wolff (1965:89-90); Rudolph (1966:108); Breytenbach (1979:99-102); Balz-Cochois (1982a:34-36).

gekritiseer nie, maar ook die offerpraktyke. Die vier uitsprake en die tussenwerpsel kan dan as volg vertaal word:

- 18 Hou hulle op met suip,
 hoereer hulle hewig,
 hulle is versot op erotiese passie;
 ‘n skande is haar skaamtelose gedrag
- 19 ‘n Stormwind het haar in haar kleed toegedraai;
 en hulle sal vanweë hulle offerandes³⁰⁸ beskaam word.

סִר : Voetnota 18b (BHS) stel voor dat met **סִר** (= vriendekring) vervang moet word. Dit is nie nodig nie, aangesien **סִר** (3 ml ekv Qal perf van **סָוֶר** wegkeer, klaarmaak) verstaanbaar is. Die stylfiguur asindeton (om ‘n woord uit ‘n sin weg te laat) kom hier voor en die voorsetsel **אֵם** is ter wille van beklemtoning uitgelaat.³⁰⁹

הַזְנָה הַזְנוּ Voetnota 18c-c (BHS) vra of **הַזְנָה הַזְנוּ** uitgelaat moes wees. Ek oordeel egter die lesing van die MT-teks as *lectio difficilior* gehandhaaf moet word.

אַהֲבָה הַבוֹ : Voetnota 18d-d (BHS) laat **הַבוֹ** weg op grond van moontlike dittografie en verwys na die LXX.³¹⁰ Ek handhaaf die

³⁰⁸ Stuart (1987:86) wys daarop dat voorbeeld van ‘n verbintenis tussen brasserie en rituele seks gedokumenteer is (vgl Pope 1977:214-229,374).

³⁰⁹ Vgl Glück 1964-65:55.

³¹⁰ Raurell (1990:179) werk met die veronderstelling dat daar moonlik ‘n verskillende Hebreeuse Vorlage deur die LXX gebruik kon wees in gevalle waar die MT en die LXX wesenlik van mekaar verskil. Hos 4:18-19 is dan juis so ‘n geval waar die twee weergawes heelwat van mekaar verskil.

frase soos dit is en probeer dit vertaal ten spyte van groot onsekerheid wat vertalings kenmerk. Glück (1964-65:57) plaas **הַבּוֹ** in die betekenissfeer van die Arabiese *hûb* (= hitte, vuur) en *hbb* (= aan die brand raak, verbrand); die Etiopiese *hâb* (= hitte, vuur) en *habhab* (= om te brand). *Hbb* is ‘n algemene woord in Etiopiese dialektes en dit beteken “liefhê”. In Aramees beteken *hbb* en *hb(h)b* hitte, vlam en passie. Hy haal ook verskeie ander Bybeltekste aan wat die verbinding van **הַבּוֹ** met *hb*, *hbb*, *hbhb* ondersteun en vertaal die frase as: ... *they love erotic passion (carnal pleasures)* ...³¹¹

קָלוֹן מְגֻנִּיה : Voetnota 18e (BHS) verwys na die LXX : **ek fruagmato~ auth~** en maak voorstelle om die MT nader aan die LXX te bring. Die twee voorstelle ter verbetering van die MT is: **גָאוֹן + מִן** **מְגֻנוֹנָם** [trots] + 3 ml mv pron suffiks) en **קָלוֹן גְּנִיָּהִם** (status constructus) (קָלוֹן) **גְּנִיָּהִם** [tuin] + 3 ml mv pron suffiks). Ek oordeel saam met Emmerson (1974:492-497) dat die twee ongedefinieerde 3 vl ekv vorms in 4:18d en 19a net so behou en vertaal behoort te word, juis as spesifieke verwysings na elemente van die kultus.³¹² Daar kan dus vertaal word met “haar skaamteloze gedrag ...”.

Vers 19-

³¹¹ Van Leeuwen (1978:117) volg Glück en vertaal: “zij minnen de liefdeshartstocht”.

³¹² Emmerson (1974:492-497) beskou dit as verwysings na die godin van die kultus waarteen Hosea so hewig polimiseer.

אותה : Voetnota 19a (BHS) stel voor dat die vl suffiks na die 3 ml mv moet verander in navolging van die ml mv suffiks aan die einde van vers 18. Hierdie verandering is egter onnodig aangesien dit moontlik 'n verwysing na Efraim kan wees. Ek sluit hierin aan by Emmerson (1974:495-496) en Boshoff (1994:109) wat suksesvol argumenteer vir die behoud van die vroulik enkelvoud vorme.³¹³

מצבחותם ומצבחותם : Voetnota 19b (BHS) verander die lesing na weens haplografie en sluit aan by die LXX, Siriese en Targum vertalings. Dit is egter vir die betekenis nie belangrik watter keuse gemaak word nie, want of dit die offerhande self, of die altaar is wat ter sprake kom, dit verwys oordragtelik na die hele kultus.³¹⁴ Dit is dus onnodig om die MT te verander.

Hoofstuk 5:1-7

Vers 1-

בֵּית שָׁר Voetnota 1a (BHS) stel in die plek van **בֵּית** voor. Dit verander nikс wesensliks aan die betekenis nie en daar word ook geen tekskritiese ondersteuning hiervoor aangebied nie. Ek volstaan derhalwe by die lesing van die MT-teks.

³¹³ **אותה** is volgens Emmerson 'n verwysing na die godin van die kultus. 'n Gebruiklike manier om die vrugbaarheidsgodin voor te stel, is waar sy besig is om haar te ontbloot voor een van die gode of voor haar vereerders (vgl Winter 1983:272-283 en Keel 1992:151-152).

³¹⁴ Vgl Boshoff 1994:110.

Vers 2-

וְשַׁחַטָּה שְׂطִים : Voetnota 2a-a (BHS) dui die lesing in die teks aan as korrup. ‘n Wysiging na **וְשַׁחַט הַשְׂטִים** (= en ‘n vanggat vir Sittim) word voorgestel. Daar is groot eenstemmigheid dat die teks met minimale verandering gewysig word.³¹⁵ ‘n ט word met ‘n ח vervang en die ה wat loskom word aan **שְׂטִים** verbind, terwyl die ש van die MT na ש gewysig word. Ek aanvaar dus die wysiging van die MT-teks.

תַּעֲמִיקָן : Voetnota 2b (BHS) stel ‘n wysiging na voor. Die MT lewer egter min probleme en kan so behou word. Dit is ‘n asindetiese relatiewe sin en word vertaal: “wat diep uitgegrawe is”.

מוֹסֵר לְכָלָם : Voetnota 2c-c verwys na die LXX wat **paideuth~ umwn** (= julle “tugtiger” [מִיסֶּר לְכָמָת] vertaal. Die konsonantteks bevat egter ‘n verstaanbare Hebreeuse woord wat vertaal kan word.³¹⁶ ‘n Vertaling kan dus lui: “maar ek is Tugtiging vir julle almal”. Ek volstaan dus met die MT.

³¹⁵ Die wysiging word onder andere voorgestaan deur Wolff (1965:119), Rudolph (1966:116), Ward (1966:94), Mays (1969:79), Balz-Cochois (1982a:36), Jeremias (1983:73), Stuart (1987:88), Mazor (1989:88) en Boshoff (1994:127).

³¹⁶ Vgl Boshoff 1994:128.

Vers 3-

הָנִית : Voetnota 3a (BHS) stel **הָנִית** (3 ml ekv Hi perf) voor in navolging van die Latynse vertalings. Ek oordeel dat verandering onnodig is, aangesien die Hi perf ooreenstem met die gebruik in Hos 4:10 en 18 waar die Hi ook nie kousatief is nie.³¹⁷

Vers 4-

יְתַנוּ : Voetnota 4a (BHS) suggereer dat 'n □ (3 ml mv suffiks) weens haplografie verlore geraak het en gevolglik teruggevoeg behoort te word (= [hulle dade] laat *hulle* nie toe nie).³¹⁸ Ek aanvaar die voorstel ter wille van die betekenis.

Vers 5

וְעַנְה : Voetnota 5a (BHS) dui die 1 aan as die gevolg van dittografie. Die 1 verander egter niks aan die betekenis van die teks nie. Ek volstaan dus met die lesing van die MT.

³¹⁷ Vgl Boshoff (1994:128).

³¹⁸ Kuknigk (1974:59 nota 214, 60-66) voer aan dat dit moontlik nie haplografie is nie, maar wel 'n geval waar twee opeenvolgende identiese konsonante nie twee keer geskryf word nie. Die stelling word met talle voorbeeld uit die Ou Testament toegeleig.

ישראל : Voetnota 5b (BHS) skrap en die meeste kommentatore volg BHS na. Geen tekskritiese getuienis vir die skrapping word gegee nie. Ek volstaan met die lesing van die MT aangesien dit goeie sin maak.

יכשלו בעונם : Voetnota 5c-c (BHS) dui aan dat **יכשלו בעונם** moontlik moet wysig na. **יכשל בעוננו**. Geen getuienis word hiervoor aangebied nie. Ek volstaan met die lesing van die MT aangesien dit geen probleme oplewer nie.

כשל גמיהודה עםם : Voetnota 5d-d (BHS) word dikwels as 'n glos weens metriese oorwegings weggelaat. Boshoff (1994:129) dui egter tereg aan dat verandering aan die MT bloot op grond van metriese oorwegings by Hosea besonder riskant is, weens onsekerheid oor die teks self en weens onopgeloste probleme in verband met prosodie. Ek volstaan dus met die lesing van die MT.

Vers 7-

= משחית : Voetnota 7a-a (BHS) stel **יאכלם חדש את** veroweraar voor. Dit is egter moeilik om te visualiseer hoe die teks so kon ontwikkel. Die gewone betekenis van MT **חדש** is “nuwemaan” wat in Israel se kultus op ‘n belangrike feesgeleenthed gedui het.³¹⁹ Boshoff (1994:131) sien **חדש**

³¹⁹ Vgl Andersen & Freedman (1980:396-398) en Boshoff (1994:131).

tereg as tydsaanduiding waardeur die oordeel wat Jahwe uitspreek in terme van die kultus dateer word en vertaal korrek soos volg: “Teen Nuwemaan sal hy nou hulle landerye verteer”.

3.3.4 Teks ontleding

3.3.4.1 Woord ontleding³²⁰

Hosea 4

Vers 1-

אמת : snw vl ekv van **אמן** (verbondstrou)³²¹

חסד : snw vl ekv van **חסד** (verbondsliefde)³²²

דעת אלhim : snw vl ekv **ידע** (erkenning van God)³²³

Vers 2-

אללה : Kal inf abs van **אללה** (swerend)

כחש : Pi inf abs van **כחש** (liegend)

רצח : Kal inf abs van **רצח** (vermorend)

גנב : Kal inf abs van **גנב** (stelend)

³²⁰ Daar word weer in die ontleding gefokus op verhoudings- en aanverwante woorde.

³²¹ Vgl Hoofstuk 3.1 hierbo.

³²² Idem.

³²³ Idem.

- נאָגַן :** Kal inf abs van נָגַן (owerspel plegend)
- פְּרִצָּה :** Kal perf 3 mv van פְּרִצָּה (breek in)
- נְגַע :** Kal perf 3 mv van נְגַע (sodat bloedbad aan bloedbad / afgodsbeeld aan afgodsbeelde [וְדָמִים בְּדָמִים] raak)

Vers 6-

- מִבְלֵי הַדּוֹת :** pref plus bw van מִבְלֵה saam met snw vl ekv (weens gebrek aan kennis / erkenning)
- וְתַשְׁכַּח :** Kal impf 2 ml ekv van שְׁכַח met waw konsekutief (jy het vergeet)
- אֲשַׁכֵּח :** Kal impf 1 ekv van שְׁכַח (ek sal vergeet / misken)³²⁴

Vers 9-

- אֲשִׁיב :** Hi impf 1 ekv van שׁוֹב (Ek sal vergeld)

Vers 10-

- הָזְנוֹ :** Hi perf 3 mv van זָנוּ (hulle sal promiskieus optree)³²⁵

³²⁴ Vgl Hoofstuk 3.2 hierbo waar שְׁכַח met *misken* vertaal is.

³²⁵ Vgl Hoofstuk 3.1 hierbo waar זָנוּ met *promiskuitteit* vertaal is.

עזוב : Kal perf 3 mv van **עָזֶב** (hulle het Jahwe verlaat)

לִשְׁמַר : Kal inf constr van **שְׁמַר** (om met hoerery vol te hou)

Vers 11-

תִּירוֹשׁ וַיִּין וְתִירוֹשׁ en **זָנוֹת** : **זָנוֹת וַיִּין וְתִירוֹשׁ** hoort wel by vers 10.³²⁶ word hanteer as sinonieme wat kollektief, of as 'n hendiadis, vir beklemtoning, gebruik word.³²⁷

Vers 12-

רוֹחַ זָנוּנִים : Chaldeese gewone verbuiging (gees van promiskuïteit)

תֵּעֶה : Hi perf 3 ml ekv van **תֵּעֶה** (het verlei)

וְזָנָה : Kal impf 3 ml mv van **זָנָה** met waw konsekutief (en hulle tree promiskieus op)

Vers 13-

יְזַבֵּחַ : Pi impf 3 ml mv van **זָבֵחַ** (hulle offer)

יְקַטְּרֹו : Parallelle konstruksie. Pi impf 3 ml mv van **קָטָר** (hulle laat offerrook opgaan)

תְּזַנִּינָה : Kal impf 3 vl mv van **זָנָה** (hulle tree promiskieus op)

³²⁶ Vgl Jeremias 1983:63 en Kuhnigk 1974:47, alhoewel Kuhnigk ongewoon vertaal.

³²⁷ Vgl Breytenbach 1979:81; Stuart 1987:72, nota 11a.

ונאפנה : חסינה. Kal impf 3 vl mv van נאף (en hulle pleeg owerspel)

Vers 14-

ונאפנה : Kal impf 3 vl mv van זנה (hulle tree promiskieus op)

ונאפנה : Kal impf 3 vl mv van נאף (hulle pleeg owerspel)

עם-הזנות : voorsetsel עם met kal part vl mv van זנה (met die wat promiskieus optree)

עם-הקדשות : parallel met עם; voorsetsel עם met snw vl mv van קדש (met die tempelprostitute)

יזבח : Pi impf 3 ml mv van זבח (hulle offer)

ילבט : Ni impf 3 ml ekv van לבט (hulle sal tot 'n val kom)

Vers 15-

אמ-זנה : voorsetsel עם met Kal part ml ekv van זנה (as jy promiskieus optree)

Vers 18-

זֶנֶה : Hi inf abs en Hi perf 3 mv van **זָנָה**. Die Hi moet hier as intensief verstaan word (hulle hoereer hewig).³²⁸

אֶחֱבָה : Kal perf 3 mv van **אֶחֱבָה** en kal imperatief ml mv van **יְחַבֵּ** (hulle is versot op hartstog)

Hosea 5

Vers 3-

יִדְעַתִּ : Kal perf 1 ekv van **יִדּוֹ** (ek ken)

לֹא־נִכְחַד : Ni perf 3 ml ekv van **כְּחַד** (hy is nie onbekend nie)

זָנוֹנִית : Hi perf 2 ml ekv van **זָנָה** (jy het promiskieus opgetree)

נִטְמָא : Ni perf 3 ml ekv van **טָמֵב** (*Israel* het hom verontreinig)

Vers 4-

לִשְׁׁבָּב : Kal inf constr van **שׁׁוּב** (om terug te keer)

רוֹחַ זְנוּנִים : Chaldeese gewone verbuiging (gees van promiskuiteit)

לֹא יִדְעַ : Kal perf 3 mv van **יִדּוֹ** met negatiewe partikel **לֹא** (hulle erken nie)

³²⁸ Vgl Boshoff 1994:106.

Vers 7-

בָּגְדָּא : Kal perf 3 mv van **בָּגְדָּא** (hulle het troueloos gehandel)

Ekskursus: Die betekenis van die woord **אמות** in die boek Hosea:

Die woord **אמות** (betroubaarheid) kom in die Hoseaboek slegs by 4:1 voor. Dit is wel verwant aan **אמונה** (getrouwheid) in 2:22. Dit dui op 'n onvoorwaardelike betroubaarheid waarbinne een persoon vertroue in die ander het (vgl Eksodus 18:21; Josua 2:12), veral in sy woord (1 Konings 10:6; 22:16) en diens (Josua 24:14; 1 Sam 12:24).

Waar **אמות** die volhardende kwaliteit van verantwoordelike verhoudinge beklemtoon, ondersteep **אמונה** (getrouwheid) soms die intensiteit daarvan (vgl Hosea 4:1)³²⁹. Beide woorde word dikwels gekombineer in 'n formule wat 'n onontbindbare band van lojaliteit uitdruk (Genesis 47:29; Josua 2:14; Ps 85:11), veral God se getroue verhouding met sy volk (Eksodus 34:6; 2 Sam 15:20; Ps 89:15). In Hosea 4:1 beteken hierdie kombinasie '*n gebrek aan gemeenskapsverantwoordelikheid tussen die bewoners van die land.*'³³⁰

Die twee terme kan derhalwe hier as *verbondstrou* en *verbondslojaliteit* vertaal word.

3.3.4.2 Analise van poëtiese struktuur

| 4:1-3 ³³¹ | | | | | |
|----------------------|--------|--|-----|----------------------------------|---------------|
| Stanza | Strofe | Stiges | | Vertaling | Parallelismes |
| I | A | ¹ שָׁמַעַ דְּבָרֵי יְהוָה בְּנֵי יִשְׂרָאֵל | 1aA | Hoor die woord van Jahwe kinders | |

³²⁹ Vgl Wolff 1978:67.

³³⁰ Idem.

³³¹ Andersen & Freedman (1980: 332-333) dui suksesvol aan dat 4:1-3 meer elemente van klassieke profesie bevat as meeste dele van Hosea. Die perikoop toon 'n stilistiese patroon deur die balans van lettergrepe wat 'n poëtiese effek skep. Vgl ook 4.3 Bespreking van struktuur hieronder waar die poëtiese kontiguitéit / neweskikking aangedui word.



| | | | | | |
|--|----------|---|-----|---|-----------------------------|
| | | | | van Israel! | |
| | | כִּי רַב לְיהוָה עַמְיוֹשֵׁבִ הָאָרֶץ | 1bA | Want Jahwe het 'n regsaak met die inwoners van die land, | |
| | | כִּי אִזְרָמָתָה | 1cA | omdat daar geen verbondslojaliteit | Sinonieme parallelle frases |
| | | וְאִין־חֶסֶד | 1cB | en geen verbondsliefde | |
| | | וְאִין־דָּעַת אֱלֹהִים בָּאָרֶץ | 1cC | en geen erkenning van Jahwe in die land is nie. | |
| | B | אֱלֹהִים וּכְחַשׁ וּרְצָחַן וְגַנְבַּן וְנָאָפְּ פְּרָצָו ² | 2aA | 'n Gevloek en gelieg, moord, diefstal en owerspel vermeerder, | |
| | | וְדָמִים בְּדָמִים נָגַעֲוּ | 2bA | terwyl afgodsbeelde aan afgodsbeelde geryg word. | |
| | C | עַל־כֵּן תָּאַבֵּל הָאָרֶץ ³ | 3aA | Daarom verdor die land | Oordeel |
| | | וְאַמְלָל כְּלִי־וַיֵּשׁ בָּהּ | 3bA | en versmag alles wat daarop woon: | |
| | | בְּחִיתָה הַשְׁדָּה וּבְעוֹף הַשְׁמִים | 3cA | die wilde diere van die veld en die voëls van die hemel, | |
| | | וְגַם־דָּגִי הַיּוֹם יַאֲסִפוּ | 3dA | ja ook die visse van die see vrek. | |

4:4-19

| | | | | | |
|-----------|----------|---|-----|--|------------------------|
| II | D | אֲךָ אִישׁ אֶל־יְרָבָּה ⁴ | 4aA | Laat net niemand aankla nie | Sinonieme parallelisme |
| | | וְאֶל־יְרָבָּה אִישׁ | 4bA | en laat niemand teregwys nie. | |
| | E | וְעַפְקָה כְּמַרְיָבִי כְּהֵן: | 4cB | Ja, My twis is met jou, Priester! | |
| | | וְכַשְׁלָתָה הַיּוֹם ⁵ | 5aA | Jy sal helder oordag struikel, | Sinonieme parallelisme |
| | | וְכַשְׁלָל גַּמְנְבִּיא עַפְקָה | 5bA | ja ook die profeet sal oornag saam met jou struikel, | |
| | | לִילָה וְדָמִיתִי אַפְקָה | 5cA | en Ek sal jou moeder ten gronde bring. | |

| | | | | | |
|--|----------|---|------|---|----------------------------|
| | F | ⁶ נְדוּ עַמִּי מִבְּلִי הַדָּעַת | 6aA | My volk gaan ten gronde omdat daar nie kennis is nie; | |
| | | כִּיאָفָה הַדָּעַת מְאַסֵּת | 6bA | omdat jy nie kennis gegee het nie, | Sinonieme parallelismes |
| | | וְאַמְּסָאָד מִבְּהֹן לֵי | 6cA | sal Ek jou as priester vir My minag | |
| | | וְהַשְׁבָּח תּוֹרַת אֱלֹהִיךְ | 6dA | en omdat jy die leringe van jou God vergeet, | |
| | | אֲשַׁכֵּח בְּנֵיךְ גַּם־אָנִי: | 6eA | sal Ek ook jou kinders vergeet. | |
| | G | ⁷ כְּرָבָם כִּן חַטָּאוֹרְלִי | 7aA | Des te meer sondig hulle teen My, | |
| | | כְּבוֹדָם בְּקָלוֹן אָמִיר | 7aB | hoe meer hulle vermenigvuldig het. | |
| | | ⁸ חַטָּאת עַמִּי יָאַכְלָו | 8aA | Hulle teer op die sondeoffer van my volk | |
| | | וְאַל־עָזֹנוּם יִשְׂאִי נְפָשָׁו: | 8bA | en hulle sien uit na hulle oortredings. | |
| | H | ⁹ וְהִיה כִּעֲם כְּפָהָן | 9aA | Daarom sal dit met die priester net soos met die volk gaan: | |
| | | וּפְקַדְתִּי עַלְיוֹ דְּרָכָיו | 9bA | Ek sal hom straf vir sy optrede, | Sinonieme parallele frases |
| | | וּמַעַלְלוֹ אָשֵׁב לֹו: | 9cA | en Ek sal hom vergeld vir sy dade. | |
| | I | ⁹ וְאַכְלָו וְלֹא יִשְׁבָּעוּ | 10aA | Hulle eet, maar sal nie versadig word nie; | Sinonieme parallele frases |
| | | הַזּוּ וְלֹא יִפְרְצֹו | 10bA | hulle hoereer, maar sal nie vermeerder nie. | |
| | | כִּיאָתְדִּיחָה עָזֹבוּ לְשִׁמְרָ זְנוֹת : | 10cA | Ja, hulle het nagelaat om Jahwe te vereer deur te hoereer. | |
| | J | ⁹ וַיְיָן וְתִירֹשׁ יִקְחַ-לִבְעַמִּי: | 11aA | Wyn en mos neem my volk se hart weg. | |
| | K | ⁹ בְּעֵצֶזֶוּ יִשְׂאָל | 12aA | Hy vra 'n orakel van sy hout, | |



| | | | | | |
|--|---|---|------|---|------------------------------|
| | | וְמִקְלֹו יָגֵד לֹ | 12bA | en sy staf moet hom voorligting gee. | Sinonieme parallelisme |
| | L | כִּי רַוחׁ זָנוֹנִים הַתְּעוֹה | 12cB | Want 'n gees van owerspel verlei hulle | Voorts krydende parallelisme |
| | | וַיְזִינוּ מִתְּחַת אֱלֹהִים: | 12dB | en hulle hoereer weg van hulle God af. | |
| | | עַל־רָאשֵׁי הַהֲרִים יִזְבְּחוּ¹³ | 13aA | Hulle offer op die bergtoppe, | Sinonieme parallelisme |
| | | וְעַל־הַגְּבֻעֹות יִקְטְּרוּ | 13bA | en bring wierook op die heuwels, | |
| | | תַּחַת אֶלְון וְלִבְנָה וְאֶלְהָ | 13cA | onder die eike, populiere en terebinte, | |
| | | כִּי טֹוב צְלָה | 13dA | omdat hulle skaduwee so lekker is. | |
| | | עַל־כֵּן תָּזִינֵה בְּנוֹתֵיכֶם | 13cB | Daarom hoereer julle dogters | Chiasme |
| | | וְכָלֹתֵיכֶם תָּنַאֲפֵנָה: | 13dB | en julle skoondogters pleeg owerspel. | |
| | | לֹא־אָפְקֹוד עַל־בָּנוֹתֵיכֶם כִּי תָזִינֵה¹⁴ | 14aA | Ek sal julle dogters nie straf omdat hulle hoereer, | Sinonieme parallelisme |
| | | וְעַל־כְּלֹתֵיכֶם כִּי תָנַאֲפֵנָה | 14bA | of julle skoondogters omdat hulle owerspel pleeg nie, | |
| | | כִּי־הָם עַמְּדָה־גָּנוֹת יִפְרֹדוּ | 14cB | want <i>die priesters</i> ³³² paar met prostitute af | Sinonieme parallelisme |
| | | וְעַמְּדָה־קָדְשֹׁות יִזְבְּחוּ | 14dB | en offer saam met tempelprostitute. | |
| | | וְעַמְּלָא־יְבִין יְלַבֵּטָה: | 14eC | So kom 'n volk sonder verstand tot 'n val. | |
| | M | אִם־זֹנָה אָתָה יִשְׂרָאֵל¹⁵ | 15aA | As jy dan hoereer, o Israel, | |
| | | אַל־יִאָשְׁם יְהוָה | 15bA | laat Juda hom nie ook skuldig maak nie! | Sinonieme parallelismes |
| | | וְאַל־קָבֹא גִּילָּגָל | 15cB | Julle moet nie na Gilgal kom | |

³³² Vgl Breytenbach (1979:84).

| | | | | | |
|--|----------|---|------|--|----------------------------------|
| | | וְאַל־תִּשְׁעַלוּ בֵּית אָנוֹ | 15dB | en na Bet-Awen gaan nie, | |
| | | וְאַל־תִּשְׁבֻעוּ חִידְיוֹתֶךָ: | 15eB | en sweer nie: "So waar as Jahwe leef". | |
| | N | ¹⁶ כִּי כְּפָרָה סָרָה סָרָר יִשְׂרָאֵל | 16aA | Werklik, Israel is so weerbarstig soos 'n koppige koe! | Antitetiese parallelle struktuur |
| | | עֲקָה יְרֻעָם יְהוָה כְּכָבֵשׂ בְּמִרְחָבָה: | 16bA | Nou, sal Jahwe hulle dan laat wei soos 'n lam in die oop veldes? | |
| | | ¹⁷ חַבּוּר עַצְבִּים אַפְרִים | 17aA | Efraim is verknog aan die afgode; | |
| | | הַנְּחַלְלוּ: | 17bA | laat hom staan! | |
| | | ¹⁸ סָר סְבָאמָם הַזְוָנה הַזְוָנוֹ | 18aA | Hou hulle op met suip, hoereer hulle hewig, | |
| | | אַהֲבוּ הַבָּוֹ | 18bA | hulle is versot op erotiese passie. | |
| | | קָלוֹן מְגַנִּיחַ: | 18cB | Haar skaamtelose gedrag is 'n skande. | |
| | O | ¹⁹ אַבָּר רִוְתָּח אַוְתָּה בְּכָנָפְתָּה | 19aA | 'n Stormwind het haar in haar kleed vasgedraai | |
| | | וַיְבַשֵּׂו מִזְבְּחוֹתָם: | 19bB | en hulle sal vanweë hulle offerandes beskaam word. | |

5:1-7

| | | | | | |
|------------|----------|---|-----|--------------------------------------|-----------------------------|
| III | P | ¹ שְׁמַעְיָזָאת הַפְּהָנִים | 1aA | Luister hierna, o priesters! | |
| | | וְהַקְשִׁיבוּ בֵּית יִשְׂרָאֵל | 1bA | Let op, Huis van Israel! | Chiasme |
| | | וּבֵית הַמֶּלֶךְ הַאֲזִינוֹ | 1cA | Koningshuis, luister goed, | |
| | | כִּי לְכֶם הַמִּשְׁפָט | 1dA | want die regspraak raak julle. | |
| | | כִּירָח הַיִתְּמַלְּאָ לְמִצְפָּה | 1eB | Julle het 'n wip vir Mispa geword, | Sinonieme parallelle frases |
| | | וְרַשְׁתָּה פְּרוֹשָׂה עַל־תָּבוֹר: | 1fB | en 'n gespande net op die Tabor, | |
| | | ² וְשַׁחַתָּה שְׁטִים חָעֵמִיקָּז | 2aA | 'n vanggat in Sittim wat diep | |



| | | | | uitgegrawe is. | |
|--|----------|---|-----|---|------------------------|
| | Q | וְאַנִי מֹסֶר לְכָלָם: | 2bB | Ja Ek is Tugtiging vir julle almal. | |
| | | ³ אַנִי יַדְעַתִּי אֲפָרִים | 3aA | Ek ken vir Efraim | Sinonieme parallelisme |
| | | וַיִּשְׂרָאֵל לְאַגְּבָחָד מִמְּנִי | 3bA | en Israel is nie aan My onbekend nie. | |
| | | כִּי עַפְתָּה הַזֹּנִית אֲפָרִים | 3cB | Daarom nou: Efraim het gehoereer, | Sinonieme parallelisme |
| | | נִטְמָא יִשְׁרָאֵל: | 3dB | Israel het hom verontreinig. | |
| | R | ⁴ לֹא יִתְהַנוּ מִעַלְלֵיכֶם | 4aA | Hulle dade laat hulle nie toe | |
| | | לְשִׁבָּה אֱלֹהִים | 4bA | om na hulle God terug te keer nie, | |
| | | כִּי רַיִךְ זָנוֹנִים בְּקָרְבָּם | 4cA | want 'n gees van owerspel het onder hulle posgevat | |
| | | וְאַתִּיהוּה לֹא יִדְעָו: | 4dA | en aan Jahwe gee hulle nie erkenning nie. | |
| | | ⁵ וְעַנְהָ גָּאוֹן־יִשְׁרָאֵל בְּפָנָיו | 5aA | Israel se hoogmoed getuig teen homself, | |
| | | וַיִּשְׂרָאֵל וְאֲפָרִים יַכְשִׁלְוּ בְּעֻזָּם | 5bB | ja Israel en Efraim struikel vanweë hulle sonde. | |
| | | כִּשְׁלָגְמִידְיּוֹתָה עַמָּם: | 5cC | Ja, ook Juda het saam met hulle gestruikel. | |
| | S | ⁶ בְּצָאנָם וּבְקָרְם יַלְכוּ | 6aA | Met hulle kleinvee en hulle grootvee sal hulle gaan | |
| | | לְבָקֵשׁ אַתִּיהוּה | 6bA | om Jahwe te soek | |
| | | וְלֹא יִמְצָאוּ | 6cB | maar hulle sal hom nie vind nie; | |
| | | חֲלִזְיָה מֵהֶם: | 6dC | Hy het Hom aan hulle onttrek. | |
| | | ⁷ בִּיהּוּה בְּגַדְיוֹ | 7aA | Hulle het troueloos gehandel teen Jahwe, | |
| | | כִּיבְנִים זָרִים יָלְדוּ | 7bA | want hulle het buite-egtelike kinders gehad. | |

| | | | | | |
|--|---|---------------------------------------|-----|--|--|
| | T | עַתָּה יְאִכֵּל מֶלֶךְ אֶת־חַלְקֵיכֶם | 7cB | Nou sal hulle Nuwemaansfeeste hulle en hulle velde verteer. | |
|--|---|---------------------------------------|-----|--|--|

3.3.4.3 Bespreking van struktuur³³³

Poëtiese eenheid 4:1-3: In A word die aanklag geformuleer as die verbreking van bande met Jahwe. Hierdie klag word verder uitgewerk deur die parallelle eenheid B waar ontru poëties parallelgestel word met afgodiese verbreking van die tweede tafel van die wet. In C word die effek van die verbreking ekologies uitgewerk in 'n aarde wat steier onder Israel se oortreding. God beskik oor die natuur en C word geskets as God se uitspraak oor Israel. C en A staan so as omraming rondom B waarin die oortreding gespesifieer word.

Poëtiese eenheid 4:4-19: D dien as sterk inleiding tot die tweede regsgeding deur 'n parallelle frase wat aandui dat Jahwe die enigste is wat nou 'n aanklag het. In E word die Priester die aangeklaagde. Deur sinonieme parallelismes word die profeet en die volk betrek. By F word die effek van priesterlike versuim op die volk deur sinonieme parallelismes aangedui. By G word die aanklag teen die priesters uitgebou en by H volg 'n oordeelsaankondiging teen priester en volk wat dus 'n terugkoppeling is na E en F. By I word die straf uitgespel deur gebruik van sinonieme parallelismes. By J en K word daar teruggekeer na die werklike klag wat by K deur

³³³ Vgl ook die bespreking van 3.3.4.4 hieronder.

sinonieme parallelle aangedui word as die vra van orakels. Die dieperliggende rede vir die afvalligheid van die volk word in L met behulp van 'n voortskrydende parallelisme uitgespel as '*n gees van owerspel wat hulle laat hoereer weg van hulle God af*'. Die effek hiervan is omvattend. Derhalwe word deur middel van 'n chiasme en sinonieme parallelisme aangedui dat dogters en skoondogters betrek is. Die omvang word by M voortgebou deur Juda te betrek. By N word die aanklag teen Efraim (Israel) hervat en by O word afgesluit soos by C met die ekologiese uitwerking op die aarde.

Poëtiese eenheid 5:1-7: 'n Derde regsgeding word by P teen die Priesters en Leiers gevoer. Daar word klem geplaas op die Koningshuis deur die gebruik van 'n chiasme. Die aanklag word by Q uitgebou waar Israel (Efraim) deur sinonieme parallelismes betrek word op dieselfde wyse as by N. By R word daar soos by L en M verwys na Juda as deel van die omvattende effek van die leierskap se afvalligheid. By S word die hoogtepunt van Jahwe se oordeel aangedui as Jahwe wat Hom aan hulle onttrek het. Soos by die vorige twee eenhede by C en O, word ook hierdie eenheid by T afgesluit met die ekologiese uitwerking op die aarde.

Sleutelwoorde in die eenheid 4:1 – 5:7 is יְהֹוָה wat vyf keer en זֶה wat tien keer voorkom. Die woorde אַמְתָּה en חֲסִיד word sinoniem tot יְהֹוָה gebruik in 4:1. Daar is wel poëtiese ritme aanwesig. Daar is sinonieme parallelle frases in 4:1c, 4:9b-c, 4:10a-b, 5:1e-2a; sinonieme parallelismes in 4:4a-b,

4:5a-b, 4:6b-e, 4:13a-b, 4:14a-b, 4:14c-d, 4:15b-e, 5:3a-b, 5:3c-d. Die doel is kontiguïteit en beklemtoning (vgl 4.4 hieronder). Die chiasmes in 4:13c-d en 5:1a-c dien ter beklemtoning.

3.3.4.4 Inwendige tekstualiteit

(i) Herhalende tekstualiteit en patroon

Die herhaalde gebruik van **זנה** in 4:10-15 en 5:2-3 beklemtoon die verbreking van die huweliksrelasie van die kant van Israel teenoor Jahweh. Die gebruik van die parallelismes in 4:13 dien as dubbele bewys van die **רוּחַ זָנוֹנִים** van 4:12. Die chiasme in 4:13c-d:

תְּזִנִּינָה בְּנוֹתֵיכֶם

וְכָלֹתֵיכֶם תְּנַאֲפֵנָה

se funksie is om aan te dui hoe omvattend Israel se sonde is. Dit sluit families in, naamlik dogters en skoondogters. Voorts word promiskuïteit en overspel/egbreuk pleeg sinoniem gebruik. Die sinonieme gebruik in 4:14 word voortgesit ter wille van beklemtoning. Die sinonieme parallelismes in vers 14a-b en 14c-d:

לֹא-אָפְקֹד עַל-בְּנוֹתֵיכֶם כִּי תְּזִנִּינָה

וְעַל-כָּלֹתֵיכֶם כִּי תְּנַאֲפֵנָה

פִּיהֶם עַמְּדָהָנוֹת יִפְרֹדוּ

וְעַמְּדָהָקְדָשָׁות יִזְבְּחֻ

dui aan dat afsondering met hoere lei tot afvalligheid en die offer met tempelhoere, en hierdie זנה lei uiteindelik daartoe dat jy kop verloor en tot 'n val kom. Die funksie vd herhaling lei dus hier tot konkludering. In 5:1a vra Jahwe שמעוּזאת (om te luister). Dit word gevvolg deur 'n chiasme waar הקשיבו (om op te let) sinoniem tot (om gehoor te gee) gebruik word – 'n driedubbele beklemtoning van hoe belangrik dit is om jouself op Hom te rig. Die chiasme benadruk ook dat **בֵּית יִשְׂרָאֵל** (huis van Israel), die **בֵּית הַמֶּלֶךְ** (koningshuis) is.

Die gebruik van die sinonieme parallelle frase in 5:1e-f-2a:

כִּי־פָח הִיִּתְמַלְּכָה לְמִצְפָּה

וְרֶשֶׁת פְּרוֹשָׁה עַל־תָּבוֹר

וְשַׁחְטָה שָׁטִים הַעֲמִיקָה

is 'n woordspeling tussen Mispa, Tabor en Sittim – kultiese sentra.³³⁴

Die funksie van die sinonieme parallelisme in 5:3c-d is om aan te dui dat **זנה** jou נטהָא (onrein maak).

(ii) Progressiewe tekstualiteit en patroon

Die partikels **כְּ** en **עַל־כָּן** in 4:1,3 dien as motivering en gevvolglik progressie in die regsgeding tussen Jahwe en

³³⁴ Vgl Anderson&Freedman 1980:385-860.

Israel. Die gebruik van ְךָ by 4:5 dui voortgang aan. Wat nou volg is die gevolge van die volk se twis. Die ְךָ in 4:6,9 het dieselfde funksie. Dit dui telkens gevolg aan. Die partikel ְךָ in 4:7 dui aan hoe die volk se aanwas ook progressie in die sonde veroorsaak het. In 4:10 dui die ְךָ negatiewe progressie aan (gevolglik nie versadig en nie uitbreek in menigte nie). Voorts dui die oproep שְׁמַע־וְזָהָה in 5:1 aan dat daar 'n belangrike wending kom in die regsgeding tussen Jahwe en sy volk.

(iii) Narratiewe tekstualiteit en patroon

Hosea 4:1-5:3 is in die eerste persoon geskryf met Jahwe as die handelende subjek in die regsgeding (vgl 4:1a). Die derde persoon-oordeel deur die profeet in 5:4-7 rond die regsgeding af. Die scene het waarskynlik afgespeel by een van die belangrike hoogtes van Efraim (vgl 4:13, 17).³³⁵ Dit dateer ongeveer uit die finale jare van Jerobeam II.³³⁶ Die tema is *die kultiese wanorde van Israel*.³³⁷ Jahwe se dispuut word gemotiveer deur die afwesigheid van חסד (verbondsliefde), אהמת (verbondslojaliteit) en יד (kennis [erkenning van Jahwe]). Die plek daarvan word ingeneem deur 'n hele register van misdaad (4:2). Die disintegrasie van die sosiale en kognitieve wêreld lei tot die

³³⁵ Vgl Wolff 1978:76.

³³⁶ Vgl Wolff 1978:76; Landy 1995:53.

³³⁷ Vgl Landy 1995:53.

voortwoekering van misdade.³³⁸ Die *struikel-metafoor*³³⁹ wat deel is van die twisgesprek in 4:5a-c, mond weer uit in 5:5b-c. Sowel priester (4:4c, 6c, 9a, 14c, 5:1a) en profeet (4:5b), asook Israel (5:3a) en Juda (5:5a), struikel. Die hele land (4:3a-d) is gekontamineer, soos blyk uit die verwysing na dogters en skoondogters (4:13c-d), kinders (4:6e-8b), asook die priester se moeder (4:5c).³⁴⁰

(iv) **Opening-middel-afsluiting tekstualiteit en patroon**

Die perikoop 4:1-5:7 begin met die Godspraak **שמעו דבר־יהוה** wat die regsgeding inlei. Die regsgeding ontplooi verder tot met 5:3 in die eerste persoon met Jahwe as handelende subjek (regter). Dit word in die derde persoon afgerond in 5:4-7 deur die profeet met verdere juridiese uitsprake.

(v) **Argumentatiewe tekstuur en patroon**

Die aanklag- en straf patroon oor die afwesigheid van **חסד** (verbondsliefde), **אמת** (verbondslojaliteit) en **ידע** (kennis [erkenning van Jahwe]). word deurgaans gehandhaaf in die regsgeding/twisgesprek **כי ריב ליהוה עם־יושבי הארץ** van Jahwe met Israel (4:1b). Die Godspraak (4:1a) lei die

³³⁸ Vgl Landy 1995:53-54.

³³⁹ Vgl Ekskursus 1(v) by hoofstuk 2 hierbo.

³⁴⁰ vgl Landy 1995:54-57.

eenheid 4:1-5:7 in. Die drie hoofdele 4:1-3; 4:4-19; 5:1-7 word telkens ingelei deur die regsgeding / twisgesprek: **רִיב**

(4:1b); **הַמְשֻׁבֵּט** (4:4c) en **כָּמַרְיבֵּי** (5:1d). Die patroon aanduiding van regsgeding – klagstaat – oordeel, word deurgaans gevolg, met enkele onderbrekings by 4:4-19:

4:1-3:

Regsgeding (1b)

Klagstaat (1c-2b)

Oordeel (3a-d)

4:4-19:

Twisgesprek (4a-c)

Oordeel (5a-c)

Klagstaat (6a-8b)

Oordeel (9a-10b)

Klagstaat (10c-14d; 16a-19b))

5:1-7:

Regsgeding (1a-d)

Klagstaat (1e-5c)

Oordeel (6a-7c)

(vi) Sensorsies-estetiese tekstuur en patroon

Daar is drie sulke sones³⁴¹ :

³⁴¹ Vgl Malina 1993 : 73-77.

a. Sone van “emotion-fused” denke

Jahwe se opdrag in 4:1 שְׁמַע (luister) vra 'n besluit en wilshandeling om te gehoorsaam. Die gebrek aan kennis/ sonder toewyding) in 4:6a impliseer 'n gebrekkige fokus op Jahwe ten einde te gehoorsaam. Die volk בָּעֵצֹו יִשָּׁל (raadpleeg sy hout) in 4:12a is deel van die fokus (denkaksie) weg van Jahwe af. Dit is te wyte aan 'n רֹוח צָנוּנִים (hoergees) – 'n dwalende gees, 'n gesindheid wat jou denke en besluite wegfoekus van Jahwe af (4:12c; 5:4c). Die סְרָר (wederstrewigheid/ opstandigheid) van Israel in 4:16a is deel van hierdie weiering om te fokus op Jahwe. Die גָּזֻן-יִשְׂרָאֵל (trotsheid/ hoogmoed) van Israel in 5:5a is deel van hierdie opstand – 'n weiering om te buig voor Jahwe se gesag.

b. Sone van “self-expressive speech”

Jahwe se spraakaktiwiteit om met Israel רִיב (te twis) in 4:1b is tekenend daarvan dat kommunikasie deel is van die aanspreek van die afvalligheidsprobleem van Israel. Om die erns daarvan te benadruk, dui Jahwe in 4:4a aan dat niemand אל-ירב (ligtelik aangekla) en אל-יזח (berispe) word nie. Die feit dat Jahwe dus כִּמְרִיבִי כֶּהָן (met die priester twis) in

4:4c, is dus ernstig op te neem. Die verbod op eedaflegging **אל־תשבעו ח'י־יהוה** (en sweer nie: "So waar as Jahwe leef") in 4:15e is tekenend van die volk se valse uitsprake en deel van die rede waarom Jahwe Hom huis ernstig *teen* hulle moet uitspreek. In 5:1a vra Jahwe **שמעו־זאת** (om te luister); in 5:1b **הקשיבו** (om op te let); in 5:1c **האזין** (om gehoor te gee) terwyl Hy praat – 'n driedubbele beklemtoning van hoe belangrik dit is om jouself op Hom te rig.

c. Sone van “purposeful action”

Die doelgerigtheid waarmee Israel gesondig het, blyk uit die groot aantal werkwoorde waarmee dit beskryf word in 4:2a: **אלָה וְכַחֵשׁ וּרְצָחָה וְגַנְבָּה וְנוֹאָף פֶּרֶצָּה** (hulle sweer en lieg en moor en steel en pleeg owerspel; hulle breek in). Die volk se direkte opstandigheid teen Jahwe word weerspieël in 4:12a deur **עֲפִי בְּעַצּוֹ יִשְׁאָל** (hulle raadpleeg 'n stuk hout). Dit is deel van **יִקְרָרוּ יְזִבָּחוּ** (hulle laat rook opgaan) as doelgerigte verering van die afgode in 4:13a-b en dus direkte miskenning van Jahwe. Geen wonder dan dat hierdie handelinge daarin eskaleer dat

כָּלֹתֶיכֶם תְּנַאֲפָנָה תְּזִנִּינָה בְּנוֹתֶיכֶם (hulle dogters hoereer) en **עַמְדָּזָנוֹת יִפְרָדוּ** (hulle skoondogters pleeg owerspel)[4:13c-d] ; **עַמְדָּזָנוֹת יִפְרָדוּ** (hulle sonder hulself af met die prostitute) en **הַקְדָּשָׁות יִזְבָּחוּ** (hulle offer met die tempelprostitute) in 4:14c-d. Die een daad gee aanleiding tot die volgende, soos

weerspieël in 4:18a: **סֵר סְבָאמָם הַזֹּנוֹת הַזֹּנוֹת** (as hulle drinkery verby is, hoereer hulle te meer). Die gevolg van hierdie doelgerigte afvallige handelinge is dat **לֹשֶׁב אֱלֹהִים לֹא יִתְנַחַם מִעַלְלֵיהֶם** (hulle dade maak dit vir hulle onmoontlik om na hulle God terug te keer)[5:4a-b]. Die effek van hierdie doelgerigte afkeur aan Jahwe is dan dat wanneer **יַלְכוּ לְבָקֵשׁ אֶת־יְהוָה** (hulle heengaan om Jahwe te soek)[5:6a-b], **וְלֹא יִמְצָאוּ** (hulle Hom nie vind nie)[5:6c], want **חָלֵץ מֵהֶם** (Hy het Hom aan hulle onttrek)[5:6d]. Laasgenoemde is net so 'n doelgerigte handeling en gebeur omdat hulle **בִּיהוָה בְּגַדְךָ** (troueloos gehandel het teen Jahwe), want **בְּנִים זָרִים יָלְדוּ** (hulle het onegte kinders verwek), soos in 5:7a-b opgesom.

3.3.5 Intertekstualiteit

3.3.5.1 Mondeling-Skriftelike intertekstuur

Die tegniek van *tematiese deurwerking*³⁴² word deur hierdie hele eenheid vanaf Hosea 4:1-5:7 gebruik. Die tema wat deurgewerk word vanuit 4:1c, is dat daar **אִין־אֶמֶת וְאִין־חֶסֶד וְאִין־דָּעַת אֱלֹהִים בָּאָרֶץ** (geen

³⁴² Vgl Ekskursus 1(i) by hoofstuk 2 hierbo.

verbondslojaliteit en geen verbondsliefde en geen erkenning van Jahwe in die land is nie). Dit word uitgewerk in die groot aantal werkwoorde wat dui op hierdie afvalligheid in 4:2a, naamlik **אלָה וְכָחֵשׁ וּרְצָחַן וְגַנְבַּן וְנָאָפֶךְ פָּרָצֹן** (hulle sheer en lieg en moor en steel en pleeg owerspel; hulle breek in); **יִזְבְּחֻוּ** (hulle offer) en **יִקְטְּרוּ** (hulle laat rook opgaan) in 4:13a-b; **כָּלֹתִיכֶם תְּנַאֲפֵנָה** (hulle dogters hoereer) en **תְּזַנִּינָה בְּנוֹתֵיכֶם** (hulle skoondogters pleeg owerspel)[4:13c-d]; **עַמְּדָהָזָנָה יִפְרָדוּ** (hulle sonder hulself af met die prostitute) en **הַקְדְּשָׁוֹת יִזְבְּחוּ** (hulle offer met die tempelprostitute) in 4:14c-d; **סָר סְבָאמָם הַזֹּנוֹה הַזֹּנוֹ** (as hulle drinkery verby is, hoereer hulle te meer) in 4:18a; **בִּיהּוֹה בְּגָדוֹ** (hulle het troueloos gehandel teen Jahwe), want **בְּנוּיִם זָרִים יַלְדוֹ** (hulle het onegte kinders verwek), in 5:7a-b.

Die tegniek van *montage*³⁴³ word toegepas deur die antitetiese parallelle struktuur in 4:16a-b waar die opstandigheid van Israel en die sorg van Jahwe in antitese voorkom.³⁴⁴ Dit dien ter motivering van Jahwe se regsaak om huis nie verder te sorg nie.

Deur die tegniek van *rekontekstualisatie*³⁴⁵ word die **רִיבּוּ בְּאַמְכָם** (twis met julle moeder) in 2:4a (vgl hfst 3.1

³⁴³ Vgl Ekskursus 1(i) by Hoofstuk 2 hierbo.

³⁴⁴ Parallelisme in Hebreeuse poësie is ook 'n vorm van *montage*. Dit stel dikwels teenoorgesteldes parallel naas mekaar omdat hulle huis in hulle kontras die verskillende kante van dieselfde munt is (vgl Venter 1997: 337).

³⁴⁵ Vgl Ekskursus 1(i) by Hoofstuk 2 hierbo.

hierbo), in herinnering geroep waar לִילָה וְדָמִיתִי אַמְתָךְ (ek sal jou moeder saam met jou te gronde laat gaan) in 4:5c ‘n *autoritaire funksie*³⁴⁶ het. Dit maak die hele twisgesprek van Hosea 2:4-25 aktueel.

3.3.5.2 Sosiale intertekstuur

Die **עֲמֵי בָּעֵצֹו יִשְׁאָל** (hulle raadpleeg ‘n stuk hout) in 4:12 is ‘n aanduiding van die soek na leiding.³⁴⁷ Die legitieme gebruik was om Jahwe te raadpleeg (Rigt 1:1; 2 Sam 2:1). Ja / Nee antwoorde is verkry deur manipulasie van die efod, waarskynlik deur die Urim en Tummim te gebruik vir lotsbeslissings (1 Sam 14:38-42). In Hos 4:12a word die hout van die priester (waarskynlik sy staf) daarvoor gebruik (Gen 32:11; Num 22:27; 1 Sam 17:40; Sag 11:7). Waarskynlik het ons hier ‘n verwysing na ‘n afgod van hout wat selfs ‘n falliese simbool kon wees.³⁴⁸ Die **יִזְבְּחָו** (hulle offer) en **יִקְטָרוּ** (hulle laat rook opgaan) in 4:13a-b en **הַקְדְּשָׁוֹת יִזְבְּחָו** (hulle offer met die tempelhoere) in 4:14d, is waarskynlik vrugbaarheidsrites in die Baälkultus. Die priesters offer in die teenwoordigheid van kultusprostitute.³⁴⁹

³⁴⁶ Vgl Ekskursus 1(v) by Hoofstuk 2 hierbo.

³⁴⁷ Vgl Andersen & Freedman 1980:365.

³⁴⁸ Vgl Anderson & Freedman 1980:366.

³⁴⁹ Vgl Anderson & Freedman 1980:368; Waterman 1955:103.

3.3.5.3 Kulturele intertekstuur

Die eenheid 4:1-5:7 is ook tekenend van die boek Hosea se stryd teen die opvatting en praktyke in die kontemporêre Jahwistiese godsdiensbeoefening van Israel en nie soseer teen vreemde gode of godsdiens nie. Die gebruik om aan die gode (Baäls) dankoffers te bring vir die oes is huis die kern van verworde kultus van Israel. Jahwe is die Een wat misken is. In die eenheid word die gebrek aan **אֶתְנָה** (verbondstrou) en **חֹסֵד** (verbondsliefde / lojaliteit) en **יִדְעָה** (erkennings) van Jahwe blootgelê as rede vir die **דָמָה** (ondergang) van die volk. Herstel kan dus alleen plaasvind indien hierdie afkeer aan Jahwe omgekeer word.

3.3.5.4 Historiese Intertekstuur

Die verwysing na *Gilgal* en *Bet-Awen* in 4:15c-d herinner aan die groot kultusplekke in die Noord- en Suidryke. *Gilgal* was die eerste belangrike kampplek wes van die Jordaan (Jos 5:9). Hosea ag dit as 'n bose plek (9:15; 12:12), asook Amos (4:4; 5:5). Die belangrikheid van *Bet-eI* (die surrogaat daarvan is *Bet-Awen* – huis van boosheid) gaan terug na die Jakob tradisies . Pelgrimsfeeste is betrokke en daar is huis 'n verbod teen die opgaan na hierdie feeste.³⁵⁰ Dit is by hierdie samekomste (2:13) dat die aktiwiteite van 4:13-14 plaasvind.

³⁵⁰ Vgl Andersen & Freedman 1980:371-372

Mispa en *Tabor* in 5:1e-f en *Sittim* in 5:2a verwys na kultiese verval.³⁵¹ *Mispa* was geleë op die grens teenoor die Suidryk, nege myl noord van Jerusalem. Die vrugbaarheidsgode het daar floreer.³⁵² *Tabor* was geleë aan die Noordoostelike rand van die Jisreël vallei. Dit was ‘n plek van besondere kultiese verval en kon Israel verlei het weg van behoorlike aanbidding tot Jahwe.³⁵³ *Sittim* was geleë aan die oostelike end van die plein aan die mond van die Jordaanrivier waar Israel hulself aan Baäl-Peor toegewy het (Hosea 9:10; Num 25:1vv).³⁵⁴ Die feit dat die leiers die volk mislei het is ‘n sterk aanduiding van kultiese oortredings wat by hierdie plekke gepleeg is (4:15-19).

3.3.6 Sosiale en Kulturele tekstuur

3.3.6.1 Bepaalde sosiale onderwerpe

Die eenheid het die יְדֻעָה (erkenning) van Jahwe in die oog (4:1). Dit word naderbepaal deur אֶמֶת (verbondstrou) en חִסְדָּה (verbondsliefde / lojaliteit) en kan dus as “reformist” en “conversionist”³⁵⁵ beskryf word.

³⁵¹ Vgl Mays 1969:80-81.

³⁵² Vgl Wolff 1978:98.

³⁵³ Vgl Wolff 1978:98.

³⁵⁴ Vgl Mays 1969:81.

³⁵⁵ Vgl Robbins 1966:71-94.

3.3.6.2 Algemene sosiale en kulturele onderwerpe

Daar is aanduiding van diadiese kontrakte/ooreenkomste – spesifiek ‘n “patron-client” verhouding tussen Jahwe en Israel soos uitgespeel in die **רַב לִיהוָה** in 4:1b waarin die klag wat ingebring word teen Israel huis is dat hulle die verbodsverhouding ondervind het deurdat daar geen **אמת** (verbondstrou) en **חֶסֶד** (verbondsliefde / lojaliteit) en **ידע** (erkenning) van Jahwe in die land is nie. Binne die status-/skandekultuur het Israel skandalig opgetree deur hulle ontru wat hulle deur verskillende dade bewys het wat dui op afkeer jeens Jahwe.

Die **בְּצָאנָם וּבְבָקָרָם** (hulle kleinvee en beeste) in 5:6 is aanduiding van ‘n Landbou-bestaansekonomie. Die verwysing na **עַמֵּי בָּעֵצֹו יְשָׁא** (my volk raadpleeg sy hout) en **וּמְكָלוּ גִּיד לֹו** (en sy staf moet hom die inligting gee) in 4:12a-b; en **עַל־רָאֲשֵׁי הַהֲרִים יִזְבְּחוּ** (hulle offer op die bergtoppe) en **וְעַל־כְּלָוָתֵיכֶם כִּי תָנַפְנָה** (en hulle bring wierookoffers op die heuwels) in 4:13a-b; **כִּי־הָם עַמְדָּזָנוֹת יִפְרָדוּ** (want die priesters paar met prostitute af) en **וְעַמְדָּקְדָּשָׂות יִזְבְּחוּ** (offer saam met tempelprostitute) in 4:14c-d, is aanduidings van besondere praktyke in die kultus.

3.3.6.3 Kulturele kategorië

Die ontaarde kultus geniet ruim aandag in die eenheid 4:1-5:7. 4:6-14,17 spreek oordeel uit oor die priesteramp en die verworde kultus. Die kru realiteit van hulle afgodsdiens word in 5:7b vergelyk met בְּנִים זָרִים יָלֹדֶת (hulle het onegte kinders / kinders van vreemde vaders verwek). Vreemde vaders kan hier dui op die Baälverering.³⁵⁶ Die boek Hosea spreek hom uit teen die kultiese ideologie van sy tyd waarin Baälverering die heersende praktyk was.³⁵⁷ Die boek wil juis aandui dat Jahwe uniek is en om sodanige erkenning roep. Hosea veroordeel egter nie Kanaänitiese vermenging in Jahwisme nie, maar wel Jahwisme self.³⁵⁸ Die theologiese posisie wat Hosea bepleit teenoor die kultus van sy tyd, kan beskryf word as 'n *polemic monolatry*³⁵⁹.

3.3.7 Ideologiese tekstuur

Die eenheid 4:1-5:7 teken die resultaat van ontrou binne 'n verbond en binne die raamwerk van 'n huweliksrelasie met verwysing na die offerpraktyke uit die Kanaänitiese leefwêreld. Natuur- en vrugbaarheidselemente maak deel uit hiervan.

³⁵⁶ Vgl Andersen & Freedman 1980:395.

³⁵⁷ Aanbidding van die Kanaänitiese gode El, Baäl en Asjera was aanvaar / geduld in die vroeë fases van Israel se godsdiestige ontwikkeling (vgl Coogan, McCarter, Dever en Holladay in Miller, Hanson en McBride 1987).

³⁵⁸ Vgl Gnuse 1997:73.

³⁵⁹ Dit beteken aanbidding van een God met erkenning dat daar ander gode is, dog krities en onverdraagsaam teenoor hulle (vgl Yee 2001:8; Dearman 1992:36; Smith 1990:42-45 en Hfst 2 Ekskursus 2.2 hierbo).

Aanbidding van afgode en die verwording van die Jahwistiese kultus vorm deel van die huweliks- / verbondsontrou van Israel jeens Jahwe. Die **רֹוחַ נָגָנִים** (gees van hoerery) in 4:12c en 5:4c is 'n goeie beskrywing van die verworde verhouding jeens Jahwe. Dit is niks anders nie as *moral degradation* en *wanton lust*.

3.3.8 Sakrale tekstuur

Hosea 4:1-5:7 lewer kritiek teen 'n leefwyse wat *polemic monolatry*³⁶⁰ met Jahwe as ware God ondergrawe. Dit is 'n leefwyse waar **חסד** (verbondstrou), **אמת** (verbondslojaliteit) en **ידע** (kennis [erkenning van Jahwe]) ontbreek (4:1c). Hierdie leefwyse word gekenmerk aan, soos die klag sê: **אלֹהֶיךָ וְכָחֵשׁ וּרְצָחָן וְגַנְבָּן וְנָאָפָּךְ פְּרָצָזָה** ('n Gevloek en gelieg, moord, diefstal en overspel vermeerder) in 4:2a, **וְדָמִים בְּדָמִים נָגָעָה** (terwyl afgodsbeelde aan afgodsbeelde geryg word) in 4:2b; **מַבְלִי הַדְּעָתָה** (gebrek aan kennis) in 4:6a; **רוֹחַ נָגָנִים** (gees van hoerery) in 4:12c; 5:4c. Die direkte gevolg hiervan is dat Jahwe Hom **חַלֵּץ** (onttrek) aan hulle (5:6d).

³⁶⁰ Vgl Hoofstuk 2 Ekskursus 2.2 en 6.3 hierbo.

3.3.9 Opsomming

Die volgende verhoudingsterme is ondersoek: יְדֻעַ wat vyf keer (4:1, 6; 5:3, 4) en זָנָה wat tien keer (4:10, 11, 12, 13, 14, 15, 18; 5:3, 4) voorkom. Die woorde חִסְדָּה en אֶמְתָּה word sinoniem tot יְדֻעַ gebruik in 4:1 en was derhalwe deel van die ondersoek.

Die volgende resultate is bereik:

- a. זָנָה verwys na Israel se verbondsontrou. Dit word gebruik as simbool van die ontbindende verhouding tussen Israel en Jahwe (vgl 3.3.4.1 hierbo). Dit is te wyte aan die רוח זָנוֹנִים (gees van promiskuïteit) [4:12; 5:4]³⁶¹.
- b. Hierdie hoergees is 'n gesindheid wat die denke wegfookus van Jahwe (vgl 3.3.4.3 (vi)a hierbo). Dit gaan volgens 4:11,18 gepaard met brassery וַיַּעֲשֵׂה תְּהִרּוֹת יְקַח־לֵב (wyn en mos neem my volk se hart weg]). Dit maak hulle נְטָמָא (onrein) [5:3], wat beteken dat hulle nie aanvaarbaar is vir Jahwe nie.
- c. Hierdie gees maak hulle אֶחָבוּ הָבָז (versot op erotiese passie) [4:18]. Dit dien dan ook as sinspeling op die misplaasde אֶחָב (oriëntasie) wat hulle aan Jahwe verskuldig is.
- d. Die verbondsontrou mond verder uit in die kultus. Die volk se offerpraktyke aan die Baäls (4:12,13) geskied onder leiding

³⁶¹ Vgl Hoofstuk 3.3.3.1 hierbo waar זָנָה met promiskuïteit vertaal is. Vgl ook Figuur 3 hieronder.


van die priesters (4:6,14). Dit lei volgens 4:13 direk tot זנה (hoerery / prostitutie en נאָג (owerspel) [sinonieme parallelisme in 4:13]³⁶². Beide terme druk die verbondsontrou van die volk uit. Die verantwoordelikheid van die leiers ten opsigte van die verbondstrou van die volk word hierdeur onderstreep.

- e. Die gebrek aan יְדֻעַ (erkennung) van Jahwe deur die Priesters (4:6) mond uit in ongehoorsaamheid en grootskaalse ontrou. Gebrek aan יְדֻעַ (erkennung) van Jahwe het sy oorsprong by die kultus waar Jahwe verruil is vir die Baäls. זנה is dus die teenpool van יְדֻעַ, en dra dus hier die betekenis van *miskenning* van Jahwe (vgl Figuur 3 hieronder).
- f. 'n Chiasme in 4:6 nuanseer die betekenis van יְדֻעַ. נְדֹמוּ word dan sinoniem tot מִאֵסָת gebruik. *Die volk gaan te gronde* word gelykgestel aan *verwerping* deur Jahwe. הַדּוּת מִאֵסָת מִבְלִי הַדּוּת staan parallel tot נְדֹמוּ. Gebrek aan erkennung is direk te wyte daaraan dat die volk *kennis verwerp het* (nie toegewyd was aan Jahwe nie)³⁶³.
- g. Die betekenis van יְדֻעַ word verder bepaal deur אֲמֹת (4:1) wat onderskeidelik die betekenis dra van verbondsliefde en betroubaarheid (vgl Ekskursus 1 hierbo). As metafore vir die huweliks- (verbondsverhouding) tussen Jahwe en Israel dui dit daarop dat 'n gesindheid van ontrou en

³⁶² Vgl Figuur 3 hieronder.

³⁶³ Vgl 3.3.4.3 (i) hierbo.

dislojaliteit aanleiding gee tot die miskenning van Jahwe as die Een wat sorg.



3.4 HOSEA 6:1-6

3.4.1 Verkenning van die teks

Hosea 6:1-3 is ‘n oproep tot bekering - ‘n *priesterlike boetelied*³⁶⁴. Die interaksie tussen Jahwe en sy volk in 6:1-6 is deel van ‘n langer stuk poësie wat by 5:12 begin.³⁶⁵ Die subjek

³⁶⁴ Vgl Wolff 1978:108; Van Leeuwen 1978:136; Mays 1969:93-94; Hubbard 1989:124. (Jeremias (1983:84) is met reg van mening dat dit nie ‘n spontane meningsuiting is nie, maar ‘n gesamentlike aanduiding van die moontlikheid van bekering in die terminologie van die profeet.)

³⁶⁵ Vgl *Samestelling en struktuur van die boek Hosea* aan die begin van Hoofstuk 3.1 hierbo waar 6:1-6 deel uitmaak van die eenheid 5:8-7:16 (Die Siro-Efraimitiese oorlog en daarna).

van die priesterlike boetelied in 6:1-3 is die volk Israel. Dit word opgevolg in 6:4-6 deur 'n uitspraak deur Jahwe oor sy volk.

Die sleutelwoorde in hierdie perikope is **שׁוֹב** in vers 1; **יְדֻעַּת** in verse 3 en 6 en **תִּסְמָךְ** in verse 4 en 6.

Die perikoop 6:1-3 is 'n hoogs ritmiese gedeelte.³⁶⁶ Verse 1a, 2a en 3b bevat parallelismses.

Die uitspraak wat Jahwe maak in 6:4-6 toon ooreenkoms met die uitspraak van Israel en Juda in 6:1-3. Die stellings van wat "ons" sal doen (v 1a en v 3aA) gaan saam, en omvat die hoofstelling van wat Jahwe sal doen (v 1b-2).

Die terme **שׁוֹב** in vers 1; **יְדֻעַּת** in verse 3 en 6 en **תִּסְמָךְ** in verse 4 en 6 is verhoudingsterme wat vir die doel van hierdie studie verder ondersoek moet word.

3.4.2 Afbakening van die eenheid

Die interaksie tussen Jahwe en sy volk in 6:1-6 is deel van 'n langer stuk poësie wat by 5:12 begin.³⁶⁷ Dit bestaan uit vier stanzas: Stanza I (5:12-13); stanza II (5:14-15); stanza III (6:1-3) en stanza IV (6:4-6).

Die perikoop 6:1-3 begin as priesterlike boetelied met 'n kohortatief en is geskryf in die 1e pers mv. Dit word opgevolg deur die 1e pers ekv respons van Jahwe in 6:4-6. Die groter

³⁶⁶ Vgl Andersen & Freedman 1980:417.

³⁶⁷ Vgl Wolff 1978:108; Van Leeuwen 1978:136.

eenheid 5:12-6:6 word afgegrens deur die 1 - kopulatief met אָנִי in 5:12 en die 1 - kopulatief met הַפְּתָחָה in 6:7.

3.4.3 Vasstelling van die teks

vers 1-

גֶּ: Voetnota 1a (BHS) dui die moonlikheid van 'n invoeging van 'n 1-kopulatief aan ter wille van die parallelismes membrorum.³⁶⁸ 'n Addisionele uitbreiding וְהוּא נָכָה word ook voorgestel. Daar bestaan egter geen eksterne getuienis vir die invoegings nie. Die lesing van BHS word dus gehandhaaf.

vers 3-

וְנַדְעָה: Voetnota 3a (BHS) dui aan dat die woord moontlik verwyder moet word omdat dit 'n aanvullende gloss kan wees, dog daar bestaan geen genoegsame rede hoekom dit dan bygevoeg is nie.³⁶⁹

כִּשְׁחָר נָכוֹן מִוּצָאוֹ: Voetnota 3b (BHS) dui 'n moontlike alternatiewe lesing aan as כִּשְׁחָרנוּ כִּן נִמְצָאנוּ. Daar is egter geen eksterne teksgetuienis vir die alternatiewe lesing, terwyl

³⁶⁸ Vgl Wolff 1978:105.

³⁶⁹ Idem.

die tekslesing ook die lesing van die Masorete teks is. Geen wysiging word derhalwe aangebring nie.

ירוה: Voetnota 3c (BHS) dui 'n alternatiewe lesing aan as soos ondersteun deur die Siriese vertaling en die Targum. Die lesing van die BHS is 'n moontlike fout en 'n "misreading" van **ירוה**.³⁷⁰

vers 5-

חצבתי: Voetnota 5a (BHS) dui sonder eksterne teksgeswittigheid 'n alternatiewe lesing aan as **חצבתי**. Die lesing van die teks word derhalwe gehandhaaf.

בانبאים: Voetnota 5b (BHS) stel **בانبאים** as 'n alternatiewe lesing voor met 'n verwysing na Eksodus 31:18. Aangesien geen eksterne geswittigheid hiervoor aangebied word nie, word die lesing van die teks gehandhaaf.

הרגתים: Voetnota 5c (BHS) dui moontlike alternatiewe lesings aan as **הודעת** en **הרגת**. Die lesing van die teks word gehandhaaf.

ומשפטיך: Voetnota 5d (BHS) stel wysiging na 1ekv voor deur verwysing na voorgestelde wysigings by 5b,c en 3a. Geen

³⁷⁰ Vgl Koehler-Baumgartner 1967:90; Wolff 1978:105.

eksterne getuienis word aangebied. Die teks word onveranderd gelaat.

וְמִשְׁפְּטֵיךְ אָוֶר: Voetnota 5e (BHS) stel die alternatief καὶ τὸ κρίμα μου ως φως, gelees as אוֹר וְמִשְׁפְּטֵיכְיָה כָּאָוֶר voor as alternatief. Die lesing word ondersteun deur die Septuagint. Die wysiging word aanvaar aangesien die woorde inkorrekt verdeel is en genoegsame eksterne getuienis die wysiging ondersteun.³⁷¹

3.4.4 Teks ontleding

3.4.4.1 Woord ontleding

vers 1-

וְנַשְׁבַּב : Kal kohortatief 1 mv van **bIV** (en laat ons terugkeer)

vers 2-

יְחִינָה : Pi impf 3 ml ekv met suffiks 1 mv van **hyj** (Hy sal ons opwek)

³⁷¹ Vgl Wolff 1978:105.

וְנַחֲיה לִפְנֵינוּ : Kal impf 1 mv van **hyj** (sodat ons voor sy aangesig kan lewe)

vers 3-

וְנִדְעָה : Kal impf kohortatief 1 mv van [dy] (En laat ons erken)

נֶרֶדֶפָה : Kal impf kohortatief 1 mv van **דָרְגָה** (laat ons najaag)

לִדְעַת אֱתֹה יְהוָה : Kal inf constr van [dy] (om Jahwe te erken)

vers 4-

וְחַסְדְכֶם : snw ml ekv constr met suffiks 2 ml mv van dsj (julle verbondsliefde)

vers 6-

כִּי חָסֵד : snw ml ekv van dsj (want in liefde / lojaliteit)

וְלֹא־זָבֵחַ snw ml ekv van **בָּבָז** (en nie in offerandes nie)

וְדַעַת אֱלֹהִים : snw vl ekv van [d^v] (en in erkenning aan God)

מְעֻלָות : snw vl mv van hl [(meer as in brandoffers)

3.4.4.2 Analise van poëtiese struktuur

| Stanza | Strofe | Stiges | | Vertaling | Parallelismes |
|--------|--------|--|-----|---|---|
| I | A | לֵכְיָה וּנְשׁוֹבֶה אֶל־יְהוָה | 1aA | Kom laat ons terugkeer na Jahwe | |
| | | כִּי הִיא טַרַּף | 1bA | want Hy het geskeur | Sinonieme parallelisme ³⁷² |
| | | וַיַּרְפְּאֵנוּ | | maar sal ons genees, | |
| | | יְהָ | 1bB | Hy het geslaan | |
| | | וַיְחַבְּשֵׂנוּ | | maar sal ons verbind | |
| | B | 2 יְחִינֵנוּ מִימִים | 2aA | Hy sal ons opwek na twee dae | Voorts krydende parallelisme (chiasme) |
| | | בַּיּוֹם הַשְׁלִישִׁי יְקַמֵּנוּ | 2aB | Hy sal ons op die derde dag ophelp | |
| | | וְנַחֲחֵה לְפָנֵינוּ | 2b | sodat ons voor sy aangesig kan lewe | |
| | C | וְנִדְעֵה ³ | 3aA | En laat ons erken - | |
| | | נְרַדְפֵּה לְדִעתְתְּ אֶת־יְהוָה | | ja laat ons dit najaag om Jahwe te erken | |
| | | כַּשְׁחֹר נְכוֹן מוֹצָאוֹ | 3bA | Want so seker soos die dagbreek is sy kom | Voorts krydende parallelisme (chiasmes) |
| | | וַיְבֹא כַּגְשָׁם לְנוּ | 3bB | en Hy sal (so seker) tot ons kom soos die reën, | |
| | | כִּמְלֻקֹּשׁ יוֹרֵה אָרֶץ: | 3bC | soos die laat reëns sal Hy die aarde verkwik. | |
| II | D | מָה אָעַשְׂה לְךָ אֶפְרַיִם ⁴ | 4aA | Wat sal Ek met jou doen Efraim? | Sinonieme parallelisme |
| | | מָה אָעַשְׂה לְךָ יְהוּדָה | 4aB | Wat sal Ek met jou doen Juda? | |
| | | וְחֶסֶדְכֶם בְּעַנְזְבָּקָר | 4bA | Aangesien julle verbonds liefde is soos 'n morewolk | Sinonieme parallelisme |
| | | וְכַטֵּל מִשְׁכִּים הָלֵךְ: | 4bB | en soos 'n dou wat vroeg weer opklaar. | |

³⁷² vers 1bA (twee versbene) en 1bB (twee versbene) is elk antiteties saamgestel.

| | | | | | |
|--|----------|--------------------------------------|-----|--|------------------------|
| | E | עַל־כֵן חָצְבָתִי בְּנֵבִיאִים | 5aA | Daarom het Ek hulle neergekap deur die profete, | Sinonieme parallelisme |
| | | הַרְגִּים בְּאֶמְרֵי־פִי | 5aB | hulle gedood deur die woorde van my mond, | |
| | | וּמְשֻׁפְטִיךְ אָזְרֵי צְאָה: | 5b | en die ordele oor jou kom te voorskyn soos 'n ligstraal. | |
| | F | וְחָסְדָתְךָ תְּחַפֵּצָה וְלֹא־זָבָח | 6aA | Want Ek het 'n behae in liefde en nie in offerande nie, | Sinonieme parallelisme |
| | | וְדַעַת אֱלֹהִים מְעֻלָות: | 6aB | en in erkenning van God meer as in brandoffers. | |

3.4.4.3 Bespreking van struktuur

Die poëtiese eenheid 6:1-6 bestaan uit vier stanzas van vergelykende grootte: Stanza I (5:12-13) het vier en sestig lettergrepe; stanza II (5:14-15) het vier en sestig lettergrepe; stanza III (6:1-3) het tagtig lettergrepe; stanza IV (6:4-6) het agt en sestig lettergrepe.³⁷³ Die klein verskil tussen I + IV en II + III is geleë in v2b, wat die klimaks van die eenheid vorm.³⁷⁴

Die sleutelwoorde in hierdie perikope is **שוב** in vers 1; **ידע** in verse 3 en 6 en **חמס** in verse 4 en 6. Die oproep tot **שוב** (bekering) in 1a is deel van die priesterlike boetelied³⁷⁵ van 6:1-3. Die boetelied is saamgestel uit twee elemente,

³⁷³ Vgl Wolff 1978:418.

³⁷⁴ Idem.

³⁷⁵ Sulke liedere is gebruik in tye van nasionale krisisse waar die volk versamel het om te vas, te klaag, te bid en te offer ten einde die wraak van God te verhoed (vgl Mays 1969:93-94).

naamlik tweeledige oproep om terug te keer na Jahwe en om sy Heerskappy te erken (verse 1aA, 3aA), gevvolg deur aansprake van vertroue dat Jahwe sal red.³⁷⁶ Die kohortatiewe van die eerste element kon gesing wees deur die priester of volk as 'n uitnodiging tot boetedoening, terwyl die aansprake van vertroue gewone kenmerke was van die weeklag. Dit gryp terug na 5:10-15. Die boetedoening is die respons waarop Jahwe wag in 5:15.³⁷⁷

Die resultaat van **שׁוֹב** is **hyj** en **מִזְבֵּחַ** sodat **ונָחַת לְפָנֶיךָ** (sodat ons voor sy aangesig kan lewe) in 2b, wat die klimaks van die eenheid vorm.³⁷⁸

Die oproep tot **יְדֻעַ** in 3aA gee inhoud aan wat met **שׁוֹב** bedoel word. **יְדֻעַ** is dus 'n positiewe aksie wat nagejaag moet word - **נְרַדְפָּה לְדֻעַת** in 3aA (laat ons najaag om te erken), as deel van die **שׁוֹב** - handeling. Die gewenste resultaat van **שׁוֹב** (bekering) is die **אַמְלָא** (koms) van Jahwe soos die reën (laat reëns). Die *kom* na Jahwe gaan hier dus sy *kom* na Israel vooraf.

Die sinonieme parallelisme in v6 stel **חִסְדָּךְ** (lojaliteit) en **מַהְלָאתְךָ** (*erkenning aan ons God*) gelyk as gewensde resultaat van **פָּרָם** (my oordeel) in 5b. Dit is derhalwe ook die gewensde resultaat van **שׁוֹב**. **חִסְדָּךְ** (verbondsliefde) en

³⁷⁶ Vgl Mays 1969:93.

³⁷⁷ Idem.

³⁷⁸ Vgl Wolff 1978:418.

myhl a יְדֻעָה (erkenning aan God), staan teenoor זֶבַח (offerande) en תִּזְבַּח [תִּזְבַּח] (brandoffers).

3.4.4.4 Inwendige tekstualiteit

(i) Herhalende tekstualiteit en patroon

Die herhalende gebruik van parallelismes in 1b, 2a, 3b, 4a, 5a en 6a dien ter wille van beklemtoning. Die sinonieme parallelismes in 1b en die voortskrydende parallelisme in 2a (chiasme)

כִּי הוּא טָרַח

וַיַּרְפֹּא נָגָן

וְ

וַיַּחֲבֹשׁ נָגָן

יְחִינָנוּ מִמִּים

בַּיּוֹם הַשְׁלִישִׁי יְקַמֵּנוּ

beklemtoon Jahwe se troue verbondsversorging enersyds en dui op toenemende hoop in Jahwe se verlossing andersyds. Beide parallelismes dien as motivering vir die oproep tot שב in 6:1a.

Die voortskrydende parallelismes in 3b (chiasmes)

כִּשְׁחָר נְכוֹן מָוֶצָּא
וַיְבוֹא כְּגַם לְנוּ
כִּמְלֻקּוֹת יוֹרָה אֶרֶץ

dui op die *sekerheid* van Jahwe se kom. Dit motiveer ook die oproep in 3a om Jahwe te erken (**ידע**).

Die sinonieme parallelisme in 4a

מֵה אֲعַשֵּׂה־לְךָ אֶפְרַיִם
מֵה אֲעַשֵּׂה־לְךָ יְהוּדָה

beklemtoon Jahwe se verbondsbesorgdheid oor sowel Israel (Efraim) as Juda.

Die sinonieme parallelisme in 5a

עַל־כֵּן חָצְבָתִי בְּנֵבִיאִים
הָרְגָתִים בְּאָמְרִידִי

dien as bevestiging dat die profete die direkte spreekbuis van Jahwe is.

Die sinonieme parallelisme in 6a

כִּי חָסֵד חֶפְצָתִי וְלֹא־זָבַח וְדַעַת אֱלֹהִים מְעוּלָות

stel (lojaliteit) en **מַיְהָלָא יְדֻעָה** (erkenning van ons God) gelyk as gewensde resultaat van **רִפְוָם** (my oordeel) in 5b.

(ii) Progressiewe tekstualiteit en patroon

Die gebruik van die kohortatief **וְנַשְׁׁיבָה** (en laat ons terugkeer) saam met **לְכָיו** (kom) in vers 1aA dui wending aan. Dit is 'n definitiewe oproep om terug te keer na Jahwe.

Die gebruik van die **וְ** saam met die kohortatief **נַדְעָה** (laat ons erken) in vers 3aA dui op voortgang van die kohortatief oproep van vers 1aA.

Die funksie van die **וְ** in vers 4bA is naderbepaling (redegewend) op die vraag van Jahwe in 4aA.

Die funksie van **עַל־פָּנָן** in 5aA dui die resultaat aan van die volk se "liefdeloosheid" in vers 4b, naamlik die gevolglike straf van Jahwe.

Die gebruik van **קָ** in vers 6aA plaas Jahwe se vrae in vers 4 en handelinge in vers 5 in perspektief. Die gewensde resultaat van al sy handelinge is **דְּסֵגְנָה** en **מַיְהָלָא יְדֻעָה**.

(iii) Narratiewe tekstualiteit en patroon

Hosea 6:1-3 is ‘n oproep tot bekering - ‘n priesterlike boetelied³⁷⁹. Dit word in 6:4-6 opgevolg deur Jahwe se vrae, handelinge en motivering tov straf. Hosea 6:4-6 plaas dus die priesterlike boetelied in perspektief.

(iv) Opening-middel-afsluiting tekstualiteit en patroon

Die perikoop 6:1-3 begin met ‘n oproep tot bekering as deel van die priesterlike boetelied. Dit word opgevolg deur die motivering, naamlik Jahwe se oordeel in 6:4-5, en dit word in 6:6 afgesluit met die gewenste resultaat van sowel die “bekering” as die “oordeel”, naamlik *dsj* en *myhl a יְדֻעַ*.

(v) Argumentatiewe tekstuur en patroon

Die oproep tot **שׁוֹבֵךְ** (bekering) in 1aA is deel van die priesterlike boetelied van 6:1-3. Die resultaat van **שׁוֹבֵךְ** is *hyj* en *MWQ* sodat **וְנִיחַד לִפְנֵי** (sodat ons voor sy aangesig kan lewe) in 2b. Die doel van die vraag van Jahwe in 6:4 is kritiek op die boetelied. Die vraag is: Is dit vir Israel moontlik om terug te keer na Jahwe (5:15b-6:3,

³⁷⁹ Vgl die funksie van die kohortatiewe by 3.4.4.4 (ii) hierbo.

4b, 7-10a; 7:2) ? Is dit moontlik vir Jahwe om terug te keer om Israel te verlos (5:15a; 6:4a, 5-6, 11b-7:1a) ?³⁸⁰

(vi) **Sensorsies-estetiese tekstuur en patroon**

Die drie “body-zones” soos deur Malina (1993:73-77) geïdentifiseer, kom voor:

a. Sone van “emotion-fused” denke

Die gewensde resultaat van Israel se שׁוב, naamlik וָנוֹחַת לִפְנֵי (sodat ons voor sy aangesig kan lewe) in 2b, duï op die begeerte om in teenwoordigheid van Jahwe te lewe.³⁸¹ Israel se שׁוב is ‘n bewuste en deurdagte besluit. Die kohortatiewe oproep tot וְנִדְעָה נֶרְדָּפָה לְדַעַת אֱתֹנָה (laat ons erken en laat ons dit najaag om Jahwe te erken) in 3a duï op ‘n intense priesterlike begeerte om gemeenskap met Jahwe. Jahwe se aanklag in vers 4 dat die volk se dsj (lojaliteit / liefde) gou verdwyn, duï op ‘n gesindheid van keuse teen God. Jahwe se Åpj (behae) in vers 6 bestaan dan in dsj (liefde) en myhl a יְדֻעַ (erkenning van God).

³⁸⁰ Wolff 1978:109.

³⁸¹ Vgl Wolff 1978:117-118; Andersen & Freedman 1978:422.

b. Sone van “self expressive speech”

Die priesterlike *oproep* לֵבָךְ (kom) in 6:1 wil *oproep* tot drastiese optrede van die volk. So ook Jahwe se optrede deur die profete, naamlik הַרְגִּתִּים בְּאֶמְرֵי־פָּנָיו (hulle gedood deur die woorde van my mond) in 6:5. Dit dui op die groot rol van die profete in die *uitspreek* en voltrekking van Jahwe se oordeel.

c. Sone van “purposeful action”

Daar is in die perikope 6:1-3 en 6:4-6 heelwat doelgerigte handelinge:

שׁוֹב (bekeer) is naas ‘n deurdagte besluit ook ‘n doelgerigte handeling in 6:1. Jahwe se gewensde handelinge in 6:1, naamlik יְרַפֵּא (Hy het verskeur), אֶפְרַע (en Hy sal ons genees), הַקְרֵב (Hy het geslaan), en וְבִרְכֵה (en Hy sal ons verbind), is doelgerig met die oog op Israel se herstel. So ook sy gewensde handeling van herstel in 6:2: יְחִינֵנוּ מִימִם בַּיּוֹם (Hy sal ons na twee dae opwek), en הַשְׁלִישִׁי יִקְרָנוּ (op die derde dag ons ophelp), wat daarop gerig sal wees dat Israel וְנוֹחַת לְפָנָיו (voor sy aangesig kan lewe). Die priesterlike begeerte in 6:3 is dan ook dat Jahwe doelgerig אֵלֶיךָ (kom) om te seën. Jahwe se oordeel in 6:5, naamlik חֲצַבְתִּי בְּנוּבְיאִים (Ek het

hulle neergevel deur die profete), is doelgerig vanweë die volk se gebrek aan dsj (verbondsliefde).

3.4.5 Intertekstualiteit

3.4.5.1 Mondeling-Skriftelike intertekstuur

Die tegniek van sitaat³⁸² word waarskynlik hier aangewend waar daar ‘n sinspeling (allusie)³⁸³ is op die “wydverspreide geloof” dat daar ‘n drie dae wagtyd was na die dood voor die finale skeiding van die liggaam en die siel. Dit kan ook verwys na Esegiël 37, maar Hosea gebruik dit figuurlik.³⁸⁴ Die opwekkings-taal dien dan hier as *metafoor* vir *verbondsherstel* en dui op die tegniek van *rekonfigurasie*.

3.4.5.2 Sosiale intertekstuur

Slaan (fisiese geweld), verbind (mediese wêreld) in 1bB; reën³⁸⁵ (landbou) in 3bB en 3bC, profete (sosiale strukture) in 5aA verwys na die sosiale leefwêreld.

³⁸² Vgl Ekskursus 1(i) by Hoofstuk 2 hierbo.

³⁸³ Idem.

³⁸⁴ Vgl Andersen & Freedman 1980:420; Van Leeuwen 1978:137-138.

³⁸⁵ Die gelykenisse van die dagbreek asook die seisoenmatige terugkeer van die eerste herfsreën en van die laat lentereën openbaar die natuur-mitiese denke wat beïnvloed is deur die Baälgodsdiens (Mays 1969:96; Wolff 1978:119). Waar Jahwe so bedink word op hierdie onhistoriese en onpersoonlike manier, verloor שׁוֹב (bekeer) en myhl a יְדֻעַ (erkennung van God) hulle geldigheid en krag vir reformasie, aangesien hulle dan geen fokus op die heisgeskiedenis en verbondsverhouding het nie (vgl Mays 1969:96).

3.4.5.3 Kulturele intertekstuur

Die verwysing in 6:6 na **יְהוָה** (offerandes)³⁸⁶ en **hl** [(brandoffers)³⁸⁷ duï op praktyke in die kontemporêre Jahwistiese godsdiensbeoefening van Israel. In die agste eeuse Israel was offers die noodsaaklike godsdiestige handeling (vgl Mays 1969:98). Jahwe stel daarteenoor **dsj** (liefde) en **myhl a יְהוָה** (erkennings van God).

Jahwe wil gemeenskap met Israel hê deur lojaliteit en liefde in plaas van verbondsmaaltye.³⁸⁸

3.4.5.4 Historiese Intertekstuur

Die *perfektum* werkwoorde in 6:5 verwys waarskynlik na die vroeëre profete van die Noordryk, bv Ahijah van Silo, Elia, Micajah ben Imlah en Amos, asook Hosea se eie uitsprake (5:8,14).³⁸⁹ Die boek Hosea verwys waarskynlik na die onmiddelik voorafgaande vernietiging van Israel se weermag deur Tiglat-pileser III as die vervulling van ‘n vroeëre profesie. Terselfertyd verwys hy waarskynlik na ‘n nog groter katastrofe wat hy pas tevore aangekondig het (5:8, 14).

³⁸⁶ ‘n Maaltyd waardeur die aanbidders gemeenskap met die godheid soek (Mays 1969:98).

³⁸⁷ ‘n Handeling waardeur die hele offerdier gebruik is om verwondering aan die godheid te betoon (Mays 1969:98).

³⁸⁸ Vgl Mays 1969:98.

³⁸⁹ Wolff 1978:120.

3.4.6 Sosiale en Kulturele tekstuur

3.4.6.1 Bepaalde sosiale onderwerpe

Beide 6:1-3 en 6:4-6 kan as “conversionist” en ook “reformist”³⁹⁰ beskryf word, aangesien dit die **שוב** (terugkeer) van Israel in die oog het.

3.4.6.2 Algemene sosiale en kulturele onderwerpe

Die *priesterlike boetelied* in 6:1-3 se oogmerk binne ‘n status-/skandekultuur is om Jahwe uit te daag (*challenge-response*) om hulle te *אָפַר* (genees) en te *וְבִרְכֵ* (verbind). Daarop is Jahwe se oordeel in 6:5 ‘n “challenge” tot bekering na **חֶסֶד** (verbondsliefde) en *מַהְלָא יְדֻעָה* (toewyding aan ons God).

Daar is ook aanduiding van diadiese kontrakte/ooreenkomste. Die beginsel van wederkerigheid in die *patron-client* verhouding tussen Jahwe en Israel kom na vore in die konsep van **שוב** (terugkeer) binne die verbondsrelasie. Binne hierdie relasie funksioneer die terme **חֶסֶד** (verbondsliefde) en *מַהְלָא יְדֻעָה* (toewyding aan ons God) as Israel se verlangde respons.

³⁹⁰ Vgl Robbins 1996:71-94.

3.4.6.3 Kulturele kategorië

Die ontaarde kultus word in terme van יְבָל (offerandes) en הַלְּ [(brandoffers) afgespeel teenoor die suiwere חסֶד (liefde) en myhl a יְדֻעָה (toewyding aan ons God) in 6:6.³⁹¹

3.4.7 Ideologiese tekstuur

Die perikope 6:1-3 en 6:4-6 bepleit 'n terugkeer na Jahwe. Dit moet gebeur binne die raamwerk van 'n verbondsrelasie en neem stelling in teen die ontaarde kultus (6:6).

3.4.8 Sakrale tekstuur

Hosea 6:1-6 bepleit dat Israel hulle onderwerp aan Jahwe deur חסֶד (liefde) aan Jahwe te bewys asook myhl a יְדֻעָה (toewyding aan ons God) binne die raamwerk van die verbond. Hy is immers die enigste God.

3.4.9 Opsomming

Die volgende verhoudingsterme is ondersoek:

שוב (terugkeer) in 6:1; יְדֻעָה (erkenning) in 6:3,6; en חסֶד (liefde) in 6:4,6.

³⁹¹ Vgl 3.4.4.3 hierbo.

Die volgende resultate is bereik:

- a. Die priesterlike boetelied in 6:1-3 plaas deur middel van die kohortatiewe in verse 1 en 3 **שׁוֹב** (terugkeer) en **יְדֻעַ** (erkenning) naas mekaar. Om dus terug te keer na Jahwe behels om erkenning aan Hom te gee.
- b. Die oogmerk van **שׁוֹב** (terugkeer) is (sodat ons voor sy aangesig kan lewe) in 2b.³⁹² Dit is 'n begeerte om in teenwoordigheid van Jahwe te lewe.
- c. **שׁוֹב** is 'n deurdagte besluit en 'n doelbewuste handeling.
- d. Die gebruik van die sinonieme parallelisme in 6:6 stel **חִסְד** (verbondsliefde) en **מֵהָלָא יְדֻעַ** (erkenning van God) op dieselfde betekenisvlak.³⁹³ Dit beteken dus dat Israel se prioriteitskeuse hulle vlak van erkenning jeens Jahwe bepaal, of anders gestel - dat hulle gebrek aan erkenning jeens Jahwe te wyte is daaraan dat hulle nie lojaal is aan Hom nie, *maar aan die Baäls*.
- e. Die gewenste resultaat van Jahwe se "oordeel" (v4-5) en die volk se "bekering", is **דְּסֵנֶת** (liefde) en **מֵהָלָא יְדֻעַ** (erkenning / toewyding aan God).
- f. Die *priesterlike boetelied* in 6:1-3 se oogmerk binne 'n status-/skandekultuur is om Jahwe uit te daag (*challenge-response*) om hulle te **גָּמֵן** (genees) en te **נָבָעַ**

³⁹² Vgl Figuur 4 hieronder.

³⁹³ Idem.


verbind).³⁹⁴ Daarop is Jahwe se oordeel in 6:5 'n challenge tot bekering na חסד (verbondsliefde) en myhl a יְדֻעַ (erkenning van God).

- g. Die ontaarde kultus word in terme van יְבָל (offerandes) en הֵלֶב (brandoffers) afgespeel teenoor die suiwere חסד (liefde) en myhl a יְדֻעַ (toewyding aan / erkenning van ons God) in 6:6, aangevuur deur die פִּגְוִימִים (oordeel) van Jahwe.³⁹⁵
- h. Die beginsel van wederkerigheid in die *patron-client* verhouding tussen Jahwe en Israel kom na vore in die konsep van שׁוֹבֵן (terugkeer) binne die verbondsrelasie. Binne hierdie relasie funksioneer die terme חסד (liefde) en myhl a יְדֻעַ (erkenning van God) as Israel se verlangde respons en word dan ook sinoniem gebruik.³⁹⁶
Die onderlinge relasies kan as volg uitgebeeld word:

³⁹⁴ Idem.

³⁹⁵ Vgl 4.3 en 6.3 hierbo.

³⁹⁶ Vgl Figuur 4 hieronder.



3.5 HOSEA 11:1-11

3.5.1 Verkenning van die teks

Hosea 11:1-11 vorm deel van die tweede groot eenheid 4:4-14 en meer spesifiek deel van die sub-eenheid 9:10-11:11. Laasgenoemde eenheid verwys na historiese gebeurtenisse –

die verlore onskuld van Israel se Jeug.³⁹⁷ Dit is ‘n *histories-teologiese beskuldiging*³⁹⁸, soos wat die opsommende uitspraak **וְעַמִּי תָּלִיאִם לִמְשֹׁבֶתִי** in 7a aandui.³⁹⁹ Dit is hier gestruktureer in analogie tot ‘n juridiese beswaar van ‘n vader teenoor sy ongehoorsame seun.⁴⁰⁰

Die eenheid 11:1-7 is geskryf in 1e pers ekv. Die aangeklaagde party word in die 3e pers aangespreek. In die eenheid 11:8-11 word Israel-Efraïm direk aangespreek. Dit is te wyte aan die oorgang van beskuldiging na die voorstel om ‘n skikking te bereik (*Schichtungsvorschlag*). Die beskuldiging word voor die hof gebring, terwyl die voorstel om ‘n skikking direk aan die aangeklaagde gerig word, veral tydens ‘n nagebootste dispuut.⁴⁰¹

Die sleutelwoorde in die perikoop is **bha** wat voorkom in verse 1 en 4, asook **בָּיו** wat voorkom in verse 5 (twee keer), 7 en 9. Daar is poëtiese ritme in verse 1-9 en 11, maar dit ontbreek in v10.

3.5.2 Afbakening van die eenheid

Hosea 11:1-11 is ‘n homogene eenheid, afgegrens van die voorafgaande en daaropvolgende literêre konteks. Daar is

³⁹⁷ Vgl *Samestelling en struktuur van die boek Hosea aan die begin van Hoofstuk 3.1* hierbo.

³⁹⁸ Vgl Van Leeuwen 1978:222; Wolff 1978: 193-194; Jeremias 1983:139.

³⁹⁹ Landy 1995:137 is van oordeel dat Hosea 11 ‘n teenbeeld en grootliks ‘n omkering is van Hosea 9.

⁴⁰⁰ Vgl Landy 1995:136.

⁴⁰¹ Vgl Wolff 1978: 194.

geen verbindingswoord met 10:9-15 nie en die direkte aanspreek van Israel, ontbreek feitlik in geheel hier.⁴⁰²

Hosea 11:1- 11 begin met 'n volledige verhaal en 'n heelwat meer intensiewe historiese terugblik. Dit is ook duidelik dat 'n nuwe gedeelte by 12:1 begin, waar die subjek nuut aangespreek word en waar die tema duidelik verander.

Die eerste persoon Godspraak vervolg in v 8f. Die enkelvoud adres roep die enkelvoud vorme van die metaforiese personifikasies in v 1, 3a, 4b, 5a, 6a na vore. Inhoudelik is die uitspraak **לא אשׁב לשָׁחַת אֲפֻרִים** in vers 9 net verstaanbaar teen die agtergrond van die vorige dissiplinêre maatreëls teen Israel in vv 1-7. Hosea 11:1-9 is dus 'n retoriiese eenheid.⁴⁰³

Jahwe se 1e pers uitspraak vervolg in v11. Israel word aangespreek in die 3e pers, (soos in v 2-4a, 5b, 6b, 7), ipv die direkte aanspreek in v 8a, 9b, wat reeds onderbreek is deur die derde persoon in v9a.

Derhalwe verander die belofte van verlossing (2e pers) na die verklaring van verlossing (3e pers). Daarom hoort v11 ook tot die retoriiese eenheid van v 1-9. Slegs v10 maak uitsprake oor Jahwe in die derde persoon in hierdie hoofstuk. Inhoudelik is dit verstaanbaar as kommentaar op v11, veral op die woord **יחרדך**. Hierdie "kommentaar" moet 'n invoeging wees van die tradisionaliste.⁴⁰⁴

⁴⁰² Vgl Wolff 1978:193.

⁴⁰³ Vgl Wolff 1978: 193-194.

⁴⁰⁴ Dit word bevestig deur die ooglopende gebrek aan poëtiese digting in vergelyking met vv 9 en 11(vgl Wolff 1978:195).

3.5.3 Vasstelling van die teks

Vers 1-

וְאַתָּה | : Voetnota 1a (BHS) : Die alternatiewe lesing van die LXX **ta tekna auto** word ondersteun die Targum na aanleiding van die meervoud in vers 2. Die ekv waarmee Israel egter in v1 aangespeek word, korrespondeer met die ekv gebruik in v8. Die lesing van die teks word dus so behou.

Vers 2-

וְאַתָּה: Voetnota 2a (BHS) : Die alternatiewe lesing van die LXX **kaqw~ metekalesa** korrespondeer met die 1 ekv **yarqk**. Binne die konteks van v1 en v3 word 'n uitspraak van Jahweh verwag. Dus word die alternatiewe lesing van die LXX gehandhaaf.

מִתְּהֻנֵּם: Voetnota 2b (BHS) : Die alternatiewe lesing van die LXX (ondersteun deur die Siriese vertaling) **ek proswpou mou autoi** korrespondeer met **mh ynpm**. Die lesing van die LXX word gehandhaaf in ooreenstemming met die wysiging soos aanvaar in voetnota 2a (BHS).

Vers 3-

μή q: Voetnota 3a (BHS) : Die Masorete teks is onverstaanbaar. Die lesing van die LXX wat as subjek die 1e pers ekv gebruik en 'n 3 ekv objek, is die korrekte. Dit geniet ook die ondersteuning van die Siriese vertaling en die Targum.

וַיְתַּחֲזֵה [wrzAl [: Voetnota 3b (BHS) : Die lesing van die Siriese vertaling, Targum en Vulgaat verander die subjek na 1e pers ekv. Dit is in ooreenstemming met die wysiging soos aanvaar by voetnota 3a (BHS). Die wysiging na yt [wrz word dus gehandhaaf.

Vers 4/5-

מִדָּא: Voetnota 4/5a (BHS) : Die Masorete teks se lesing is waarskynlik korrup. Die alternatiewe tma of dsj verdien oorweging aangesien hbha twtb[b 'n naderbepaling daarop is.

לֹא יִמְרַטֵּק: Voetnota 4/5b (BHS) stel die lesing לֹא יִמְרַטֵּק voor.

Die wysiging pas beter binne die metafoor van Israel as kind teenoor Jahwe as Vader. Die lesing van die teks is juis

buitengewoon binne die konteks omdat dit 'n dierlike metafoor verteenwoordig. Die alternatiewe lesing word dus aanvaar.

μῆνις | : Voetnota 4/5c (BHS) : Die LXX wysig die lesing na μῆνις | . Die lesing van die teks maak egter voldoende sin binne die konteks van die gewysigde teks in voetnota 4/5b (BHS) om dit te handhaaf.

אל יְקַוֵּתָ וְלֹא תִּפְאַרְתָּ: Voetnota 4/5d : Die LXX se lesing **דָּנַחֲסָמָה אַתָּה** vergelyk met die alternatiewe lesing **לוֹ וְאַתָּה אֶלְיוֹן וְאֶכְלָל**. Die tekslesing word gehandhaaf aangesien dit voldoende sin maak binne die konteks van *Jahwe wat neerbuig na Israel om hom kos te gee*. Die **אל** behoort wel gewysig te word na **לוֹ** aangesien dit die objek verteenwoordig.

כִּי מְאֻנוּ לְשׁוֹבֵן | : Voetnota 4/5e : Die tekskritiese kommentaar by voetnota 4/5e stel die moontlikheid dat **כִּי מְאֻנוּ לְשׁוֹבֵן** invoeging is. Daar bestaan egter geen getuenis om dit te ondersteun nie en die frase pas binne die konteks as rede hoekom Israel na Egipte terugkeer en Assur sy koning is. Die lesing van die teks word dus gehandhaaf.

Vers 6-

בְּנֵי בְּדִין: Voetnota 6a (BHS) : Die alternatiewe lesing word sonder getuienis voorgestel. Daar bestaan egter geen genoegsame rede om die teks te wysig nie. Die lesing van die teks word dus gehandhaaf.

וְאָכְלָה מִמְעֻצּוֹתָיו וְאָכְלָה בְּמַצְדּוֹתָיו: Voetnota 6b (BHS) : ‘n Moontlike variasie van sekere manuskripte op die lesing van die teks word aangebied as **מִמְ'**. **וְאָכְלָה בְּמַצְדּוֹתָיו וְאָכְלָתָן**. ‘n Ander variasie is **וְאָכְלָתָן**. Geen genoegsame eksterne getuienis word egter aangebied vir hierdie alternatiewe lesings nie. Die lesing van die teks word dus gehandhaaf.

Vers 7-

תְּלוֹאֵין לִמְשׁוּבָתִי: Voetnota 7a (BHS) : Die lesing van die teks word aangedui as moontlik korrup. Die volgende alternatiewe word voorgestel : **נֶלֶאָה מִמְשׁוּבָתוֹ** : (ondersteun deur die LXX); **תְּלוֹאֵין לְעַצְבֵּין** en **חוֹלְאֵין לִמְשׁוּבָתָן**. Die lesing van die teks kan egter gehandhaaf word aangesien Jahwe die objek is van Israel se afvalligheid. Die ander alternatiewe lesings bied ook nie eksterne getuienis ter bevestiging nie.

וְאֶל־עַל יִקְרָא הֵז: Voetnota 7b (BHS) : Die teks is raaiselagtig.⁴⁰⁵ ‘n Ander moontlike lesing **(הַזְּא־בְּעַל־יקָרָא)** word voorgestel. Daar word egter volstaan met die moeiliker tekslesing in aansluiting by die handhawing van die teks by voetnota 7a. Geen eksterne getuienis word aangebied wat ‘n wysiging regverdig nie.

הֵז יְחִיד לֹא יְרוּמָן: Voetnota 7c (BHS) : ‘n Alternatiewe lesing **הַאֲחָדָל אֲרַחָן** word sonder eksterne getuienis voorgestel. Die lesing van die teks is vertaalbaar en word derhalwe gehandhaaf.

Vers 8-

רְחָמֵי נְחִימֵי: Voetnota 8a (BHS) : Die alternatiewe lesing soos ondersteun deur die Siriese vertaling en die Targum word voorgestel. Die lesing van die teks word ter wille van die parallelismus membrorum gehandhaaf.

⁴⁰⁵ Vgl Wolff 1978: 192.

Vers 9-

אָבוֹא בָּעֵיר: Voetnota 9a (BHS) : Twee moontlike alternatiewe lesings word aangebied sonder eksterne getuienis, naamlik **אָוְהָ בָּעֵר** en **אָבָּעֵר**. Die lesing van die teks is vertaalbaar en verstaanbaar. Die tekslesing word dus gehandhaaf.

Vers 10/11-

Voetnota 10/11a stel die vraag of die hele vers 10 en 11 'n byvoeging is. Daar bestaan egter geen eksterne getuienis om die verse weg te laat nie. Die teks word dus so gehandhaaf.

יִשְׁאָג כִּידְחוֹא: Voetnota 10/11b (BHS) stel voor dat **יִשְׁאָג** uitgelaat word uit die vers. Die lesing van die teks moet egter so gehandhaaf word ter wille van die chiastiese struktuur waarvan **כִּידְחוֹא יִשְׁאָג** deel uitmaak.

וְהַוְשֶׁבֶתִים: Voetnota 10/11c (BHS) : Die LXX lees **kai apokatasthsw autou~**. Die alternatiewe lesing vir die teks word dan voorgestel as

וְהַשִּׁיבָתִים. Die lesing van die Masoretetekst word gehandhaaf aangesien daar nie genoegsame interne motivering bestaan om die teks te wysig nie.

3.5.4 Teks ontleding

3.5.4.1 Woord ontleding

Vers 1-

וְאַהֲבָה : Waw konsekutief Kal impf 1 ekv met suffiks 3 ml ekv van *bha* (ek het hom liefgehad)⁴⁰⁶

קָרָאתִי : Kal perf 1 ekv van *qarā* (ek het geroep)

Vers 2-

יְזַבֵּחַ : Pi impf 3 ml mv van *j bZ* (hulle het geoffer)

יְקַטְּרוֹן : Pi impf 3 ml mv met paragogiese nun van *qatār* (hulle het rook laat opgaan)

Vers 3-

תְּرַגְּלַתִּי (*ytl grlh*): Hi perf 1 ekv van *l gr* (ek het leer loop)

⁴⁰⁶ Vgl Ekskursus by Hoofstuk 3.2 hierbo.

מִקְחָם : Die lesing van die LXX wat as subjek die 1e pers ekv gebruik en 'n 3 ekv objek, is die korrekte.⁴⁰⁷ Kal perf 1 ekv van **יָקַל** (ek het geneem)

יְדֻעַ : Kal perf 3 mv van **[dy]** (hulle het nie erken)⁴⁰⁸

רְפָאָתִים : Kal perf 1 ekv met suffiks 3 ml mv van **אָפָר** (ek het hulle genees)

Vers 4-

אֲמַשְׁכָּם : Kal 1 ekv met suffiks 3 ml mv van **אֵמָמָה** (ek het hulle getrek)

| וְ[μyrmk (alternatiewe lesing) : Kal part mv van **byr** (soos hulle wat die kind teen die kakebeen optel)

אָוֹכֵיל : Hi impf 1 ekv van **| ka** (ek sal hom voedsel gee/ laat eet)

Vers 5-

יִשְׁׁבֶּב : Kal impf 3 ml ekv van **bWV** (hy sal nie terugkeer)⁴⁰⁹

⁴⁰⁷ Vgl Andersen & Freedman, 1980, 579-580.

⁴⁰⁸ Vgl Ekskursus 3 by Hoofstuk 3.1 hierbo.

⁴⁰⁹ Vgl Opsomming by Hoofstuk 3.2 hierbo.

מְאֹנוֹ : Pi perf 3 ml mv van $\dot{\text{אָמַ}}$ (hulle het geweier)

לִשְׁיב : Kal inf constr van בָּיִ (om te bekeer)

Vers 7-

תְּלִיאִים : Kal part passief ml mv van $\text{אֵל} \text{ תּ}$ (hulle dwing)

לִמְשׁוּבָתִי : vl ekv constr met suffiks 1 ekv van הַבְּיִ (om van my afvallig te word)

יִקְרָאֶה : Kal impf 3 ml mv met suffiks 3 ml ekv van אָרֶ (as hy hulle roep)

יְרוּמָם : Pi impf 3 ml ekv van יְרֻמָּ (hy rig hom nie op nie)

Vers 8-

אָתָנָךְ : Kal impf 1 ekv met suffiks 2 ml ekv van $\dot{\text{תְּ}}$ (hoe kan ek jou oorgee)

אָמְגָנָךְ : Pi impf 1 ekv met suffiks 2 ml ekv van $\dot{\text{תְּ}}$ (hoe kan ek jou prysgee)



אָתָּנָךְ : Kal impf 1 ekv met suffiks 2 ml ekv van $\div t\bar{n}$ (hoe kan ek jou maak)

אֲשִׁימָךְ : Kal impf 1 ekv met suffiks 2 ml ekv van μyC (hoe kan ek jou gelykstel)

נַהֲפֹךְ : Ni perf 3 ml ekv van Eph (*my hart* is omgekeer)

נִכְמַרֵּחַ : Ni perf 3 mv van $r\bar{m}k$ (*my medelye* is opgewek)

Vers 9-

אֲשִׁיבָה : Kal impf 1 ekv van $b\bar{w}v$ (ek sal nie weer terugkeer)

לִשְׁחַת : Pi inf constr van tj V (om te gronde te rig nie)

Vers 10-

יְחִרְדֹּוּ : Kal impf 3 ml mv van $d\bar{r}j$ (hulle sal sidderend aankom)⁴¹⁰

⁴¹⁰ Vgl Opsomming by Hoofstuk 3.2 hierbo.

Vers 11-

הוֹשְׁבָתִים : Hi perf 1 ekv met suffiks 3 ml mv van **bvy** (ek sal hulle laat woon)

3.5.4.2 Analise van poëtiese struktuur⁴¹¹

| Stanza | Strofe | Stiges | | Vertaling | Parallelismes |
|--------|--------|----------------------------------|-----|---|------------------------|
| I | A | 1 כִּי נָעַר יִשְׂרָאֵל וְאֶחָד | 1aA | Toe Israel 'n kind was, het ek hom liefgehad, | Sinonieme parallelisme |
| | | וּמִפְצִירִים קָרָאתִי לְבָנִים: | 1aB | en vanuit Egipte het Ek My seun geroep. | |
| | | 2 קָרָא לָהֶם | 2a | Toe Ek na hulle geroep het | |
| | | פָּנָ הַלְכָה מִפְנִיחָם | | het hulle uit my teenwoordigheid weggegaan | |
| | | לְבָעָלִים יַזְבָּחוּ | 2bA | Hulle het vir die Baäls geoffer | Sinonieme parallelisme |

⁴¹¹ Vgl die motivering vir die poëtiese struktuur by 4.3 en 4.4 hieronder.

| | | | | | |
|--|---|---|-----|---|----------------------------|
| | | וְلֹא פָסַל יְמִינֵךְ: | 2bB | en hulle het vir die afgode wierookoffer s gebring | |
| | B | וְאַנְכִי תְּרִנְלֹף לְאֶפְרַיִם 3 | 3a | Ek self het Israel leer loop, | Sinonieme parallelle frase |
| | | קָחַם עַל־זְרוּעָתָיו | | Ek het hulle op my arms geneem ⁴¹² , | |
| | | וְלֹא יִדְעַ כי רְפָאָתִים: | 3b | maar hulle het nie erken dat Ek hulle genees het nie. | |
| | | בְּחִכְלֵי אָדָם אֲמַשְׁכָם 4 | 4a | Met koorde van menslikheid het Ek hulle getrek, | Sinonieme parallelle frase |
| | | בְּעֻבְתָּות אַהֲבָה | | met bande van liefde ⁴¹³ | Sinonieme parallelismes |
| | | וְאַתְּתָּה לְהָם כְּמַרְיִמִי עַל עַל לְחִיכָם | 4b | Ek was vir hulle soos die wat 'n kind teen die gesig optel ⁴¹⁴ | |
| | | וְאַתְּ אֶלְיוֹ אָוְכִיל: | 4c | en Ek het na hom toe | |

⁴¹² Die lesing van die LXX wat as subjek die 1e pers ekv gebruik en 'n 3 ekv objek, is hier aanvaar.

⁴¹³ Sien notas by vers 4/5 by Vasstelling van die teks hierbo.

⁴¹⁴ Idem.

| | | | | | |
|----|---|-----------------------|-----|---|-------------------------------------|
| | | | | neergebuig om kos te gee. ⁴¹⁵ | |
| II | C | 5 לא ישב אל-ארץ מצרים | 5a | Hy sal inderdaad terugkeer na die land Egipte | |
| | | ואשור הוא מלכו | 5b | en Assur – dié sal sy koning wees, | |
| | | כי מענו לשוב | 5c | omdat hulle geweier het om te bekeer. | |
| | D | 6 וחללה חרב בערבי | 6aA | Die swaard sal vertoon word in sy stede | Voortskrydende parallellellismes |
| | | וכלחה בdry | 6aB | en dit sal sy sterk manne vernietig | |
| | | ואכללה ממעצחותיהם: | 6aC | en verteer vanweë hulle planne. | |
| | E | 7 ועמי תלואים למשובתי | 7a | My volk hou aan om van My af weg te draai | |
| | | ואל-על יקר איה | 7b | en na die hoogte roep | |

⁴¹⁵ Idem.

| | | | | | |
|-----|---|--------------------------------|-----|--|--|
| | | | | hulle almal saam, | |
| | | יְהִיד לֹא יָרוּמֶם: | 7c | hy sal hulle nie oprig nie. | |
| III | F | 8 אֵיךְ אַפְנֵךְ אֲפָרִים | 8aA | Hoe kan Ek jou oorgee, o Efraim, | Sinonieme parallelismes |
| | | אַמְגַנֵּךְ יִשְׂרָאֵל | | jou prysgee, o Israel? | |
| | | אֵיךְ אַפְנֵךְ כָּאַדְמָה | 8aB | Hoe kan Ek jou maak soos Adma, | |
| | | אֲשִׁימָךְ כָּצְבָאִים | | jou gelykstel met Seboïm. | |
| | | נַחֲפֹךְ עַלְיִ לְבִי | 8bA | My hart is omgekeer in My | |
| | | יְהִיד נְכַמְּרוֹ נְחוּמִי: | 8bB | tegelykertyd is my medelye opgewek. | |
| | | 9 לֹא אָעַשָּׂה חֶרְוֹן אֲפִי | 9aA | Ek sal my toorngloed nie laat geld nie, | Sinonieme parallelismes en chiasme |
| | | לֹא אָשׁוּב לְשִׁיחָת אֲפָרִים | 9aB | Ek sal Eraim nie weer ten gronde rig nie; | |
| | | כִּי אֶל אָנֹכִי וְלֹא אָנִי | 9bA | want Ek is God en nie 'n mens nie, | |

| | | | | | |
|--|----------|--|------------------------------|--|---|
| | | בְּקָרְבֵּךְ קָדוֹשׁ | 9bB | die Heilige in jou midde | |
| | | וְלֹא אָבֹא בָּעֵיר: | 9aC | En Ek sal nie kom in grimmigheid nie. | |
| | G | 10 אַחֲרֵי יְהוָה יַלְכִּי | 10aA | Hulle sal agter Jahwe aan loop; | Chiasmes en sinonieme parallelismes |
| | | פֶּאֲרִיה יִשְׁאָגֵן | 10bA | Hy sal brul soos 'n leeu. | |
| | | פִּידְחוֹא יִשְׁאָגֵן | 10bB | Ja, Hy sal brul, | |
| | | וַיְחִרְדֹּו בְּנִים מִם: | 10aB | en die kinders sal sidderende aankom van die weste. | |
| | | 11 יְחִרְדֹּו כָּצְפֹּר מִפְּצָרִים | 11aA | Hulle sal sidderende aankom soos 'n voëltjie uit Egipte | |
| | | וְקִיּוֹנָה מִאָרֶץ אַשּׁוּר | 11aB | en soos 'n duif uit die land Assur; | |
| | | וְהַשְׁבִּתִים עַל־בְּתִיהם | 11b (10aC) ⁴¹⁶ | en Ek sal hulle laat terugkeer ⁴¹⁷ | |

⁴¹⁶ Chiastiese struktuur met 10aA.

⁴¹⁷ Vgl Kakkanattu 2005:97.

| | | | | | |
|--|--|-----------------|-----|----------------------------|--|
| | | | | na hulle huise, | |
| | | בְּאֵת יְהוָה : | 11c | 'n godspraak van Jahwe. | |

3.5.4.3 Bespreking van struktuur

Dit is opvallend dat daar by stanza I 'n kontraspersoon voorkom, naamlik tussen dit wat Jahwe doen (1aA-1aB; 3a,4a,4b,4c) - uitgespeel in sinonieme frases en parallelismes, teenoor Israel se reaksie (2a-2bB) - uitgespeel in sinonieme frases. Stanza II spel oordeel oor Israel uit met verwysing na ballingskap deur die gebruik van voortskrydende parallelismes by D. Stanza III (strofe F) beklemtoon deur 'n aantal sinonieme parallelismes en 'n chiasme Jahwe se omgekeerde hart. Strofe G sinspeel op Israel se gewensde reaksie, wat vanaf 11b toegeskryf word aan Jahwe se ingrype. Dit is Hy wat laat terugkeer.

Hosea 11:1-9 moet gesien word as 'n retoriiese eenheid. Jahwe se 1e pers diskloers word onderbreek in v10 en weer voortgesit in v11. Derhalwe verander die belofte van verlossing (2e pers) na 'n verklaring van verlossing (3e pers). Vers 11 hoort derhalwe ook tot die retoriiese eenheid

11:1-9. Vers 10 moet gesien word as kommentaar (byvoeging) deur die tradisioniste op vers 11, veral op die woord יְחִרְדֹּת.⁴¹⁸

Die eenheid verse 1-7 is intern verbind deur die kopulatiewe (v 3, 6, 7); deur die gebruik van persoonlike voornaamwoorde in die enkelvoud (v1, 4b, 5a, 6a) of meervoud (v 2, 3, 4a, 5b, 6b, 7) vir “Israel” (v1), “Efraïm” (v3), of “my volk” (v7a); deur die eenheid van die tema : Israel het van die begin af met definitiewe verwerping reageer op Jahwe se liefde (v2, 3, 5, 7).⁴¹⁹

Die sleutelwoorde in die perikoop is *bha* wat voorkom in verse 1a en 4a, asook *bllv* wat voorkom in verse 5a, 5c, 7a en 9a.

Die analogiese juridiese beswaar van ‘n vader teenoor sy ongehoorsame seun word voorafgegaan deur Jahwe se teruggrype na sy *bha*, met as bewys die redding uit Egipte in Hosea 11:1.⁴²⁰ Verse 3 en 4 bied ook verdere bewyse met die verwysings na Jahwe se versorging gedurende die volk se woestyntyd. Die dieptepunt van Jahwe se *bha* word ontbloot in vers 8, waar Jahwe verklaar dat sy hart *Eph* en *rmk* met die gevolglike weerhouding van oordeel in vers 9.

⁴¹⁸ Vgl Wolff: 1978:194-195.

⁴¹⁹ Vgl Wolff 1978:193.

⁴²⁰ Vgl Landy 1995:136-138.

Die perikoop vertoon sterk poëtiese ritme deur die gebruik van parallelismes. Die parallelismes dien ter beklemtoning, verheldering en ter wille van kontiguitéit.

In vers 1 staan **כִּי נָעַר יִשְׂרָאֵל וְאֶחֱבָּה** parallel tot **וּמִמְצָרִים קָרָאתִי לְבָנִי**. Daardeur word die volk se **נָעַר יִשְׂרָאֵל** (kindertyd) aangedui as die tyd toe Jahwe hulle uit Egipte gelei het. Dit dui ook daarop dat Jahwe Israel van die roeping uit Egite al liefgehad het. Dit is ‘n liefde wat Israel aangeneem het tot seun.⁴²¹

In vers 2b staan **לְבָעֵלִים יִזְבֹּחֵי** parallel tot **וּלְפָסָלִים יִקְטַּרְזָן**. Daardeur word die Baäls ontmasker as **לְפָסָלִים** (mensgemaakte gode / afgode)⁴²².

Die sinonieme stelling van **בְּחַבְלֵי אָדָם אַמְשָׁכָם בְּעַבְתּוֹת אַהֲבָה** tot **וְאַהֲבָה לְהָם כְּמַרְימִי עַל עַל לְחִיָּם** en **וְאַט אֶלְיוֹ אַוְכִיל** in vers 4a-c gee uitdrukking aan Jahwe se bha as troos en versorging.⁴²³ Die sinonieme parallelle frase in 4a plaas **בְּחַבְלֵי אָדָם** (met mensebande) en **בְּעַבְתּוֹת אַהֲבָה** (met koorde van liefde) op dieselfde betekenisvlak en plaas Jahwe as die handelende wat **אַמְשָׁכָם** (hulle sal trek) in die fokus. In vers 6 word

⁴²¹ Vgl van Leeuwen 1978:223; Kakkanattu 2005:38-40.

⁴²² Vgl Ekskursus hieronder.

⁴²³ Vgl Landy 1995:138; Kakkanattu 2005:60.

וחלה חרב בעירו progressief parallel uitgewerk tot וכלה en verder tot וכלה **בדיו**. Die redegewende ממעצותיהם het dus betrekking op al drie versbene van die parallelismses.

Vers 8 is besonder poëties opgebou met 'n aantal sinonieme parallelismses wat dien om Jahwe se innerlike stryd ter wille van sy volk te beklemtoon. Oorgawe van Efraim אֶחָד אֹהֶنְךָ אֲפִרִים staan sinoniem parallel tot prysgawe van Israel אֶמְגַנֵּךְ יִשְׂרָאֵל. Dit plaas Efraim en Israel gelyk. Hierdie weerhoude oorgawe word verder gelykgestel aan אֶחָד אֹהֶןְךָ כָּאָדָם en אֶשְׁימָךְ כָּצְבָאִים - die oordeel wat oor Adma en Seboïm voltrek is.

Jahwe se bha – stryd in sy hart word ontbloot deur die gebruik in vers 8b van die parallele saam נהפְךָ עַלְיִ לְבִי met יחַד נְכָמָרוֹ נְחוּמִי. Die gee meer uitdrukking aan die meer intense innerlike spanning, wat die wil en gevoel van Jahwe betrek, voordat 'n fundamentele besluit geneem word, eerder as die verandering van 'n besluit soos die analise van die parallele frase יחַד נְכָמָרוֹ נְחוּמִי demonstreer.⁴²⁴

In vers 9a beteken die sinonieme parallelisme לֹא אָעַשָּׂה חָרְוֹן אֲפִי tot

⁴²⁴ Vgl Kakkanattu 2005:81. Mays (1982:48) neem die vrae as retories en dat die vrae Jahwe se besluit antisipeer.

לא אָשׁוֹב לְשַׁחַת אֶפְרַיִם,

dat Jahwe se weerhouding van oordeel inhoud dat Efraim nie gestraf sal word nie.

Die rede vir die weerhouding van oordeel word in vers 9b uitgespel deur 'n parallelisme - **כִּי אֲלֹא אָנֹכִי וְלֹא־אָישׁ** -

weens die feit dat Jahwe God is en nie 'n mens nie. Dit word naderbepaal deur **בְּקָרְבָּךְ קָדוֹשׁ** - die Heilige in jou midde. Hierdie parallelisme vorm die kernpunt van die chiasme en dien om die klem te plaas op die ware identiteit van Jahwe as **בְּקָרְבָּךְ קָדוֹשׁ**. Dit word opgevolg deur

וְלֹא אָבוֹא בָּעֵיר wat vanweë die chiastiese struktuur parallel staan tot die parallelismes in 9a, naamlik **לֹא אָשׁוֹב לְשַׁחַת אֶפְרַיִם** en **לֹא עָשָׂה חֶרְוֹן אֲפִי**.

Vers 10 versterk die sterk poëtiese ritme van die perikoop deur die verdere gebruik van 'n chiasme (10b) waar **אַחֲרֵי יְהוָה יַלְכֵי** parallel gebruik word tot

כִּאֵרִיה יִשְׁאָג en **וַיְחִרְדֹּו בְּנִים מִם** **נִשְׁאָג**. Die sinonieme parallelisme binne die

chiastiese struktuur van vers 10 word voortgesit in vers 11a deur die twee parallelle verbene

וְכִיּוֹנָה מָארֵץ אַשְׁוֹר en **יְחִרְדֹּו כַּצְפּוֹר מִמְצָרִים**. Dit beklemtoon dat die volk se sidderende terugkeer na Jahwe daartoe sal lei dat Jahwe hulle weer in veiligheid sal laat woon. Dit is soos by Hosea 3:1-5 'n aanduiding van

bekering wat plaasvind waar Jahwe met siddering benader word⁴²⁵.

3.5.4.4 Inwendige tekstualiteit

(i) Herhalende tekstualiteit en patroon

Die herhaalde gebruik van parallelismes deur die hele perikoop is 'n poëtiese patroon ter wille van beklemtoning en kontiguïtiet.

Die herhaalde gebruik van אֵיךְ אַתָּנָךְ binne die parallelle struktuur in vers 8 beklemtoon Jahwe se innerlike strydvrae om die behoud van Israel:⁴²⁶

אֵיךְ אַתָּנָךְ אֶפְרַיִם

אַמְגַנְךְ יִשְׂרָאֵל

אֵיךְ אַתָּנָךְ כָּאדָמָה

אֲשִׁימָךְ כַּצְבָּאִים

Die viervoudige herhaling van אֵיךְ aksentueer inderdaad deur die poëtiese tegniek van *ellipsis*, die passievolle toon van die vraag.⁴²⁷

⁴²⁵ Vgl Opsomming by Hoofstuk 3.2 hierbo.

⁴²⁶ Die interrogratiwhe bywoord אֵיךְ kan 'n retoriiese of gewone vraag inlui en word gebruik as 'n tussenwerpsel om die omvang van 'n katastrofe aan te dui, veral in weeklag (vgl Dictionary of Classical Hebrew 1993-2001:132). Die vrae in vers 8 gee egter uitdrukking aan die pynlike dilemma asook die hartseer by Jahwe as gevolg van die ontroue gedrag van sy seun (vgl Mays 1969:151,156). Die antwoord is dus nie veronderstel nie, maar moet gevind word (vgl Kakkanattu 2005:78).

⁴²⁷ Vgl Wolff 1978:194; Kakkanattu 2005:78.

Die herhaalde gebruik van die ontkenning **לֹא** in vers 9 dui op Jahwe se vaste voorneme om nie te straf nie.⁴²⁸ Die gevolglike gebruik van **לֹא־אִישׁ** is 'n aanduiding dat straf 'n *menslike* en nie 'n *Goddelike* handeling is.

Die chiasme in vers 9 met omraming van sinonieme parallelismes is die dieptepunt van 'n *Godsopenbaring*:⁴²⁹

כִּי אֶל אָנֹכִי וְלֹא־אִישׁ

בְּקָרְבֵּךְ קָדוֹשׁ

Die hoogtepunt van hierdie parallelisme is dat Jahwe God is, die Heilige (*anders as mense*), en dat Hy in hulle midde is.

Die funksie van die herhaling van **יְחִידָה** in verse 10 en 11 dui op die gewensde resultaat van Jahwe se *liefdeshandeling* - om te weerhou van straf, naamlik met siddering aankom / terugkom na Jahwe.

(ii) Progressiewe tekstualiteit en patroon

Die gebruik van **כִּי** in vers 2 dui op die progressie van die volk se afkerigheid van Jahwe.

⁴²⁸ Andersen & Freedman (1980:589) neem die **לֹא** in 9aA en 9aB as asseveratief sodat Jahwe hernieuwe determinasie openbaar om sy oordele waarmee Hy gedreig het, te voltrek – ten spyte van sentimente in vers 8. Nyberg (1935:90) sien **לֹא** + werkwoord as “furious questions”.

⁴²⁹ **אֶל** is een van die oudste benamings vir God wat Israel aangeneem het van sy Semitiese omgewing. Dit word selde in die Ou Testament as 'n goddelike eienaam gebruik. Dit kom wel voor as 'n “generic appellative of divinity”, gekoppel aan 'n bepaalde lokaliteit (vgl Cross 1977:260; Rose ABD 4:1002). Hosea 11:9 spesifieer **אֶל** as die Heilige Een. Die titel is vergelykbaar met die benoeming **יְהוָה צְבָאוֹת** (vgl Kakkanattu 2005:90). Hier in Hosea 11:9 beklemtoon dit die verhewenheid van Jahwe bo die mens (vgl Bjornhard 1982:20).

Die gebruik van **לֹא יַדְעָ** in vers 3b, dui op ‘n negatiewe wending van die volk in reaksie op Jahwe se liefdeshandelinge in vers 3a.

In vers 6 dui die herhaalde gebruik van **וּ** binne die drieledige voortskrydende parallelismes die gevolg (progressie) aan van die volk se wederstrewigheid teen Jahwe. Voorts gryp die **וּ** aan die begin van vers 7 weer terug na die oorsaak, naamlik afvalligheid van Jahwe en wederstrewigheid jeens die profete. Die **וּ** saam met **הַוְשֵׁבָתִים** aan die einde van die perikoop in vers 11b dui wending aan. Dit dui op die uiteindelike gevolg van terugkeer na Jahwe.

(iii) Narratiewe tekstualiteit en patroon

Stanza I (vers 1-4) dien as verduideliking van Jahwe se historiese verbintenis met en sorg van sy seun. Die aangeklaagde party word in die 3e pers aangespreek. Dit is hier gestructureer in analogie tot ‘n juridiese beswaar van ‘n vader teenoor sy ongehoorsame seun.

Stanza II (vers 5-7) dui die gevolge van die volk se ontrou jeens Jahwe en gevolglike straf aan. Stanza III (vers 8-11) handel oor verlossing en die gevolge van bekering as voorstel om ‘n skikking te bereik (*Schichtungsvorschlag*).

(iv) Opening-middel-afsluiting tekstualiteit en patroon

Die perikoop 11:1-11 begin met Jahwe se verwysing in vers 1 na sy liefdesbewys toe Hy Israel uit Egipte geroep het. Dit eindig in vers 11 met 'n liefdesbelofte van Jahwe: **וְהוֹשִׁבָּתִים עַל־בְּתֵיכֶם**. Tussen-in word Jahwe se juridiese geregtigheid as vader beskryf (vers 2-4); die volk se weiering (vers 2-3, 7); dreigement tot straf (vers 5-6); Jahwe se innerlike stryd (vers 8-9) en profesie oor die terugkeer van Israel (vers 10-11).

(v) Argumentatiewe tekstuur en patroon

Die tekstuur vertoon kenmerke van 'n *histories-teologiese beskuldiging*. Derhalwe word teruggegryp na die historiese uittog uit Egipte (vers 1), die daaropvolgende sorg van Jahwe in die woestyn (vers 3-4); die optrede van die profete (vers 2); die Baäldiens van Israel (vers 2); die miskenning jeens Jahwe (vers 3); en Jahwe se oorredende liefde (vers 8-9). Die profesie ten opsigte van die seun Israel se terugkeer (vers 10-11), is die gewenste uitkoms op die vader se beskuldiging.

(vi) Sensorsies-estetiese tekstuur en patroon

Daar kan drie "body-zones" (Malina 1993:73-77) geïdentifiseer word:

a. Sone van “emotion-fused” denke

Jahwe se bha (liefde) vir Israel in 1a; Jahwe se bha – stryd in sy hart soos onthuig deur die gebruik in vers 8b van die parallelle **נהפֹך עַלְיִ לְבֵבִי** (My hart is omgekeer in My)⁴³⁰ saam met **יחֶד נָכְמָרָה נְחֻזָּמִי** (tegelyk is my medelye opgewek); die sinonieme parallelisme **לֹא אֲעַשָּׂה חֶרְוֹן אֲפִי** (Ek sal my toornloed nie laat geld nie), tot **לֹא אֲשַׁׁבֵּ לְשַׁחַת אֶפְרַיִם** (Ek sal Efraim nie weer ten gronde rig nie) in vers 9a, is deurdagte besluite wat uitgeloop het in handelinge van sorg en genade. Israel se **לֹא יִדְעָנוּ** (nie erken) in vers 3b; hulle weier om te bekeer) in vers 5c; (hulle hou aan om van My weg te keer) in vers 7a, is aan die ander kant ook deurdagte besluite wat hulle weggeneem het van Jahwe.

Die verlangde response, naamlik **אַחֲרֵי יְהוָה יַלְכֹּד** (hulle sal agter Jahwe aan trek) en **יְחִידָה** (hulle sal sidderende aankom) in verse 10 en 11 het met intensie te doen waarin denke ‘n bepalende rol speel en dien hier as verlangde response op Jahwe se heilshandelinge.

⁴³⁰ Die **נהפֹך עַלְיִ לְבֵבִי** gee meer uitdrukking aan die meer intense innerlike spanning, wat die wil en gevoel van Jahwe betrek, voordat ‘n fundamentele besluit geneem word (vgl Kakkanattu 2005:81)

b. Sone van “self-expressive speech”

Die spraak aktiwiteite אָלֹעַ (roep) in vers 1a, 2a en גָּוֹבֵךְ (brul) in vers 10b dui op die belangrikheid van spraak in die *histories-teologiese beskuldiging*. Dit is huis Jahwe se beskuldiging dat Israel nie luister wanneer Hy *praat* nie. Trouens, Israel [dy al (hulle het nie erken) dat Jahwe hulle genees het nie.

Daar word nadruk gelê op die feit dat hierdie hele perikoop “self-expressive speech” van Jahwe is wanneer vers 11 eindig met

נָאָמֵן יְהוָה. Dit is dus ‘n Godspraak.

c. Sone van “purposeful action”

Jahwe se doelgerigte optrede word weerspieel in sy אָלֹעַ (roep) in vers 1a, 2a, en גָּוֹבֵךְ (brul) in vers 10b deur middel van die profete. Hy beroep Hom huis op sy doelgerigte liefdeshandelinge teenoor Israel. Hy

תְּرַגֵּלְתִּי לְאֶפְרַיִם (het Efraim leer loop); Hy

קָחַם עַל־זְרוּעָתָיו (het hulle op sy arms geneem); Hy

רַפְאָתִי (het hulle genees) volgens vers 3a.

Vers 4 meld dat Hy verdere liefdes- en versorgingshandelinge, naamlik:

בְּחַבְלֵי אָדָם אֲמַשְׁכֶם בְּעִבְתּוֹת אַהֲבָה (met mensebande, met koorde van liefde het Hy hulle getrek);

וְאַהֲיה לָהֶם כְּמַרְימִי (Ek was soos hulle wat die kind teen

die kakebeen optel);

עַל עַל לְחִיָּה (Ek het My na hom neergebuig);

וְאַט אַלְיוֹ אָוְכִיל

(en Ek het vir hom voedsel gegee).

Vers 6a meld drastiese handelinge van Jahwe om sy volk se aandag te kry, naamlik **וְכָלְתָה בְּדִיו** (die swaard sal geswaai word in sy stede).

וְהַוְשַׁבְתִּים עַל־בְּתֵיהֶם (en

Ek sal hulle laat woon in hulle huise), is 'n verdere doelgerigte liefdeshandeling van Jahwe wat Hy belowe indien sy volk na Hom toe terugkeer.

Israel het volgens vers 2a-b 'n reeks doelgerigte handelinge uitgevoer weg van Jahwe af, naamlik **הָלַכְו מִפְנֵיכֶם** (hulle het uit my teenwoordigheid weggegaan) **לְבָעָלִים יְזַבְּחוּ** (hulle het vir die Baäls geoffer), en **וּלְפָסָלִים יִקְטְּרוּן** (vir die afgode wierookoffers gebring).

תְּלוֹאִים לְמַשְׁׂבַתִּי (hulle hou aan om van My

af weg te draai) in vers 7a, asook **וְאַלְעַל יִקְרָאָהו** (en na die hoogte roep hulle almal saam) in vers 7b, is verdere doelgerigte handelinge weg van Jahwe af.

Jahwe se verwagting in vers 10a en 11a dat sy volk **אֶחָרִי יְהוָה יַלְכֹּו** (hulle sal agter Jahwe aan loop) en dat **יְחִרְדֹּו** (hulle sal sidderende aankom), is ook sy hoop op doelgerigte terugkeer na Hom, juis in reaksie op sy doelgerigte liefdeshandelinge.

3.5.5 Intertekstualiteit

3.5.5.1 Mondeling-Skriftelike intertekstuur

Die tegniek van *rekonfigurasie* roep die *uittog uit Egipte* (vers 1)⁴³¹, asook die *woestyntyd* (vers 3-4) in herinnering as die bewys van Jahwe se liefde. Daardeur word die *kindertyd* van Israel as ideale tyd voorgehou. Die herinnering aan die *Beloofde Land* in vers 11b dien as aanmoediging vir die volk om terug te keer na Jahwe.

3.5.5.2 Sosiale intertekstuur

Die kultuskritiek het in die sentrum van Hosea se prediking gestaan.⁴³² Die boek Hosea val die vervleギng tussen die Baäl- en Jahwekulus aan. Hy voer sy stryd teen die opvattings en praktyke in die kontemporêre Jahwistiese

⁴³¹ Andersen & Freedman (1980:577) bring dit ook in verband met die Jakob tradisies.

⁴³² Vgl Koch 1978:88-105.

godsdiensbeoefening van Israel en nie soseer teen vreemde gode of godsdiens nie.⁴³³

Die ligging van die Noordryk-Israel het daartoe bygedra dat hulle meer beïnvloed is deur die Kanaänitiese kultus as die meer afgesonderde Suidryk-Juda. Die beskuldiging in Hosea 11:2 is dat Israel direk לְבָעָלִים יַזְבָּחּ (vir die Baäls geoffer het) en וּלְפָסָלִים יַקְרֹבּ (vir die afgode wierookoffers gebring het).

3.5.5.3 Kulturele intertekstuur

Die perikoop is deel van die boek Hosea se stryd teen Israel se afkeer van Jahwe af en hulle toekeer na die Baälkultus. Die ondenkbare wat Jahwe uitwys in vers 3, is dat sy volk ondanks al sy liefdeshandelinge

וְלَا יַדְעֹ כִּי רְפָאָתִים (nie erken dat Hy hulle genees het nie).

3.5.5.4 Historiese Intertekstuur

Daar is 'n direkte verwysing in vers 1 na die historiese uittog uit Egipte.⁴³⁴

⁴³³ Vgl Boshoff 1994: 239.

⁴³⁴ *Uit Egipte* is 'n "brachylogy" om te sê 'die verlossing uit Egipte' (Kakkanattu 2005:41; vgl verder Andersen & Freedman 1978:577: "The frase 'from Egypt' may refer to the act of deliverance which was the climax of a series: I loved him, and called him 'my child', and brought him out of Egypt").

Die קָרָא (roep) van Jahwe in vers 2 kan geïnterpreteer word as Jahwe se voortdurende roep van Israel deur die profete.⁴³⁵ Daar is voorts 'n verwysing na die Assiriese Ballingskap in vers 5 en ook na die vernietiging van Adma en Seboïm (susterstede van Sodom en Gomorra) in vers 8. Adma en Seboïm was twee dorpe by die Dooie See, wat behalwe in Hos 11:8, gewoonlik voorafgegaan word deur Sodom en Gomorra (vgl Gen 10:19; 14:2,8; Deut 29:22). Adma is geïdentifiseer as 'n Kanaänitiese dorp en Seboïm is ongeïdentifiseerd.⁴³⁶ Hierdie twee dorpe word in Hosea 11:8 genoem as twee plekke wat dieselfde lot gedeel het as Sodom en Gomorra wat deur God in sy toorn vernietig is.⁴³⁷ Neef blyk reg te wees dat Hosea die tradisie deel wat opgeneem is in Deut 29:21vv.⁴³⁸

3.5.6 Sosiale en Kulturele tekstuur

3.5.6.1 Bepaalde sosiale onderwerpe

Die perikoop kan as "conversionist" en "reformist" beskryf, aangesien dit die bekering / terugkeer van Israel (יִחְדָּו) in die oog het.

⁴³⁵ Vgl Davies 1993:255; Buck 1953:163.

⁴³⁶ Vgl Kakkanattu 2005:78-79.

⁴³⁷ Vgl Neef 1987:9; Brueggemann 1985:411.

⁴³⁸ Vgl Kakkanattu 2005:79.

3.5.6.2 Algemene sosiale en kulturele onderwerpe

Binne die status-/skandekultuur het Jahwe Israel uitgedaag (*challenge-response*) om op sy b̄ha (liefde) en dade van liefde te antwoord (verse 1-4, 8-9). Die velangde “response” is b̄WV (bekering).

Daar is verwysing na diadiese kontrakte / ooreenkomste. Die wederkerigheid in die ouer-seun verhouding tussen Jahwe en Israel kom na vore waar daar verwysing is na die verbreking deur Israel van die verhouding deur Baäldiens. Daar word deur die gebruik van die ouer-seun beeld⁴³⁹ twee aspekte van die verhouding tussen Jahwe en Israel gekommunikeer: 1) die afstand en onderhorigheid van Israel teenoor Jahwe, en 2) die goedgesindheid en liefde van Jahwe. In Hosea 11 oorheers die tweede aspek.⁴⁴⁰

3.5.6.3 Kulturele kategorië

Die perikoop is deel van ‘n *histories-teologiese beskuldiging* teen Israel. Die volk word verwyt vir miskenning van die liefde en sorg van Jahwe en dat hulle eerder eer aan die Baäls gebring het as aan Jahwe. Die יְזֹבֵחַ (offer) en

⁴³⁹ Vgl Fohrer 1972:352-353.

⁴⁴⁰ Vgl Kakkanattu 2005:44.

יְקַרְרֹן (rook laat opgaan) in vers 2b is direkte openlike opstand en verwerping van Jahwe.

Die offers aan die Baäls (vers 2) roep die problematiek van die Baälkultus na vore.

Ekskursus: Die term **בעל** kom beide in die ekv en mv voor in die boek Hosea. Daar is ten minste twee uiteenlopende benaderings gevvolg in die interpretasiegeskiedenis.⁴⁴¹:

- a. Die eerste wat dominant was in die Ou Testament studies voor die ontdekking van die Ugaritiese tekste by Ras Shamra, het die mv verwysings na **בעל** gereken as primêre aanduidings van politeïsme en as 'n *snelskrifterm* vir die Kanaänitiese gode en hulle kultusse.⁴⁴² Die ekv is as 'n *appelatief* gereken wat gebruik kon wees vir enige god, insluitende Jahwe (Hos 2:18)⁴⁴³.
- b. Die sentrale rol van die stormgod Baäl-Hadad in die Ugaritiese "cosmogony" het baie geleerde dat die term Baäl in die Ou Testament die naam van 'n kosmiese godheid en Ysteryd-mededing van Jahwe was, eerder as 'n *appelatief*.⁴⁴⁴ Die klem het verskuif van die mv **בעל** as verwysing na politeïsme, na die ekv **בעל** as 'n behoorlike naam vir die hoof mededing van Jahwe. Die mv verwysings is voorts gesien as verwysings na die verskillende lokale manifestasies van hierdie een god.⁴⁴⁵ Die identiteit van hierdie mededing-god is egter in dispuut tussen geleerde.⁴⁴⁶

Meeste eksegete volg die "unitêre teorie" van Baäl in hulle uitleg van die konsep **בעל** in Hosea. Hulle gee veral aandag aan die ekv Baäl terwyl die

⁴⁴¹ Ek volg hoofsaaklik hierin saam met Kakkanattu 2005:47-49, vir Dearman 2001:9-25 wat 'n goeie oorsig en beoordeling gee van die verskillende stromings wat na vore gekom het sedert die 19^e eeu, in die ondersoek na die interpretasie-geskiedenis van die konsepte Baäl en Baälim.

⁴⁴² Vgl Dearman 2001:10.

⁴⁴³ Idem.

⁴⁴⁴ Vgl Dearman 2001:11.

⁴⁴⁵ Vgl Dearman 2001:11-12.

⁴⁴⁶ Vgl Dearman 2001:11-13.

mv gebruik min of meer geïgnoreer word.⁴⁴⁷ Östborn se uitgangspunt is verteenwoordigend: “‘Baal’ who is distinct from Jahweh is a rival of Jahweh. Baal gods similar to him, Baalim, seem to have been worshipped in Israel during Hosea’s time”⁴⁴⁸.

Beide hierdie benaderings sien die Baäl-aanbidding as kenmerkend van die pre-eksiliese Israelse godsdiens en is geïnterpreteer as aanbiddingsvorme kontra ware Jahwe-aanbidding wat die ware en eksklusieve Jahwe-aanbidding in gevaar gestel het.⁴⁴⁹

Jeremias sien met reg dat die Baäl-terminologie in Hosea nie verwys na die eksterne botsing tussen Israelitiese en Kanaänitiese kulture en godsdiens nie, maar na ‘n interne Israelse debat aangaande die karakter van Jahwe- aanbidding.⁴⁵⁰ Hy sien Baäl nie as een van die gode nie, maar hulle verteenwoordiger en terselftertyd ‘n uitwerking van ‘n misleide verhouding met Jahwe en veral vir die korrupte Israelse kultus, ‘n korruksie wat deel geword het van die aanbidding as gevolg van Kanaänisering.⁴⁵¹

Die konsep בָּעֵל in Hosea verteenwoordig dus oorwegend Israel se ontaarde verhouding met Jahwe, en in die mv het dit die ekstra nuanse van onegte Israelse aanbidding.⁴⁵²

3.5.7 Ideologiese tekstuur

Die perikoop bepleit ‘n drj (met siddering aankom / terugkeer) na Jahwe (vers 10-11), asook beantwoording van Jahwe se liefde binne die patron-client / ouer-kind verbondsrelasie waarin die Uittog uit Egipte (vers 1) hulle geplaas het. Die perikoop bied ook ‘n Godsopenbaring ten opsigte van die aard van

⁴⁴⁷ Vgl Kakkanattu 2001:48.

⁴⁴⁸ Östborn 1956:14.

⁴⁴⁹ Vgl Abma 1999:199.

⁴⁵⁰ Vgl Jeremias 1996:89-90.

⁴⁵¹ Vgl Jeremias 1996:89.

⁴⁵² Vgl Kakkanattu 2005:48-49.

Jahwe se liefde en sy innerlike stryd om getrou te bly aan Homself, naamlik dat Hy קָדוֹשׁ (die Heilige) is, wat anders as ontroue mense is. Daar word 'n skrille kontras getrek tussen die ontrouheid van Israel teenoor Jahwe se *onvernietigbare* liefde (vers 8-9).

3.5.8 Sakrale tekstuur

Die perikoop bepleit 'n *monolatriese* godsbeskouing waarbinne Jahwe alleen vereer word te midde van die Baäl⁴⁵³. Hy is die enigste wat getrou bly in sy liefde (vers 8-9) en wat waarlik sorg (vers 3-4) en wat veiligheid en rus gee (vers 11). Hy roep om erkenning (vers 3).

3.5.9 Opsomming

Die volgende verhoudingsterme is ondersoek:

bha (liefde) in vers 1 en 4; [dy (erken) in vers 3; bWV (bekeer / terugkeer) in vers 5; en drj (hulle sal sidderend aankom) in vers 10 en 11.

Die volgende resultate is bereik:

- Die *histories-teologiese beskuldiging* in Hosea 11:1-11 plaas bha (liefde) en arq (roep) in vers 1 deur 'n sinonieme parallelisme naas mekaar sodat bha ook die konnotasie

⁴⁵³ Vergelyk die bespreking van die Baäl problematiek by 6.3 hierbo.

van soek het (vgl Bespreking van struktuur by 3 hierbo)⁴⁵⁴. Jahwe se liefde “soek” om wederliefde. Die verdere arg van die profete in vers 2 en 7 is gebore vanuit hierdie wundersoekende liefde van Jahwe.

- b. Die chiasme in 4a maak dat die **בעבות אהבה** (met koorde van liefde) deur die gepaardgaande sinonieme frase **בחליל אדם** (met mensebande), gelees moet word as ‘n mensgerigte handeling (vgl 3.5.4.3 hierbo). Hoewel Jahwe se liefde dus קדוש (heilig / goddelik) is, is dit egter ook *menslik* (*menssoekend* en *mensgerig*)⁴⁵⁵.
- c. Hoewel die woord *bha* in vers 8-9 ontbreek, word die innerlike worsteling in die *bl* (hart) van Jahwe semanties betrek en dien die woorde *Eph* (*my hart* is omgekeer) en *rmk* (*my medelye* is opgewek) ter betekenisverryking tot *bha* (vgl 4.3 hierbo, asook 4.4 (vi)a)⁴⁵⁶. Jahwe, die Heilige se *menssoekende* liefde is daarom ook *medelydend* en *kwesbaar*.
- d. Die *bha* van Jahwe roep om [dy] (erkenning)⁴⁵⁷. Deur die gebruik **וילא** saam met [dy] as respons op Jahwe se liefde, kry [dy] die betekenis van kennis / aanvaarding / positiewe erkenning van Jahwe se liefde.⁴⁵⁸

⁴⁵⁴ Vgl Figuur 5 hieronder.

⁴⁵⁵ Idem.

⁴⁵⁶ Idem.

⁴⁵⁷ Vgl Figuur 5 hieronder.

⁴⁵⁸ Vgl 4.3 hierbo.

- e. In vers 5, kry die weiering om te **bּוּנָה** (bekeer / terugkeer) die betekenisnuanse *om weg te wees van Jahwe se teenwoordigheid*, aangesien Israel se versuim om te bekeer, uitloop op Ballingskap by Assur. Die woord **דְּרֵךְ** (hulle sal sidderend aankom) in vers 10 en 11 word binne dieselfde semantiese veld as **bּוּנָה** gebruik.⁴⁵⁹ Die chiasme in vers 10 stel **דְּרֵךְ** sinoniem aan **אַחֲרֵי יְהוָה יָלֹכְךָ** (hulle sal agter Jahwe aan trek). Die betekenis van **דְּרֵךְ** en **bּוּנָה** is dus per implikasie om agter Jahwe aan te trek en nie (langer) agter die Baäls nie.⁴⁶⁰
- f. Jahwe wys vervolgens sy kwesbare *liefdeshart* in vers 8-9 waarna die verlangde respons op hierdie liefdesuiting volg in vers 10-11, naamlik **דְּרֵךְ** (met siddering naderkom / agter Jahwe aan trek / Hom na te volg)⁴⁶¹.
- g. Binne die status-/skandekultuur het Jahwe Israel uitgedaag (*challenge-response*) om op sy **bּחֶן** (liefde) en dade van liefde te antwoord (verse 1-4, 8-9). Die velangde “response” is **bּוּנָה** (bekering), **דְּרֵךְ** (met siddering aankom / terugkeer) en **[דְּבָרִים]** (erkennung)⁴⁶².

Die interaktiewe werking van die verhoudingswoorde kan as volg uitgebeeld word:

⁴⁵⁹ Vgl Hoofstuk 3.2 Figuur 2.

⁴⁶⁰ Vgl 4.3 hierbo.

⁴⁶¹ Vgl 7 hierbo en Figuur 5 hieronder.

⁴⁶² Vgl 6.2 hierbo.

